'N KRITIES-WYSGERIGE STUDIE VAN DIE GODSDIENSFILOSOFIE VAN KARL JASPERS MET 'N BESONDERE VERWYSING NA SY OPENBARINGSBESKOUING

Verhandeling

ingelewer by die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

in die

Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte

deur

B. J. SCHUTTE

ter verkryging van die graad

MAGISTER ARTIUM

Leier: Prof. dr. H. G. Stoker

DESEMBER 1969

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
	ERKENNING	
HOOFSTUK 1:	INLEIDING	1
HOOFSTUK 2:	DIE EKSISTENSIEFILOSOFIE VAN JASPERS	4
	1. Dasein	11
	2. Bewusstsein überhaupt	11
	3. Geist	12
	4. Existenz	12
	5. Welt	17
	6. Transzendenz	18
	7. Vernunft	21
HOOFSTUK 3:	FILOSOFIE EN GODSDIENS	26
	1. Grondtrekke van die godsdiens	28
	2. Die grondtrekke van die filosofie	30
	3. Analogieë tussen godsdiens en filosofie	32
	4. Samehang tussen filosofie en godsdiens	35
	5. Die reële konflik tussen godsdiens en filosofie	37
	6. Filosofie voer 'n drieërlei stryd teen godsdiens (samevattend)	41
	7. Teen die "Auschliesslichkeitsanspruch" van die Bybelse godsdiens	44
	8. Die metamorforse van die Bybelse godsdiens	47
HOOFSTUK 4:	DIE TRANSENDENTE OPENBARING EN GELOOF	52
	1. Transendente openbaring	52
	2. Geloof	56
HOOFSTUK 5:	SAMEVATTING	59
HOOFSTUK 6:	ALGEMENE KRITIESE OPMERKINGE	64
	1. Inleiding	64
	2. Die religieuse grondmotief in die denke van Jaspers	65
	3. Die verhouding God en mens	71
	4. Kommunikasie	77
	5. Die twee-terreine-leer	78
HOOFSTUK 7:	KRITIEK OP JASPERS SE GODSDIENSBESKOUING	80
HOOFSTUK 8:	KRITIEK OP JASPERS SE OPENBARINGSBESKOUING	93
HOOFSTUK 9:	SAMEVATTING EN SLOT	110
LITERATUURLYS		113

ERKENNING

By die voltooiing van hierdie verhandeling en die bereiking van hierdie mylpaal, voel ons 'n spontane behoefte om aan ons innige dankbaarheid uiting te gee.

Allereers teenoor God wat ons weg tot hiertoe gebaan het. "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid."

Dankbaarheid teenoor almal wat tot ons akademiese vorming bygedra het. Allereers is dit die behoefte van ons hart om teenoor u, hooggeagte Prof. dr. H.G. Stoker, ons opregte dank en waardering te betuig vir u uiters bekwame en inspirerende leiding wat ons van u ontvang het. Om aan u voete te kon sit, beskou ons as een van die grootste voorregte wat ons toebedeel is. Ons is dankbaar nie alleen vir die voorligting en leiding wat ons van u ontvang het, maar die persoonlike omgang met u het ons in baie opsigte verryk. Omdat ons die lesings en voorligting in u studeerkamer ontvang het, was dit ook ons voorreg om mev. Stoker te ontmoet en iets van haar dienende sorg te smaak. Ons opregte dank en waardering, mev. Stoker.

Ook aan ander professore van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. van wie ons baie geleer het, ons hartlike dank. Hier wil ons in besonder noem Prof. dr. J.A.L. Taljaard en Prof. dr. P.G.W. du Plessis (tans van die R.A.U.).

Die hulp van die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek word hoog waardeer.

'n Woord van dank teenoor mev. Marlene Kromberg vir die taalversorging van 'n deel van die verhandeling. Teenoor die firma Hennie's Secretarial Services van Pretoria ons hartlike dank vir uitstekende tikwerk wat deur hulle gedoen is.

Aan my eggenote en kinders, baie dankie vir al hulle liefde, aanmoediging en geduld.

Aan my ouers 'n besondere woord van diepe erkentlikheid vir hulle liefde en gebede. Graag wil ons dan hierdie werk uit dankbaarheid en erkentlikheid aan hulle opdra.

B.J. Schutte.

Bryanston,
Desember 1969.

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Karl Jaspers wil graag aan die moderne mens in die krisis waarin hy verkeer, 'n weg aanwys na 'n betere toekoms, 'n weg waarin die filosofie en wat Jaspers onder Bybelse godsdiens verstaan, hand aan hand moet gaan om vir 'n sedelik- en geestelik ontwrigte Europa nuwe bane te open. Jaspers hou hom intens besig met die Transendente en sy Chiffre, met godsdiens en geloof. Hy wys daarop dat die verlies van die godsdiens bring 'n algehele verandering en insinking teweeg. Met die verdwyning van die godsdiens, verdwyn die eintlike werklikheid. Die mens word 'n prooi van skepsis, radeloosheid en fanatisme, Maar die kerklike godsdiens het kragteloos gewoord, aldus Jaspers. Die godsdiens is soos 'n figuur wat nog glansend daaruit sien, maar innerlik het dit verval. Een stoot en dit stort sonder weerstand in duie.[1] Hieruit is dit duidelik dat Jaspers nie die godsdiens verwerp nie maar hy plaas alle godsdienste, ook die Bybelse godsdiens, onder die ban van die kritiek van sy wysgerige geloof.

Vir Jaspers is die godsbestaan 'n voorwaarde vir die mens-wees. Maar die vorme waarin die mens probeer om op God vat te kry, is van meet af aan gedoem omweer onder te gaan. God laat Hom nie begryp nie. Tot Sy wese behoort die verborgenheid. Hy is in elke opsig onkenbaar. 'n Syn wat prinsipieel buite die grense lê wat deur die mens geken kan word. As die transendente het God nooit 'n historiese aanwesigheid nie, nóg op die wyse wat deur die Christelike Woordopenbaring verkondig word, nog op 'n ander wyse. Teenoor ander eksistensie filosowe wat die ateïstiese konsekwensies trek, dat dit sinloos is om te soek na 'n goddelike grond vir die wêreld, die eksisterende bestaan, want dit is 'n bestaan ten dode wat prysgegee is aan sy eie nie-syn. Hierteenoor stel Jaspers die noodsaaklikheid, as die mens nie aan vertwyfeling wil ondergaan nie, van 'n goddelike, ewige Syn wat buite elke twyfelagtige historiese eksistere lê. Jaspers beweer selfs dat die mens alleen waarlik kan eksisteer "in die geloof" aan God. Hy wys daarop dat die rasionalistiese loëning van God se bestaan, selfs waar dit radikale vorme aangeneem het, byvoorbeeld by Nietzsche, nie buite 'n absolute en ewige syn moontlik is nie. 'n Syn wat dan ten onregte in hierdie wêreld, in die Übermensch, in die vooruitgang van die kultuur gesoek word.. Geen soewereine spontaneïteit kan die moontlikheid van 'n sinvolle mens-wees afdwing nie. My mees eie vryheid ervaar ek as 'n geskenk van die Transendente, aldus Jaspers. Dit wil sê, deur

---

1. Vgl. K. Jaspers, Existenzphilosophie, Berlin, Leipzig, 1938, p. 75.

iets of iemand wat buite my is, gegee. Iets of iemand wat in religieuse taal "God" genoem word. Hiermee wil Jaspers geen godsbewyse gee nie. Hy wil slegs aantoon dat fakties steeds, as 'n voorwaarde wat aan die moontlikheid van die eksistere ten grondslag lê, die geloof aan God se bestaan. Jaspers het God nodig. Jaspers het behoefte aan God.

Ons wil in hierdie studie aantoon dat Jaspers tot die sekularisme behoort, maar die sekularisme in sy derde stadium.[2] Prof. Stoker maak 'n onderskeid tussen sekularisasie en sekularisme. Wat die sekularisme betref onderskei hy drie fases. Die sekularisme in sy eerste fase, soos dit sig byvoorbeeld tydens die Verligting vertoon, verloor op die onderskeie lewensterreine die samehang tussen God aan die een kant en die mens en die wêreld aan die ander kant uit die oog. Asook religieuse geloof in die openbaring van God aan die een kant en waarneming en denke aan die ander kant. Die "eiestandigheid" van die wêreld en mens word tot 'n selfstandigheid teenoor God. Met die verselfstandiging van wêreld en mens teenoor God is daar vir sy regering, bestiering, "immanensie" eintlik geen plek meer nie. Die teïstiese tendens word nou deur 'n deïstiese vervang.

In die tweede helfte van die 19de eeu gaan sekularisme in sy tweede fase oor. Op die onderskeie lewensterreine word die "selfstandigheid" van die kosmos (of iets in die kosmos) en van die mens nou absoluut gestel. Hiermee gaan 'n religieuse skeptisisme, agnostisisme en ateïsme gepaard. Die geloof aan die Woordopenbaring van God word as bygeloof bestempel. Die laaste heil word van die mens, van sy rede, van die feite, van die materie ens. verwag. Met hierdie verabsolutering gaan 'n usurpasie gepaard. Die verskeidenheid van die wêreld word aan die betrokke sekularistiese verabsoluterings onderwerp.

Die derde fase van die sekularisme vind ons in die huidige tyd. Die erfenis van die tweede fase van die sekularisme blyk in die huidige krisis onhoudbaar te wees. Van die betrokke verabsoluterings waarop alle vertroue gevestig is, word die mens al meer ontnugter. Talryke oorsake, waaronder die skokke van twee wêreldoorloë dra daartoe by. Die besef breek al meer deur hoe sinloos 'n ontgoddelike wêreld, 'n ontgoddelike mens, 'n ontgoddelike kultuur is. Die mens weet nie meer wie hy is nie en wat die sin van homself en die wêreld is nie. God word nou weer nodig. Die mens gaan vir die religieuse weer oop. Orals

---

2. Sien artikel van Prof. H.G. Stoker, Eenheid van die Wetenskap 'n ensiklopediese besinning. S.A. Akademie, Nr. 3, 1967, p. 83.

Sien ook J.A. Heyns, Sterwende Christendom. 'n Teologie in die greep van die tydgees. Tafelberg Uitgewers, 1969, p.19.

val die wending van die mens na die 'irrasionele' op. Maar die "God" wat in hierdie derde fase van die sekularisme gevind word, is 'n gesekulariseerde "God", 'n krag, 'n faktor, 'n waarde in hierdie wêreld. Die godsdiens word 'n gesekulariseerde godsdiens in diens van die mens, van sy menswaardigheid en sy medemenslikheid.

Die eksistensiefilosofie is die filosofie van die moderne lewensgevoel.[3] L. Gabriel het die opmerking gemaak dat die eksistensiefilosofie in die traktaat oor die angs gebore is.[4] Dit is nie oordrewe om te beweer dat die eksistensiefilosofie uit die angs gebore is nie. Angs is 'n kenmerk van Godverlatenheid (die erfenis van die sekularisme in sy tweede fase). Die filosofie van Jaspers ken hierdie angs, ken die dood, lyding, skuld, ken die "grenssituasies", nie maar in die algemeen nie, maar as "my" angs, "my" dood, "my" skuld, "my" lyding, "my" "Geworfenheit" in die situasie wat ek nie kan ontwyk nie, maar terselfdertyd is hierdie filosofie bewus van 'n werklikheid anderkant die grense en op die grense van die mens se bestaan (dit is die derde fase van die sekularisme). Hierdie filosofie vertoon weer 'n openheid teenoor 'n transendente werklikheid, in teenstelling met die filosofie uit die tweede fase van die sekularisme wat 'n onverbiddellike geslotenheid vertoon het. Waar die mens eers sy geloof in God verloor het (God is dood) word dit by Jaspers weer 'n soeke na God. Die lewe het enkel sin as dit op God gerig is. Die geloof in die ene God, ons laaste en enige toevlug, is 'n wysgerige geloof, 'n transendering van my eksistensie wat steeds weer verwerf moet word. In die filosofere ervaar die eksistensie die werklikheid van die Transendente wat hom slegs aankondig (sy Chiffre). Vanuit hierdie polariteit van eksistensie en Transendente met die klem op eersgenoemde moet al sy beskouinge, ook sy godsdiensbeskouing verstaan word.

---

3. Sien J. Severijn e. a. Denkers van deze tyd II. Wever Franeker, p. 139.

4. Sien Leo Gabriel, Exist nzphilosophie, Wien, 1950, p. 226.

HOOFSTUK 2

DIE EKSISTENSIEFILOSOFIE VAN JASPERS

Die filosofie beklee vir en by Jaspers 'n uitsonderlike posisie. Daar is geen voorbeeld wat die filosofie kan navolg nie. Daar is geen outoriteit wat aangehang kan word nie. Nêrens kan die waarheid as leer ontvang word nie. Sy heil is aan geen histories-gegewe woordopenbaring te dankè nie. "Er muss selber prüfen. Er muss für sich die Verantwortung auf sich selbst nehmen."[1] Filosofie beteken onderweg te wees. Die vrae is van meer betekenis as die antwoorde. "Die Philosophie führt auf dem Weg der sie ist. Die Philosophie selbst ist nicht der Halt. Halt ist nur das Eine, die Transzendenz, Gott. Das aber und was der Halt ist zeigt sich auf dem Wege des Philosophierens in je einmaliger unvertretbarer Weise."[2] Die soeke na waarheid, nie die besit daarvan nie, is die wese van die filosofie. Die waarheid staan vir hom in verband met die praksis van die lewe. Daarom ontstaan die grondvrae van die filosofie uit die lewe en word sy gestalte aan die "geschichtlichen Situation" gemeet. Maar hierdie situasie staan in kontinuïteit met die oorlewering.

Vir Jaspers is die filosofie geen wetenskap nie, hoewel die filosofie op die wetenskap aangewys is. Elke wetenskap het 'n voorwerp of "Gegenstand" en bied aan ons dwingende, algemeen geldige kennis. Wetenskap is partikulier. "Nicht das Ganze des Seins erfasst, dass sie nicht totale Seinserkenntnis, sondern jeweils spezifische Sacherkenntnis ist."[3] Maar die wetenskap kan nie antwoord op die vrae na die syn nie. Op wesenlike en ewige vrae kan die wetenskap geen antwoord gee nie. Waarom is die wetenskap "überhaupt"?, so vra Jaspers. Hy verstrek drie antwoorde. Daar is 'n drang by die mens om te ken wat kenbaar is; die wetenskap het 'n geweldige werking. "Erst durch Wissenschaft erwächst ein gesteigertes geschichtliches Situationsbewusstsein, lebe ich wirklich in der geistigen Situation meiner Zeit."[4] Ons moet ons na die wetenskap wend om te ervaar dat dit wat in die wetenskap lewe en wat dit aandryf self nie dwingende kennis is nie. "Die Ideen, die der Endlosigkeit Herr werden, die Auswahl des

---

1. K. Jaspers, Von der Wahrheit Philosophische Logik, Erster Band. R. Piper & Co. Verlag, München, 1947, p. 965. Voortaan verkort tot Wahrheit.

2. K. Jaspers, Wahrheit, p. 966.

3. K. Jaspers, Rechenschaft und Ausblick. R. Piper & Co. Verlag München, 1951, p. 348. (Voortaan verkort tot Rechenschaft).

4. K. Jaspers, Rechenschaft, p. 349.

Wesentlichen der Zusammenhalt des Wissens im Kosmos der Wissenschaften, das alles ist nicht Wissenschaftlich einsehbar, aber kommt nur durch Wissenschaften zum hellen Bewusstsein."[5] Vryheid in die wetenskap bring mee vryheid van "Wissenschaftsaberglauben!". Hieronder verstaan hy die verabsolutering en skynkennis. "Durch die freie Bemächtigung der Wissenschaft soll ich offen werden für das was mehr ist als Wissenschaft, aber erst auf dem Wege über sie klar werden kann."[6] Die wetenskap stoot oral op grense wat hy self nie meer kan oorskry nie. Die wetenskap het 'n "übersteigenden Philosophie" nodig wat dit kan "erhellen". Die filosofie het die wetenskap ook nodig. Die filosofie bou op die wetenskap, wys hom op sy grense en stel 'n ruimte daar waarin net die filosofiese geloof die gevaar van die "Wissenschaftsaberglaubens" kan uitban. "Wissenschaft ist unerlössliche Bedingung des Philosophierens."[7] Maar die filosofere bewys sy egtheid in sy eie vryheid en volmag deur die lig wat dit van die "Umgreifenden" opvang. "Ganze Philosophie ist wesentlich das Konzentrierende worin der Mensch er selbst wird, indem er der Wirklichkeit teilhaftig wird."[8] Filosofie is dus, hoewel dit aan die wetenskap gebonde is, iets heeltemal anders as die wetenskap. "Gibt sich Philosophie als Wissenschaft, so kann sie sich durch Keinen Gegenstand legitimieren."[9] Gemeet aan die wetenskap bly die filosofiese denke in die lug sweef. "Der Philosophie einen Gegenstand in einem anderen als einem gleichnishaften Sinn zu geben ist fälschliche Übertragung."[10] Maar die filosofie kan tog sonder 'n "Gegenstand" nie een skrede neem nie. "Wenn auch kein Gegenstand der ihr spezifisch eigene ist, so bewegt sie auch in allen Gegenständen, ohne sie als nur solche zu meinen. Gegenstände verwandeln sich im Philosophieren, das in ihnen über sie hinausschreitet."[11] Filosofie is 'n bepaalde eiesoortige denke. "Sie ist das Denken indem ich das Seins selbs inne werde, durch inneres Handeln, oder sie ist das Denken den Aufschwung zur

---

5. K. Jaspers, Rechenschaft, p. 349.

6. K. Jaspers, Rechenschaft, p. 349.

7. K. Jaspers, Der Philosophische Glaube. R. Piper & Co. Verlag München, 1948, p. 132. (Voortaan verkort tot Glaube).

8. K. Jaspers, Vernunft und Existenz. 3. Auflage Johs. Storm Verlag, Bremen, 1949, p. 85. (Voortaan verkort tot Vernunft).

9. K. Jaspers, Philosophie. Zweite unveranderte Auflage, Springer-Verlag, Berlin/Göttingen/Heidelberg, 1948, p. 272.

10. K. Jaspers, Philosophie, p. 273.

11. K. Jaspers, Philosophie, p. 273.

Transzendenz vorbereitet, erinnert und in hohen Augenblick selber vollzieht als ein denkendes Tun des ganzen Menschen."[12]

Die doel van die wetenskap is "Gegenstandserkenntnis" en die doel van die filosofie is die "Sichselbstverstehen der Existenz als einzelner in der Erscheinung des Weltdaseins."[13] Hieruit is dit duidelik dat die filosofie volgens Jaspers slegs in die transendere bestaan. Filosofie "überschreitet" die "Gegenständlichkeit". "Weil kein Sein, das als erforschbarer Gegenstand gegen wäre, als das eigentliche Sein haltbar ist, muss Philosophie über alle Gegenständlichkeit transzendieren."[14] Die eintlike transendere is "hinausgehen über das Gegenständliche ins Ungegenständliche."[15] "Transzendieren ist kein Tatbestand der mit dem Dasein gegeben wäre, sondern eine Möglichkeit der Freiheit in ihm. Der Mensch ist als das Dasein in dem mögliche Existenz sich erscheint, er ist nicht nur da, er kann transzendieren, und er kann es unterlassen."[16]

Omdat die filosofie in onderskeid van die wetenskap denke sonder spesifieke"Gegenstand"is, so het dit, omdat geen denke sonder"Gegenstand"moontlik is nie, as sy materiaal alles wat as blote objektiwiteit in die wêreldoriëntering van die wetenskappe voorkom . Wat is die regte verhouding tussen filosofie en wetenskap? "Es gibt keinen eigentlichen kampf zwischen Philosophie und Wissenschaft, wohl aber einen Kampf um echte Wissenschaft und um echte Philosophie in welchem beide verbindet sind."[17] Die stryd word gerig teen die grensoorskryding, as die wetenskap van dwingende kennis homself verabsoluteer tot kennis van die syn. Maar aan die anderkant word die stryd ook gerig teen die onkritiese filosofie as dit hom as wetenskap aandien.

Die sentrale begrip vir Jaspers is dié van die "Umgreifenden". "Das Sein im Ganzen ist nicht mehr durch eine Ontologie begrifflich wissbar, sondern es ist zuletzt nur erhellbar als der umgreifende Raum und als die Räume, in denen alles Sein uns entgegenkommt."[18] Die "Umgreifende" is die werklikheid wat alle bepaalde werklikheid te bowe gaan. Die "Umgreifende" word nooit as

---

12. K. Jaspers, Rechenschaft, p. 350.
13. K. Jaspers, Philosophie, p. 275.
14. K. Jaspers, Philosophie, p. 32.
15. K. Jaspers, Philosophie, p, 33.
16. K. Jaspers, Philosophie, p. 33.
17. K. Jaspers, Philosophie, p. 281.
18. K. Jaspers, Existenzphilosophie, p. 17.

horison sigbaar nie, maar alle nuwe horisonte kom daaruit te voorskyn. Die "Umgreifende" is dit wat hom slegs aankondig in die voorwerplike en in die horisonte maar wat nooit voorwerp word nie.

Net soos Heidegger wil Jaspers die werklikheid (syn) vry hou van elke dogmatiese benadering. Daarom wys albei die metafisika af. Albei verwerp die ontologiese oplossing van die synsvrae. Elke ontologie objektiveer en verbesonder dit wat prinsipieël alle kennis oorskry. Elke ontologiese leer is "wie ein Leichnam des Gedankens", omdat dit die "Verabsolutierung diese Partikularen" voltrek, wat net as simbool of Chiffre 'n moontlikheid tot eksistensiële toe-eiening kan hê.

Teenoor die ontologie stel Jaspers die Periechontologie as leer van die Omvattende. Hierby gaan Jaspers op 'n begrip terug wat aan die voorsokratisi ontleen is. By Heraklitus dra die begrip"periechon"die betekenis van die verbergende Logos waarvan die mens geen kennis kan verkry nie en tog is alle kennis daarvan afkomstig. Anaxogoras het ook nog die begrip van oneindigheid hieraan geknoop. Albei betekenisse word deur Jaspers oorgeneem as die "Alloffene" en "Allvernünftige" en voor alles het hy die "ganz Gegenwärtige" met die eksistensiële beslissing saamgevoeg.

Terwyl die ontologie glo dat die syn bemagtig kan word en in analogiese wesenstrekke 'n sisteem van die syn kan postuleer, antwoord die periechontologie met 'n verwysing op dit waarin die syn ontmoet word en waarin sy aanspraak aan ons bekend gemaak word. Ons kan die Omvattende nie so omvat dat ons daarvan 'n sisteem kan aflei nie, maar ons stel ons tevrede met 'n sistematiek van die synde, terwyl ons dit wat ons hier en nou ontmoet in sy oorspronklike betrekkinge trag te verlig. "Das Sein bleibt für uns ungeschlossen". Ons word omvat en alles wat ons ontmoet, wys na 'n verborge Ganzheit van die Omvattende. Vir elke begrip wyk die werklikheid terug. Nooit en nêrens kan die werklikheid deur die mens beslissend, finaal toegeëien word nie. Tog maak hierdie ontnugterde mens die ontdekking dat die werklikheid nie slegs voor hom terugwyk en verdwyn nie, maar dat die "in der Transzendenz standhält". Die mens ervaar slegs 'n "Widerstand" wat as "Zeugnis" van die Omvattende hom laat "erhellen". Net die menslike is vir die "Erhellung" toeganklik; nie deur 'n direkte begrip nie, maar deur 'n indirekte aanspreek en appél. Die"Erhellen" van die Omvattende dui nie op 'n kennisbesit nie, maar op 'n swewende "Innewerden". In die vrye innerlike handele wil die mens die oorsprong van die werklikheid ontdek. Hierdie filosofere geskied nie deur die geïsoleerde enkeling nie, maar word voltrek in die kommunikasie van mens tot mens. "Theses

meines Philosophierens ist; der einzelne Mensche für sich allein kann nicht Mensch werden. Selbstsein ist nur in Kommunikation mit anderen Selbstein wirklich. Allein versunke ich in dumpfe Verschlossenheit, nur gemeinsam mit dem Andern vermag ich offenbar zu werden in der Bewegung gegenseitigen aufschliessens. Die eigene Freiheit kan nur sein wenn auch der andere frei ist."[19] Filosofiese waarheid is 'n funksie van die kommunikasie met myself en met ander. Die ware filosofie kan slegs in die gemeenskap tot Dasein kom. "Das unobjektivierbare Mass der Wahrheit alle Philosophierens ist jederzeit die durch es erhellte und bewirkte Kommunikation."[20]

Daar is vir Jaspers 'n radikale verskil tussen die dogmatiese filosofie en die filosofie van die vryheid. By eg. kry ons 'n binding aan 'n "inhaltliches Aussagen vom Sein" en by lg. die binding aan "existentielle Entscheidung". By eg. gaan dit om 'n objektiewe waarheid wat dwingend geld en by lg. gaan dit om die "Reinheit der Seele, um Offenheit und Kommunikation, um die Liebe der geschichtlichen Unbedingtheid."[21] By eg. is die filosofie 'n afgeronde objektiewe totaliteit, maar by lg. is dit 'n kommunikasiemiddel in diens van die "Existenz". Aan die eenkant kry ons die sistematiese arbeid, dit is die "Philosophieren im Weltbildern". Hier staan die teorie op die voorgrond. Aan die anderkant kry ons die "Philosophischen Leben der Existenz". Hier bestaan die teorie nie meer nie. Die denkmiddel van die filosofiese lewe van die "Existenz" besit 'n eie karakter waarby die algemeen geldigheid wegval. En tog moet die filosofiese lewe van die "Existenz" hom uitspreek en dit kan nooit anders as met objektiewe inhoud en in algemene sin nie. Of, en dit is die ander moontlikheid, die "Existenz", moet swyg. Wat doen Jaspers nou? "Gleichwohl begnüge ich mich philosophierend nicht mit dem Schweigen."[22] Die filosofiese lewe van die "Existenz" sweef tussen die objektiverende algemene en die eksistensiële besondere, maar wil alleen die middel tot kommunikasie wees. So stig die filosofie 'n menslike gemeenskap, 'n "onsigbare kerk", wat hy 'n "corpus mysticum", 'n mistieke liggaam in die anonieme ketting van vriende, noem.[23]

---

19. K. Jaspers, Rechenschaft, p. 352.

20. K. Jaspers, Philosophie, p. 396.

21. K. Jaspers, Philosophie, p. 281.

22. K. Jaspers, Philosophie, p. 281.

23. Vgl. K. Jaspers, Die geistige Situation der Zeit (1931). Zweiter unveränderter Abdruck der im Sommer 1932 bearbeiteten S. Auflage. Walter de Gruyter & Co., Berlin, 1949, p. 195. (Voortaan verkort tot Situation).

Ons het reeds daarop gewys dat dit by Jaspers nie gaan om kennis wat deur objektiverende denke verkry word nie. Hy wys die "innerlike handele" as die weg tot kennis aan. So staan die "kenne" van die "kenne" van die ouere filosofie teenoor die "innerlike handele" van die nuwere filosofie. Deur laasgenoemde filosofiese grondoperasie wil Jaspers die selfbewussyn van die mens losmaak van die objektiverende denke en wete om in die vorm van die voorwerplike iets onvoorwerpliks te dink.[24] Jaspers maak gebruik van die dialektiek: dit wat eers deur die denkkategorieë gestel is, word weer transenderend genegeer. Die objektiewe werklikheid van die kategoriese denke word gebruik maar tewens agtergelaat om deur te dring tot die ondenkbare van die Transendente. Die filosofie van Jaspers bestaan dus in die oorskryding van bepaalde grense wat hy verstaan as 'n sprong. Waar hierdie transendering nie plaasvind nie, is daar geen filosofie nie.[25] Hierdie transendering is die hart van sy filosofie. Wat word met hierdie akt bereik? Niks, in die sin van algemeen geldige kennis van die syn nie. Die akt van transendering beteken 'n μετανοια, 'n verandering van die bewussyn van die syn. Hierdie akt van transendering bevry die denke wat in sekerhede gedompel is en roep die mens tot sy ware bestaan op. Transendering beteken die oorskryding van die grense van objektiwiteit in die soeke na die syn wat homself in die objektiwiteit aankondig sonder om die objektiwiteit self te wees. "..... in der Form des Gegenständlichen das Ungegenständliche zu denke."[26] Filosofie as die soeke na syn is 'n oneindige transendering aan die grense van die wêreld, rondtastend na die terugtrekkende syn. Die syn is transendent, daarom kan die mens dit nie ken nie en in 'n definisie tot uitdrukking bring nie. Denke lei tot 'n appél op my ware eksistensie. Daarom is filosofie 'n "Existenzerhellung" en nie 'n dogma van die eksistensie en sy metafisika nie, 'n dogma van die Transendente nie (Ontologie). 'n Ontologie is 'n miskenning van die transendering en daarom verraad aan die eksistensie en Transendente, aldus Jaspers.

Die denke waardeur die mens homself kan word, realiseer hom in vier rigtinge: wanneer dit rekenskap gee van die bestaan van die wêreld, is dit filosofiese wêreldoriëntering; wanneer dit hom rig op die mens self as moontlikheid en vryheid, is dit eksistensie-verheldering; wanneer dit hom rekenskap gee van die

---

24. Vgl. K. Jaspers, Wahrheit, p. 40.

25. Vgl. K. Jaspers, Philosophie, p. 39.

26. K. Jaspers, Wahrheit, p. 40.

syn self, is dit metafisika en as selfrefleksie van die wete is dit filosofiese logika.[27]

Ons het reeds gewys op die sentrale begrip in die filosofie, die Omvattende wat hom slegs aankondig in die voorwerplike en in die horisonte, maar dat dit nooit voorwerp word nie. Die Omvattende splits hom, volgens Jaspers, in die wyses van die Omvattende. Die Omvattende tree op twee wyses op: die Omvattende waarin die Syn self verskyn, word die wêreld genoem. Die Omvattende wat ek self of ons is, word bewussyn "überhaupt" genoem. Met laasgenoemde, wat Jaspers aan Kant ontleen het, bedoel hy die bewussyn in die onbepaaldheid van die selfbewussyn. Nie die bewussyn in konkrete voorstellinge en begrippe nie, maar van daar waar die bepaalde ophou en die self transendent neig te word. Die Omvattende wat ekself is, is met bewussyn "überhaupt" nie uitgeput nie. Ek is ook "Dasein", dit is bestaan, aanwesig wees, die volheid van ons gewone alledaagse daar te wees. Die bewussyn word deur die "Dasein" gedra. Jaspers onderskei nog 'n derde wyse: ek is ook werksaam as gees. Die gees is die draer van die ideële totaliteite, wat alles tot totaliteite verbind. So verskyn die Omvattende wat onsself is, in drie wyses: as bewussyn "überhaupt", as "Dasein" en as "Geist". Hierdie wyses van die Omvattende omvat die immanente as dit wat ekself is (Dasein, bewussyn überhaupt, gees) en dit wat vir my voorwerp word (wêreld). Hierdie immanensie is nie genoegsaam nie, maar wys op iets anders. Hier kom die tweede kernbegrip in Jaspers se filosofie navore: transendering. Die sprong uit die immanensie word deur die mens voltrek naamlik van die wêreld op die godheid (Transendente); van die Dasein, van die bewuste gees op die eksistensie. Voorts word nog 'n dubbele wyse van die Omvattende vir ons duidelik as ons na die grond en na die band vra van alle wyses van die Omvattende in die mens. As grond gee Jaspers ons moontlike eksistensie aan, terwyl die Vernunft wat in die vele die eenheid soek, die band is tussen alle wyses van die Omvattende.

In sy groot werk "Von der Wahrheit" het Jaspers dit soos volg skematies weergegee:

---

27. Vgl. K. Jaspers, Philosophie, p. 45 v.

	Das Umgreifende das wir sind	Das Umgreifende das das Sein selbst ist
Das Immanente	Dasein Bewusstsein überhaupt Geist	Welt
Der Transzendenz	Existenz	Transzendenz

Vernunft
Der Band aller Weisen des Umgreifenden in uns.

Oor elk van hierdie wyses van die Omvattende iets ter toeligting.

1. Dasein

Die Dasein is by Jaspers baie meer beperk as by Heidegger; hoewel dit as Omvattende oop is vir die "Ganze". So kan ook Jaspers sê dat die "Mensch im Daseim mögliche Existenz ist" en dat die "Unbefriedigung am Dasein" tot die deurbraak van die Existenz kan lei. 'n Groot deel van die mensheid kom nooit bo die lewe as Dasein uit nie. Die sorge vir lewe en brood, eer en mag neem hulle totaal in beslag. Waar Heidegger in die Dasein die laaste ruspunt vind, daar kan Jaspers die Dasein nie so hoog aanslaan nie. Dasein is vir Jaspers die kontingente skuiling van die eksistensie.[28] Jaspers beklemtoon die belangrikheid van die mens as "Dasein". Waar die Dasein op ander wyses van die Omvattende bokant homself heenwys, bly dit tog in sy grond dit waaruit al die ander hul lewe neem. In hom word al die ander wyses van die Omvattende "zur Erscheinung" gebring.[29]

2. Die bewussyn überhaupt

Met die bewussyn überhaupt word die horison van die waarheid geopen; Dasein kan nie onwaar wees nie. Dit is óf daar óf nie daar nie. Maar waar die bewussyn überhaupt ontwaak het, daar kom "Spruch" en "Widerspruch" na vore. Die stryd van die Dasein is gemik op onderwerping, maar waar die bewussyn überhaupt hierdie stryd lei, gaan dit om bewysvoering. Die waarheid van die bewussyn überhaupt is nie die hele waarheid nie. Dit kan alleen objekte opmerk. Dit gee 'n analise van die faktiese toestand. Dit noem Jaspers "Daseinsanalyse."[30]

---

28. Vgl. Proefskrif van P.G.W. du Plessis, Opskorting van die Etiese, Die ontwerp van die etiese behore by M. Heidegger, K. Jaspers, J.P. en S. de Beauvoir, p. 49.

29. Vgl. K. Jaspers, Wahrheit, p. 63.

30. Vgl. K. Jaspers, Philosophie, p. 823.

Met die bewussyn überhaupt bevind die mens hom op die gebied van die objektiewe en algemeen geldige. Daarom gee dit nooit dié waarheid nie. Terselfdertyd wys die bewussyn überhaupt bokant homself uit omdat hy hom in die toewending tot die werklike Gegenstände in antinomië en splitsinge betrokke raak wat hy uit homself nie kan oplos nie. Die spanninge tussen identiteit en teenspraak, van subjektiwiteit en objektiwiteit, van denke en aanskouing kan nie deur die bewyssyn überhaupt oorwin word nie.

3. Gees

"Ganzheit" word eers op 'n hoër vlak ontsluit, wat Jaspers die Omvattende van die gees noem. "Geist ist das im Denken, Fühlen, Tun Zusammenhaltende Ganze, gegenwärtig als Führung, wirksam durch Gliederung, Grenzsetzung und Mass."[31] Die "Ganze" wat in alle wyses van die Omvattende aanwesig is, tree na vore as die "Ganze" van die Gees. Hierdie "Ganze" word deur Jaspers aangedui as idee. Die bewussyn überhaupt is soos 'n punt wat sy lig oor die Dasein uitbrei. Maar die gees, daarenteen, is in die idee "Zu Hause."[32] Idee is skema, aandrang, sistematiek. Nooit iets wat byderhand of voorhande is nie. "Die Idee ist Wahrheit die ich hervorbringe, indem sie aus einer Welt entgegen kommt."[33] Die Omvattende van die gees is teoreties en prakties in een. Dit is soos die denke ook 'n daad. Die gees bring 'n eie ryk navore wat in baie objektiwiteite aanskoulik word en ordening stig. Filosofie, kuns, reg, kultuur, gemeenskap, beroep is sulke geestelike "Ganzheiten". Die gees veronderstel die Dasein en bewussyn überhaupt, maar terselfdertyd wys dit ook weer vooruit na 'n nuwe dimensie van die werklikheid. As gees konkretiseer die mens die ideële in die werklikheid. So is dit die eintlike "Schöpferische" wat in die gees gehuisves word. Hierdie gees verander alles, die wêreld en homself deur middel van die denke in verstaanbaarheid. Dasein, bewussyn überhaupt en gees is elkeen op hul eie wyse die Omvattende, maar al drie is op die wêreld betrokke. Dog in die wêreld vind die mens geen rus: hy soek ten diepste sy selfwees; dit is sy moontlike eksistensie.

4. Eksistensie

Met die vraag na die eksistensie word "der Mittelpunkt des Philosophierens"[34] bereik. Die eksistensie is die "Seele" van die ander wyses van die Om-

---

31. K. Jaspers, Wahrheit, p. 71.

32. Vgl. K. Jaspers, Wahrheit, p. 612.

33. K. Jaspers, Wahrheit, p. 614.

34. K. Jaspers, Vernunft, p. 42.

vattende. Die eksistensie is nie die doel van die filosofie en ook nie die alles Omvattende nie, dit is die oorsprong van alle Omvattende, in die sin dat die eksistensie die verskillende omvattendes besiel. Omdat die eksistensie vir ons onderwerp van die grootste belang is, sal ons breedvoeriger hierby stilstaan.

Wat is "Existenz"? Streng gesproke, aldus Jaspers, kan die vraag nie so gevra word nie, want die eksistensie is nie iets of 'n ding wat in 'n definisie vervat kan word asof kennis van die eksistensie moontlik is nie. Ek kan alleen weet wat eksistensie is deur myself te wees wat ek vra. Die "estetiese" houding (om te weet) moet plek maak vir 'n "etiese" houding (om te wees). As sodanig is die eksistensie op geen enkele wyse 'n objek wat ondersoek kan word nie. Die mens as eksistensie is louter subjek. Eksistensie is in die lewe nooit iets voltooids, iets definitiefs, iets wat as eindpunt te bereik is nie. Die eksistensiële mens is altyd in wording, steeds op weg om sigself te word. "Existenz zeigt sich keinem ..... Wissen, keiner Feststellung, sondern nur der Existenz selbst, die für andere Existenz offen ist."[35] Dit beteken dat die eksistensie nie 'n definitiewe werklikheid is nie, maar 'n werklikheid wat moontlik is. Moontlike eksistensie kan werklik word waar die mens aan homself gegee is. Eksistensie is altyd in kommunikasie met eksistensie en eksistensie,is werklik wanneer die mens aan homself gegee is deur die Transendente. "Was Menschen zu Menschen Machen (ist) ..... die Kommunikation."[36]

Net soos Kierkegaard bedoel Jaspers dat die mens nie 'n gegewenheid is nie, maar 'n moontlikheid, "Aufgabe". Eksistensie moet derhalwe nie opgeneem word as 'n objektiewe "syn" nie,[37] maar 'n "te-syn". Die eksistensie verwerklik hom uit eie oorsprong kiesende in die tydelike historiese bestaan. Eksistensie is moontlik in die voortdurende proses van verwerkliking. Die eksistensie is werklik in die akt van realisasie, as keuse en beslissing. Na hierdie moontlike eksistensie behoort hy te transendeer.[38] Dit hang van sy eie beslissing af of hy die daad van transendere sal voltrek. Nadat ek beslis het, word dit my eers duidelik of ek myself geword het. Daarom kan nie vooraf bepaal word wat ek behoort te doen nie. In hierdie sin is elke keuse onvoorwaardelik, dit is vry. Wat is die moontlikhede en kan ek vrylik kies? Of is die moontlike eksistensie be-

---

35. K. Jaspers, Wahrheit, p. 77.

36. K. Jaspers, Wahrheit, p. 6.

37. Vgl. K. Jaspers, Philosophie, p. 333.

38. Vgl. K. Jaspers, Philosophie, p. 295.

grens in sy moontlikhede. Dit is inderdaad die geval! Die mens is moontlike eksistensie in sy Dasein en die Dasein is die verskyning van die eksistensie. Eksistensie is gebonde aan die Dasein. Eksistensie is "Geschichtlichkeit". Onder lg. verstaan Jaspers die eenheid van Dasein en eksistensie, nie as 'n definitiewe harmonie nie, maar as 'n taak wat oor en oor gerealiseer moet word. Eksistensie is gebonde aan die faktisiteit van sy Dasein, maar in sy gebondenheid soek eksistensie sy realisasie. Binne die grense van my "daar te wees" is die besluit tot my ware wees, my besluit. Die faktiese grense van my daar-te-wees word as my bondgenoot aanvaar in my soek na die waarheid van die eksistensie. As die sintese van eksistensie en Dasein is die historisiteit terselfdertyd die sintese van vryheid en noodwendigheid. Die eksistensie respekteer die daar van sy werklikheid en sê "Ich bin der und der: verwehselt mich vor allem nicht...." Vryheid is op die manier bepaal deur die faktisiteit van sy daar te wees, maar terselfdertyd is vryheid ook op 'n ander manier bepaal: deur 'n "müssen" waardeur die eksistensie die Transendente moet hoor en waardeur die "daar" 'n Chiffre van die Transendente word. So word die historisiteit 'n "Aufschwung aus der Endlichkeit in der Bindung an Endlichkeit".[39] So word die Amor Fati Amor Dei en Fatum word 'n geskenk: die pilaar van vryheid. Die paradoks van vryheid is dat vryheid transitief word: ek is gewil deur die Transendente; die mens is waarlik vry in die liefde van God, die Amor Dei.

Vir Jaspers is die eksistensie "das Mittlere" van tyd en ewigheid. Die mens is in die ketting van die geskiedenis meer as 'n fragment van die geskiedenis; hy is Kairos in die Chronos. Kairos is daar waar die mens sy Fatum as 'n geskenk aanvaar het en tot die ware bestaan gekom het. Kairos is die ware bestaan van die mens waarin hy die "Sprache der Ewigkeit" verneem en waarin hy sy "daar" as 'n geskenk aanvaar het, omdat die ewigheid as 'n misterie daarin teenwoordig is. Die Kairos is die ware waarheid van die eksistensie. Die ware bestaan is nie die verlede en ook nie die toekoms nie, maar die teenwoordige van die bestaan in die Kairos: Carpe Diem. Maar in die teenwoordige is die verlede en die toekoms ingesluit. "Das Gegenwärtige ist .... unmittelbar zur Transzendenz, ist eigentliches Sein." Vir die eksistensie is Kairos die ware bestaan en die essensiële waarheid. In hierdie Kairos-ondervinding oorwin Jaspers Nihilisme en die christelike mite.

---

39. K. Jaspers, Wahrheid, p. 153.

Die mens wie se eksistensie nie tot vryheid ontwaak het nie, gaan in die tyd op en in die tyd onder. Die eintlike mens wat tot eksistensiële lewe gekom het, het — hoewel hy steeds tydelik bly — kontak met die ewigheid. Ons eksistensie self is in die tydelikheid van ons bestaan die openbaarwording van die ewige in die mens. Deur die onvoorwaardelike handele word ons bestaan opgeneem in 'n ewige sin. Onvoorwaardelikheid beteken om deel te neem aan die ewige, aan die Syn.[40] Wanneer tyd en ewigheid mekaar in die mens ontmoet, in die eksistensie wat ons onvoorwaardelik laat handel, dan sny die ewigheid in ons tydelik-wees in. Dan staan die self-syn in die tydelike bestaan voor sy Transendente. In die eksistensiële syn verskyn die ewigheid in die tyd. So word die ewige getrek binne die sfeer van die immanente.

Dit is noodsaaklik, terwille van ons beoogde doel, ook te wys op die korrelasie tussen die grenssituasie en die eksistensie. Die gewone bestaan ken die situasie wat oorsien kan word. 'n Grenssituasie kan nie oorsien word nie. As grenssituasies noem Jaspers o.m. die van die dood, leed, skuld. Soos daar 'n korrelasie is tussen die situasie en die bewussyn überhaupt, so is daar ook 'n korrelasie tussen die grenssituasie en die eksistensie. 'n Grenssituasie kan alleen vanuit die eksistensie benader word. In 'n grenssituasie verdwyn die objektiewe werklikheid waarmee 'n voorwaarde vir waarlik eksistere vervul word. Die "Erhellung" van die sigselfsyn word in die grenssituasie gewek om dan te kom tot die filosofiese lewe van die eksistensie. In die grenssituasie is, volgens Jaspers, die grens nie absoluut nie. Wel kan dit nie deur die Dasein oorskry word nie. Grenssituasie is alleen vir die eksistensie waaragtig grenssituasie. Vir die Dasein is dit 'n situasie netsoos ander situasies. Enersyds is die grenssituasie in sy grenswees vir die bewussyn en die Dasein nie begryplik nie, maar andersyds is die grenssituasie niks meer nie as grens vir die eksistensie. Hy is die grens wat die Transendente aanwys sonder dat die terrein deur die eksistensie te betree is. Eksistensie is dan ook nie in staat om die Syn te vat nie. Deur sy historisiteit en die geraak wees in die grens situasies, is die eksistensie allermins self die Syn. In die grenssituasie tree die Syn in verskyning voor die eksistensie. Dit is die Syn wat aan die grense deurbreek en wat dit so moontlik maak dat 'n Dasein wat in 'n bepaalde situasie verkeer, "Existenz" in 'n grenssituasie kan word. So is die dood 'n grens waar die Transendente kan deurbreek en die eksistensie kan ontstaan. Vir die Dasein is die dood geen grenssituasie,

---

40. Vgl. K. Jaspers, Vernunft, p. 57.

geen Sein-zum-Ende nie, dog slegs 'n "zu-Ende-Sein". Die grens kry by Jaspers egter 'n sin vanuit die Transendente. In die grenssituasie kom die paradoksale karakter van die mensl ike Syn die duidelikste navore: nie buite sy relatiwiteit en beperktheid uitkomend nie, is daar tog die Transendente, die anderkant wat juis aan die grens sigbaar word. "Die Grenze tritt in ihre eigentliche Funktion noch immanent zum Sein und schon auf Transzendenz zu weisen."[41] Hier kom die dialektiese van die grens na vore, "noch immanent" te wees en reeds na die "Transzendenz zu weisen"; dat dit transparent is vir die eksistensie en terselfdertyd die end is van alles vir die Dasein.

Daar is 'n korrelasie tussen eksistensie en grenssituasie: Sonder grenssituasie kan daar geen eksistensie wees en sonder eksistensie kan daar geen grenssituasie wees nie.[42] "Die Grenzsituation gehört zur Existenz",[43] en eksistensie is werklik in die grenssituasie.[44] In die grenssituasie word die korrelasie van eksistensie en Transendente ervaar. Dit is deur die korrelasie van eksistensie en Transendente dat 'n situasie grenssituasie word. Daarom is elke verwysing na eksistensie los van die Transendente en die Transendente los van die eksistensie 'n abstraksie. Daar is geen eksistensie sonder die Transendente en die Transendente kan alleen vir die eksistensie werklik wees.[45]

Grenssituasies kan ook "absolute ervaringe" genoem word. Dit werk nie vermeerderend op ons kennis nie, maar omvormend op die totale synsbewussyn en bring ons tot onsself. Alles draai om die eksistensie as die ontmoetingspunt van tyd en ewigheid, gebondenheid en vryheid, immanente en transendente werlikheid. Aan hierdie eksistensie stel hy die sware eis dat hy alles self in die reine moet bring en insien dat daar in geen maatskaplike, etiese, religieuse, wysgerige objektiwiteit uiteindelike geborgenheid is nie; dat, inteendeel, alles op die verantoordelikheid, d.w.s. op die moed van die enkele mens self, aankom en dat daar van hierdie verantwoordelikheid niks uit die hande gegee kan word nie. Hier stuit ons op 'n baie belangrike motief vir sy openbaringsbegrip.

---

41. K. Jaspers, Philosophie, p. 204.

42 B. Klein Wassink wys in sy werk "Credo quia absurdum", op die kringloop by Jaspers, wat meer is as maar net 'n heen en weer gaan tussen twee pole.

43. K. Jaspers, Philosophie, p. 204, 469.

44. Sien kritiek van K. Barth op Jaspers Kirchliche Dogmatik III 2, p. 128-143.

45. Hierdie korrelasie is een van die dominante temas in die filosofie van Jaspers. Vgl. K. Jaspers, Wahrheit, p. 80, 110, 164.

Tereg het Beerling[46] die opmerking gemaak dat Kant se primaat van die vryheid en Kierkegaard se individualistiese patos van die religieuse innerlikheid in Jaspers saamgekom het.

5. Die Wêreld

Die Omvattende wat die Syn self is, is god en wêreld. Ons staan eers stil by die vraag wat Jaspers onder die wêreld verstaan. Die wêreld is by Jaspers 'n "eigentümliche Weise des Umgreifenden selbst". Die wêreld is nie slegs 'n wyse van die Omvattende nie, maar ook 'n "Erscheinung ..... in dem Umgreifenden des Seins selbst (ist)."[47] Die "Erscheinung" is nie "Schein" en ook nie in Kantiaanse sin dit wat "Ding an sich" voorstel nie, maar vertoon 'n "ein Eigentliches" wat in hom tot verskyning kom. Prinsipieël kan van die karakter van die realiteit van die wêreld gesê word dat die bestaan verskynings-vorm is. Wat verskyn nou in die realiteit van die Synde in die wêreld? Jaspers erken 'n drieërlei verskyning: 1. die Omvattende wêreldsyn verskyn in ons Dasein, bewussyn en gees; 2. die menslike selfsyn kom tot verskyning in eksistensie en rede; 3. die Transendente verskyn in die immanensie.[48] Wanneer die bestaan in die wêreld verskyningsvorm is, dan word dit in 'n dubbele sin bedoel. Die Omvattende wêreldsyn word gemanifesteer in elke eindige realiteit waarmee ons as Dasein, bewussyn en gees te make het. Maar aan die anderkant is dit ook so dat die verborge Transendente verskyn in die bestaan van die wêreld. Die realiteit van die wêreld dra dus die karakter van verskyningsvorm: eers so dat die Omvattende wêreldsyn sig manifesteer in elke eindige realiteit, maar ook aldus dat die verborge Transendente in die bestaan van die wêreld verskyn. Ons ervaar die spraak van God in die wêreld. Die realiteit in die wêreld het 'n verdwynende bestaan tussen God en eksistensie. Verdwynend nie alleen omdat die wêreldsyn sig voltrek in onophoudelike wisseling en verandering nie maar ook omdat die egte werlikheid, die ware Syn in die verdwynende God en die eksistensie is. Die toewyding aan God is op geen ander wyse moontlik nie as via die toewyding aan die realiteit in die wêreld. Laasgenoemde is die onvermydelike medium vir die toewyding aan God. Wie sy lewe op God wil rig, moet hom ywerig besig hou met die realiteit in die wêreld, waarin hy die spraak van die Transendente verneem.

---

46. R. F. Beerling, Moderne doodsproblematiek. Een vergelijkende studie over Simmel, Heidegger en Jaspers. Delft, D. U. M p. 269.

47. K. Jaspers, Vernunft, p. 41.

48. Vgl. K. Jaspers, Wahrheit, p. 133.

Die Omvattende wêreld is vir Jaspers nie identies met die wêreldgeheel of totaliteit nie. Die Omvattende wêreld is die "schlechthin Andere",[49] die "Undurchdringliche"[50] wat in naam van die natuur hom onmiddellik betuig. Aan die anderkant is die wêreld weer dit waarvan ekself 'n deel is. Dit word natuur genoem waarvan ons Dasein 'n deel is. Wat die wêreld as in-homself-omvattend syn-self-is, is die ontoeganklike geheimnis van die anderssyn. Ook is die wêreld die radikaal andere teenoor die Transendente. Die Omvattende wêreldsyn spreek tot ons deur die taal van die kenbaarheid van die verskynsele. Die wêreld wat geen voorwerp van kenne is, is idee, maar dan so een waaraan realiteit in sy anderswees as onsself beantwoord. Hierdie wêreldrealiteit is oneindig. Ook is hierdie realiteit gesplete. Daar is 'n sprong van die fisiese na die organiese; van die organiese na die bewussyn en vandaar na die gees. Allerlei sake in die wêreld is kenbaar. Dog die onbegryplikheid van die wêreld in die vele gaan daar bokant uit.

6. Die Transendente

Die Transendente is nie ondersoekbaar nie. Sy Syn self kan betwyfel word, en tog is alle filosofere op dié doel gerig om hom van die Transendente te vergewis. "Aber Philosophie als solche kann die Transzendenz nicht in der Garantie einer Offenbarung suchen, sondern muss sich dem Sein nähern in den dem Menschen als Menschen gegenwärtigen Selbstevidenzen des Umgreissenden und durch die Geschichtlichkeit der Sprache der Transzendenz".[49]

Op die vraag wat die Transendente is, kan dus geen afdoende antwoord gegee word nie. In sy "Vernunft und Existenz" beskryf hy die Transendente so, "was als das schlechthin Umgreifende eben so unerbittlich ist, wie es nicht gesehen wird und unbekannt bleibt."[50] In "Rechenschaft" antwoord hy soos volg op bogenoemde vraag: "Die Antwort erfolgt indirek im Erhellen der Ungeschlossenheit der Welt, der Unvollendbarkeit des Menschen, der Unmöglichkeit einer dauernden richtigen Welteinrichtung des universalen Scheiterns."[51]

Die beslissende en onderskeidende in die filosofie is óf ek kom in die denke daar waar ek my "von Aussen" van die Transendente as oorsprong "von innen" bewus word, óf ek bly in die immanente met die negatiewe sekerheid,daar is geen grond en doel nie.

---

49. K. Jaspers, Wahrheit, p. 87.

50. K. Jaspers, Wahrheit, p. 88.

51. K. Jaspers, Rechenschaft, p. 359.

Jaspers bestry die panteïsme: Vir die panteïsme is "alles was ist.... Welt, die Tranzendenz ist das Nichts."[52] Maar hierdie niks is die eintlike Syn, volgens Jaspers. Die wêreld is "geschaffen". Die wêreld is die "Stätte der Sprache der Transzendenz"[53], maar nie die Transendente self nie. Die Transendente spreek deur die verskyning tot ons in Chiffre. In laasgenoemde kom die Transendente tot "Transparanz", en waar hy deurskyn is rus en grond. Die Chiffre wat 'n geheimskrif of teken is, is as Chiffre weliswaar nie die Transendente nie, maar dit wys op die Transendente wat onuitgesproke moes bly as dit nie die Chiffre gegee het nie. "Nur schwebend, nur als unendliches Symbol bleibt die Chiffre offen für das Vernehmen der Sprache der Transzendenz."[54] Ons moet daarvoor waak êrens 'n Chiffre met die goddelike of absolute te verruil of te vervang. Net in hul "scheitern" sou die groot simbole ernstig geneem kan word. Wat Plato met sy ideë, Leibniz met die monade, Kant met die vryheid, Hegel met die absolute Gees of Nietzsche met die Übermensch wou sê, kan nie meer as sodanig as 'n oplossing beskou word nie. Teenoor die aanskouebring van die Transendente van vroeër, stel Jaspers om aan die hand van die spraak van groot simbole die "Aufschwung zur Transzendenz" te doen. Om die Chiffre as Synswerklikheid te sien, ontspring eers in die ervaring van die "Scheitern". Die "Scheitern" het sy eintlike grond in die oormag van die Transendente oor die eksistensie. Die "Scheitern" is geen metafisiese sekerheid nie, maar dit is 'n eksistensiële waagstuk. Dit is vir sover dit die laaste "Chiffre" is, die "Resonanz für alle Chiffern."[55]

Die spreke van die geskiedenis soos dit in die digkuns, kuns en godsdiens, maar ook in die metafisika objektief word, is nie "eindeutig". Alle groot kuns is transparant, tegelykertyd Chiffre vir die "Jenseitiges", daarom is dit veelbetekend. Daarom word die kuns openbarend, word dit getuienis. Die mens druk nie net sy geestelike moontlikhede uit in 'n kunswerk nie, maar ook sy eksistensiële "Angefasstheit" van die Transendente skemer deur. Om dit in so 'n "Vieldeutigkeit" te verstaan, is dié aangeleentheid van die eksistensiefilosofie. Die Transendente is onvatbaar teenwoordig as die eksistensie hom hoor. Dit is slegs "für das innere Handeln, für die Freiheit, für Existenz und Vernunft ob und wie

---

52. K. Jaspers, Wahrheit, p. 107.

53. K. Jaspers, Wahrheit, p. 108.

54. K. Jaspers, Wahrheit, p. 356.

55. K. Jaspers, Philosophie III, p. 234.

die Wirklichkeit Gottes das Mass aller Dinge ist."[56] Volgens Jaspers is ons altyd op die weg vir sover ons op die spoor van die Transendente voortdurend genooi is. Maar die ander moontlikheid is dat ons hierdie weg kan versuim indien ons ons onmiddellik in die werklikheid van God wil stort. Die Transendente gee kennis van homself op al die weë, maar op geen weg hou die ander op om die "ganze Andere" te wees nie. Jaspers gaan dus uit van die opvatting dat God van homself niks meer openbaar as dat hy is nie, terwyl sy goddelike wese verder vir ons verborge bly. God is seker vir my, nie as voorwerp van my kenne, dog as teenwoordigheid vir die eksistensie. Dit gaan nie om kennis van God nie, maar om ons verhouding tot Hom. Alleen in ons innerlike kan ons Sy teenwoordigheid in onmiddellike sekerheid ervaar. Daarom het elke eksistensie sy eie Transendente.

Waar eksistensie is, kan Transendente werklik word. En waar die Transendente is in sy Chiffer, daar is die eksistensie ook. J. Sperna Weiland vra die vraag of dit moontlik is om tussen eksistensie en Transendente te onderskei as hulle in bogenoemde verhouding tot mekaar staan.[57] Is die Transendente 'n transascendance ('n term van Jean Wahl) en 'n akt van die eksistensie? Weiland wys daarop dat dit verkeerd sou wees om Jaspers se Transendente te verstaan as 'n skepping van die eksistensie "Es ist ein Irrweg gegenwärtige Transzendenz nur für erdachte .... Vorstellung zu halten, als ob es sich um eine illusionäre Funktion der allein Wirklichen realen Endlichkeit des je Gegenwärtigen handle. Ich verliere dabei die eigentliche Wirklichkeit."[58] Die akt van transendering van die eksistensie is nie moontlik sonder die Transendente nie, maar terselfdertyd is die Transendente niks sonder die akt van transendering van die eksistensie. So word die eksistensie en Transendente wel van mekaar onderskei sonder om een oomblik van mekaar losgemaak te word. Die verhouding van die twee transendente wyses van die Omvattende moet dan beskrywe word as 'n nie-weet-nie. Die twee transendente wyses bly onderskeie: die Transendente is "meer" as eksistensie en dit mag beskryf word as die "ganz Andere."[59] Die Transendente is die krag wat aan my my ware eksistensie gee.

---

56. K. Jaspers, Wahrheit, p, 1049.

57. Vgl. J. Sperna Weiland, Philosophy of existence and christianity, van Gorcum & Comp. Uitgewers, Assen. p. 63.

58. K. Jaspers, Wahrheit, p. 175.

59. Vgl. K. Jaspers, Wahrheit, p. 108.

Mities kan van God gespreek word as die Skepper van my eksistensie, aldus Jaspers. Eksistensie is bewus van sy afhanklikheid van die Transendente sonder om algemeen geldige kennis van die Transendente te bekom.

7. Vernunft

Vir Jaspers is die Vernunft die mag wat sterker is as ekself en wat van binne uit my dring tot verstaan van myself en kommunikasie met almal tergelykertyd. Innerlik omvat die Vernunft al die Omvattende. In die wysbegeerte is die Vernunft die hoogste, maar is niks op homself alleen nie. Die Vernunft doen geen stap sonder die verstand nie, dog rus nie daarin nie. Dit verbind alles en skep die ruimte van die beweging waarin die filosofere sy baan moet vind. Die filosofie kan sonder die Vernunft geen stap neem nie. Die Vernunft is die universele medium. Jaspers beskryf die funksie en die uitsonderlike mag wat die Vernunft in onderskeid van die ander geestelike vermoëns toekom in bewoordinge wat sterk aan Hegel herinner. "Sie ist das alle Grenzen überschreitende allgegenwärtige fordernde Denken, das nicht nur erfasst, was allgemeingültig wissbar und was selbst ein Vernunftsein, im Sinne von Gesetzlichkeit und Ordnung des Geschehens ist, sondern auch das Andere Zu Tage bringt, ja von dem schlechthin Widervernunftigen es berührend und dadurch dieses selbst erst zum Sein bringend steht."[60]

In hierdie en ander uitsprake kom wendinge voor wat Jaspers tot digby die absolute idealisme skyn te bring. Wanneer dit die funksie van die rede is om ook die "andere" te voorskyn te bring en selfs die volstrek teenredelike tot eintlike Syn te bring, dan kom die vraag na vore wat daar nog is wat hom aan sy almag kan onttrek.

Die eksistensie en die rede behoort tesame. Jaspers praat selfs van die rede en eksistensie as die groot pole van ons Syn. "Existenz wird durch Vernunft sich hell, Vernunft hat nur durch Existenz Gehalt."[61] Eers as redelike eksistensie eksisteer die eksistensie. Buite die eksistensie is die rede niks nie. Die rede op homself geneem is 'n hol en kleurlose iets wat eers as aktiewe rede in die eksistensie inhoud, sin en waarde verkry. Die rede is die bewegende in ons, is as aksie en daad die permanente beslissende en deurbrekende. Dit verskyn as 'n grondvermoë van die algemeen menslike of die metafisies absolute Ek. Dit neem geen stap sonder die bewussyn "überhaupt"

---

60. K. Jaspers, Vernunft, p. 39.

61. K. Jaspers, Vernunft, p. 41.

nie, dog rus nie daarin nie. Dit skep die ruimte van beweging. Hierdie beweging is Vernünftig. 'n Baie belangrike vraag is watter vryheid sal hierdie baan aan die beweging van die vryheid laat. Hier kom 'n spanning na vore: aan die eenkant het ons die "Vernunftige" weg wat aan die verstand gebonde is en aan die anderkant het ons die vryheid van die eksistensie. Tereg het Mekkes hier verwys na die grondantinomie van die rede (wat aan die verstand gebonde is) en geloof (as akte van die eksistensie).[62]

Ooreenkomstig die voorafgaande verskillende wyses van die Omvattende, onderskei Jaspers verskillende vorme van waarheid. So praat hy van die "Wahrheit des Daseins"[63], "Wahrheit im Bewusstsein überhaupt"[64], "Wahrheit des Geistes"[65], "Wahrheit der Existenz"[66] en "Wahrheit in der Transzendenz."[67] Die waarheid by die Dasein is wat waar is, wat die Dasein tot nut is, en onwaar is wat die Dasein skaad. Waarheid van die bewussyn "überhaupt" is die dwingende "Richtigkeit". Die waarheid van die gees is die oortuiging. En van die eksistensie sê Jaspers dat dit die waarheid ervaar in die geloof.

Ons het hier dan te doen met 'n pragmatiese waarheid, 'n waarheid van dwingende juistheid, 'n waarheid in die gees van oortuiging en 'n eksistensiële geloofswaarheid. Maar in al hierdie "Gestalten" is die waarheid gebonde aan kommunikasie. Jaspers praat dan ook van die "erhellte und bewerkte kommunikation" as die onobjektiveerbare maatstaf van die waarheid.[68] "Kommunikation ist der Weg zur Wahrheit in allen ihren Gestalten."[69]

Dit is belangrik om die aandag te vestig op die dualiteit wat ons by Jaspers aantref met betrekking tot sy opvattinge in verband met waarheid. Daar is 'n verskil tussen die waarheid van die Dasein, Geist, bewussyn "überhaupt" en die waarheid van die eksistensie. Twee uitlatinge van Jaspers verdien hier ons aandag. "Zwingende Richtigkeit der Wissenschaften ist nicht

---

62. J.P.A. Mekkes, Teken en Motief der Creatuur. Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1965, p. 49.

63. K. Jaspers, Wahrheit, p. 608.

64. K. Jaspers, Wahrheit, p. 306.

65. K. Jaspers, Wahrheit, p. 610.

66. K. Jaspers, Wahrheit, p. 266.

67. K. Jaspers, Wahrheit, p. 597.

68. K. Jaspers, Philosophie, p. 396.

69. K. Jaspers, Rechenschaft, p. 353.

schon alle Wahrheit."[70] "Wahrheit ist unendlich mehr als wissenschaftliche Richtigkeit."[71] Daar is 'n teenstelling tussen die dwingende sekerheid van die wetenskap en die filosofiese waarheid. Die juistheid van die dwingende waarheid is nie in te perk nie, dit is absoluut vir sover dit eenvoudig en algemeen is. Dit geld slegs vir die standpunt van die teoretiese kennis in die bewussyn überhaupt. Dit is relatief gemeet aan die absoluutheid van die geheel van die allesomvattende. Ook vir die eksistensie is dit relatief omdat hy nie daaruit lewe nie."[72]

Die wetenskaplike waarheid as dwingende insig laat hom deur niks oorwin nie. "Sie ist ein fester Halt und Widerstand, aber sie ist nur ein begrenzte Perspektive in der Welt. Es ist Widersinnig, sie aufheben, aber es ist tödlich an ihr als einziger Wahrheit sich halten zu wollen."[73] Hierdie waarheid is algemeen geldig, onhistories, maar nie onvoorwaardelik nie, want dit hou verband met veronderstellinge en metodes waarmee kennis aangaande die eindige verwerf word.[74]

Anders is dit met die filosofiese (eksistensiële) geloofswaarheid gesteld. Dit is absoluut vir sover dit die lewe vervul, maar relatief vir sover dit as voorwerplik gedink en begrondend uitgespreek word. "Der Ausdruck philosophische Wahrheit in der Lehre aber ist zu relativieren, denn die Lehre ist historish, für ein Zeit, nicht allgemeingültig und Zeitlos."[75] Filosofie wat as objektiewe struktuur vir die ware, juiste gehou word, is in sy wortel "Kommunikationslos." Dan bied dit dogmaties die ware leer aan. "Ihre Form ist die der Einzelwissenschaft: die Wahrheit die objektive gültig für jedermann ist, ist zu untersuchen und fortschreitend zu finden: sie wird mitgeteilt in Beweis und Widerlegung."[76] "Wer die Wahrheit in dieser Form besässe, wurde sie, als ob er die Gottheit wäre, als die einzige besitzen, welche andere Wahrheit ausschliesst und damit sich selbst als der einzige gelten, der die Wahrheit erkannt hat."[77]

---

70. K. Jaspers, Rechenschaft, p. 352.
71. K. Jaspers, Rechenschaft, p. 353.
72. K. Jaspers, Philosophie, p. 733.
73. K. Jaspers, Philosophie, p. 734.
74. K. Jaspers, Glaube, p. 11.
75. K. Jaspers, Philosophie, p. 734.
76. K. Jaspers, Philosophie, p. 390.
77. K. Jaspers, Philosophie, p. 390.

In die waarheidsrealisering verdwyn die objektiewe, die formuleerbare, of anders impliseer dit dat ander nog nie die waarheid het nie; ander moet dit van my aanneem. Geloofsuitsprake mag dus nie behandel word as algemeengeldige waarhede nie. Dat hulle histories onvoorwaardelik is, beteken nie die algemeengeldigheid van sy verskyning in woord, dogma, kultus, rite en instelling nie. "Erst die Verwechslung ermöglicht den Anspruch der Ausschliesslichkeit einer Glaubenswahrheit."[78]

Dit is dus 'n misvatting, aldus Jaspers, om die algemeengeldigheid van die wetenskaplike waarheid te behandel as iets absoluuts waaruit ek kan lewe en van die wetenskap te verwag wat hy uiteraard nooit kan gee nie. Nog erger is die teenoorgestelde misvatting aldus Jaspers, waardeur die eksistensiële waarheid as die enig juiste vir almal gehou word. Die historiesgebonde onvoorwaardelikheid van die geloof word dan 'n algemene waarheid vir almal. Hierdie misvatting is volgens Jaspers noodlottig. Vir die filosofie is hierdie eksklusiwiteit van die geloofswaarheid 'n onwaarheid wat die gevolg is van 'n onsuiwere waarheidsbegrip.

Ons het reeds daarop gewys dat die bron van die waarheid die "Umgreifende" is, en dat daar verskillende wyses van die Umgreifende is. "Damit entsteht die Aufgabe der Erhellung aller Weisen des Umgreifenden."[79] By hierdie "Erhellung" speel die eksistensie en "Vernunft" 'n groot rol. 'n Ernstige bedenking is dat Jaspers, as hy die waarheid in die eksistensie fundeer, in pluralistiese vaarwaters sal beland. Hiervoor is hy egter op sy hoede. In die kommunikasie verseker hy hom teen die pluralisme. Die kommunikasie is 'n stryd — "liebender Kampf". Dit is nie 'n stryd van twee "Existenzen" teenoor mekaar nie, "Sondern ein gemeinsamer Kampf gegen sich selbst und um den andern, aber allein Kampf um Wahrheit."[80] Wat is filosofies waar? "Philosophisch Wahr ist ein Gedanke in dem Masse, als der Denkvollzug Kommunikation fördert. Unter Verleugnung dieses Kriteriums setzt das Sichverschliessen die Wahrheit in die reine, losgelöste Objektivitat und verfällt der Sophistik. Unter der Instanz diese Kriteriums ergreift das Philosophieren die Wahrheit als angeeignete Objektivität in Gemeinschaft."[81] Kort en saaklik vat Jaspers

---

78. K. Jaspers, Philosophie, p. 68.
79. K. Jaspers, Rechenschaft, p. 355.
80. K. Jaspers, Philosophie, p. 352.
81. K. Jaspers, Philosophie, p. 391.

dit so saam: "Wahrheit ist was Gemeinschaft stiftet."[82] Die ware filosofie kan "nur in Gemeinschaft zum Dasein kommen."[83] En die filosofie wat geen kommunikasie stig nie? Hierop antwoord Jaspers: "Die Kommunikationslosigkeit des Philosophen wird ein Kriterium der Unwahrheit seines Denkens."[84] Filosofiese waarheid het sy oorsprong en werklikheid in die kommunikasie. Die waarheid is 'n funksie van die kommunikasie. Die grondvraag vir hom bly: "Welche Gedanken sind notwendig damit die tiefste Kommunikation möglich werde."[85]

Behalwe die pluralistiese gevaar, is daar nog 'n ander gevaar wat die waarheid by Jaspers bedreig, nl. die historiese relativering. Bekend is die uitspraak van Jaspers: ons het nie waarheid nie, ons is onderweg na waarheid. Waarheid is in beweging, in wording. Tereg het van Riessen daarop gewys dat Jaspers die historiese relativering van die waarheid oorwin het deur steun te gaan soek in die Transzendenz en dat Jaspers die aksent vir die sekerheid van die waarheid later verskuif het van die kommunikasie na die Transendente.[86] Die glans van die waarheid skyn in die besondere verskyninge, maar tegelykertyd verberg die waarheid homself. "Aber absolute Wahrheit kann nur dort sein, wo Falschheit nicht mehr möglich ist in der Transzendenz."[87] In die wêreld moet elke waarheid "an ihre Grenze stossen, scheitern und aufgehoben werden."[88] Die absolute waarheid kan net die Transendente wees. "Religiös gesprochen wenn absolute Wahrheit ist, so kann nur Gott die Wahrheit Sein."[89] Nou word die waarheid beheers deur die tweeheid van Transendente en eksistensie. Die Transendente is die Syn vir ons as eksistensie. Vir ons as Dasein, bewussyn, "überhaupt" en as gees is die Transendente net 'n leë moontlikheid. "Transzendenz zeigt sich allein der Existenz!"[90] Ons as eksistensie is egter slegs op weg na die Transendente wat die absolute waarheid is.

---

82. K. Jaspers, Philosophie, p. 348.
83. K. Jaspers, Philosophie, p. 393.
84. K. Jaspers, Philosophie, p. 396.
85. K. Jaspers, Philosophie, p. 396.
86. Vgl. H. van Riessen: Filosofie en techniek, Kampen, Kok, 1949, p. 285.
87. K. Jaspers, Wahrheit, p. 597.
88. K. Jaspers, Wahrheit, p. 743.
89. K. Jaspers, Wahrheit, p. 743.
90. K. Jaspers, Wahrheit, p. 110.

HOOFSTUK 3

FILOSOFIE EN GODSDIENS

"Für Philosophie ist Religion nicht der Feind, sondern etwas das sie wesentlich angeht und in Unruhe hält."[1] Dié uitspraak van Jaspers moet in 'n besondere sin verstaan word. Wat hy presies hiermee bedoel, hoop ons om algaande deursigtig te maak. Die waardering wat Jaspers vir die godsdiens het, blyk onder andere daaruit dat die filosofie nie kan gee wat die godsdiens aan die mense gee nie. "Daher lasst sie zum mindesten den Raum für Religion frei."[2] Jaspers deins self nie daarvoor terug om die uitspraak te doen dat die filosofie beswaarlik in die wêreld 'n plek kan behou wanneer die menslike gemeenskap nie meer godsdienstig sou lewe nie. "Denn die philosophische Gehalte leben im Volke durch religiösen Glauben."[3] Wat in die godsdiens geopenbaar word as grond en grens, is werksaam as mag van die gemeenskap. "Das bleibt der Vorbestimmte Raum des Philosophierens und Träger der philosophischen Gehalte."[4] As die godsdiens prysgegee sou word, sal ook die eintlike filosofere ophou. "Es würde entstehen die gedankenlose, ihrer selbst nicht mehr bewusste Verzweiflung, ein blosses Augenblicks leben, ein Nihilismus und darin ein chaotischer Aberglaube."[5] In die filosofie lê daar selfs 'n tendens tot steun aan godsdienstige instellinge waarvan die onmisbaarheid in die wêreld erken word, sonder dat die filosoof self daarby kan aansluit. Sekere uitsprake van Jaspers dui in die rigting dat filosofie en godsdiens gelykwaardige groothede is, met ander woorde groothede wat nie tot mekaar herlei of met mekaar vervang kan word nie. "Religion und Philosophie sind für sich universal, allein sie selbst und alle Wirklichkeit für sie, von ihnen beseelt."[6]

Jaspers het hom simpatiek oor die christelike godsdiens uitgelaat. Die filosofie neem dit selfs vir die bybelse godsdiens op. Die filosofie van die Awendland kan die oë nie sluit vir die feit dat nog geen van sy groot wysgere sonder grondige kennis van die Bybel gefilosofeer het nie. Die bybelse godsdiens is vir

---

1. K. Jaspers, Glaube, p. 59.
2. K. Jaspers, Glaube, p. 82.
3. K. Jaspers, Glaube, p. 82.
4. K. Jaspers, Wahrheit, p. 916.
5. K. Jaspers, Wahrheit, p. 916.
6. K. Jaspers, Philosophie, p. 270.

die filosofie onvervangbaar. "Wir philosophieren aus der biblischen Religion und erfassen hier unersetzliche Wahrheit."[7] Die Bybel en die bybelse godsdiens is die grondslag en onmisbare oriëntasie van die filosofie; die skatkamer van onvervangbare geestelike goedere. "Das abendländische Philosophieren ist - mag man es eingestehen oder nicht - stets mit der Bibel, auch dann noch wenn es gegen sie kämpft."[8]

Volgens Jaspers kom in die Bybel as geheel alles in polariteite voor. Hy gee die volgende voorbeelde: teenoor die kultusgodsdiens staan die profeties-etiese godsdiens; teenoor die wetsgodsdiens die godsdiens van die liefde; starre vormlikheid teenoor die geestelike vryheid van die mens wat slegs in God hoef te glo; priestergodsdiens teenoor die individuele gebedsvroomheid; die nasionale God teenoor die universele God. Selfs die groot negasies van die geloof: die ongeloof van die daemonologie, mensvergoding, nihilisme is in die Bybel te vind. Dat al hierdie polariteite in die Bybel voorkom, het gemaak dat alle partye en insigte hulle in die loop van die eeue op die Bybel kon beroep. Naas elke formulering is 'n ander, teenoorgestelde, te vind. Nêrens is die hele volle, suiwere waarheid nie, omdat dit in die uitgesprokenheid van die menslike taal en in die vorme van die menslike lewe nie kan wees nie, aldus Jaspers.

Die waarheid in die Bybel is altyd aan mites, sosiologiese feite, onhoudbare wêreldbeskouinge, aan primitief voor-wetenskaplike wete gebonde, en kan in sy historiese verskyning slegs histories verstaan word, maar mag met sy historiese verskyning nie vereenselwig word nie. "Die Bibel ist das Depositum eines Jahrtausends menschliche Grenzerfahrungen, aus diesen wurde der Geist des Menschen hell, dass er Gottes und damit erst Seiner selbst gewiss wurde. Das gibt die einzige Atmosphäre der Bibel. In der Bibel sieht man den Menschen in den Grundweisen seines Scheiterns. Aber so das die Seinserfahrung und die Verwirklichung grade im Scheitern offenbar werden."[9]

Teen die agtergrond hiervan moet die eis van die "Metamorphose der biblischen Religion" van Jaspers verstaan word. Veral het hy dit teen sulke "fikseringe" soos die nasionale godsdiens, die wetsgodsdiens en die spesifieke Christusgodsdiens. Ons kom later op die metamorfose van die bybelse godsdiens terug. Ons skenk nou eers ons aandag aan die grondtrekke van die gods-

---

7. K. Jaspers, Glaube, p. 67.
8. K. Jaspers, Glaube, p. 72.
9. K. Jaspers, Glaube, p. 76.

diens in onderskeid van die filosofie.

1. Grondtrekke van die godsdiens.

In die werke van Jaspers word die volgende trekke van die godsdiens behandel:

(a) Godsdiens is die betrokke wees van die mens op die Transendente wat in die gestalte van iets heiligs in die wêreld van die profane of onheilige onderskei word. "Wo dies nicht mehr da ist oder verworfen wird, da ist das Eigentümliche der Religion verschwunden."[10] Die gevare wat vir Jaspers hier dreig en wat die diepste motief vir sy metamorfose van die godsdiens uitmaak, is die "Erscheinung der Transzendenz für das Denken,"[11] die "Vergegenwärtigungen" van die Transendente "die transzendente Verwirklichung in der Gestalt immanenter Verwirklichung,"[12] die "Materialiserung" van die Transendente tot 'n objek wat mens kan hanteer soos sake in die wêreld.[13] Die "waarheidsmoment" wat Jaspers egter by die godsdiens onderskei, is dat die godsdiens wel op die Transendente betrokke is.

(b) Aan die godsdiens lê openbaring (woordopenbaring) ten grondslag. Godsdiens sonder openbaring is nie moontlik nie. Jaspers se beswaar teen die openbaringsbegrip van die godsdiens lê in die objektiwiteit van die openbaring wat van laasgenoemde 'n histories eenmalige faktum maak. "(Dit) hat nicht mehr Symbolcharakter als Artikulation geschichtlichen Transzendierens, sondern ist starr geworden das direkte Wort Gottes."[14]

(c) Godsdiens ken kultus. Onder kultus verstaan hy die oorspronklike handelinge van 'n verkeer met die godheid. "Sie sind in ihrem wesentlichen Sinn auf Situation geschichtliche Lage, Zwecke und Gelegenheit nur als gegenwärtige Daseinswirklichkeit, die in ihnen überwunden wird, bezogen."[15] Vir hulle wat van die kultus bedien, is dit transendente werklikhede. "In ihnen wird eine reale, nicht bloss stimmungsmässige Beziehung zur Gottheit ebenso getan wie erfahren, ein wirkliches Ereignis transzendenter Relevanz vollzogen und empfangen. Der Mensch ist durch sie in einer anderen Welt zu Hause, nicht als

---

10. K. Jaspers, Glaube, p. 60.
11. K. Jaspers, Wahrheit, p. 853.
12. K. Jaspers, Philosophie, p. 255.
13. K. Jaspers, Philosophie, p. 684.
14. K. Jaspers, Philosophie, p. 255.
15. K. Jaspers, Philosophie, p. 253.

einer nur fremden und fernen, sondern als einer sinnlich zu spürenden, in der die Ferne nah, das Fremde gegenwärtig ist."[16]

Jaspers se beswaar teen die godsdienstige kultus is gerig teen die reële betrekking tot God wat as persoonlike horende en werkende teenwoordigheid voorgestel word. Die Transendente is hier 'n teenwoordige objektiwiteit in die kultus. "Hier ist der Mensch befreit von seiner möglichen Freiheit, nicht mehr auf sich angewiessen, sondern findet Bestätigung seines Seins in der Objektivität, die zu verlössig durch die Zeit hindurch besteht und ihm jeden Augenblick die Hand reicht."[17] Die reële teenwoordigheid van God bied 'n onvervangbare vervulling en rus.

(d) Godsdiens is verbonde met mites. Wat Jaspers hier sê van die teologie geld ook van die godsdiens. Die teologie verwerp die mites as heidendom, "aber eignet sich deren eine Menge an, sie einbauend und damit umgestaltend zu Gliedern ihrer Ganzheit."[18] In hierdie verband verwys Jaspers na die Christusgodsdiens wat die waarheid bevat dat God deur mense tot mense spreek en vir sover die godsdiens die mens na homself verwys, want die Christusgees is saak van die enkeling. Hy is die pneuma, dit is die gees wat opvaar tot die bosinnelike. Maar wanneer die Christusgodsdiens beteken die in die geloof aanneem van die Redder-Christus buite my en vervul word met die Christusgees in my "so bleibt zweierlei für unser Philosophieren unumgänglich: der Christus in mir ist nicht an jenen einmaligen Jesus Christus ausschliessend gebunden und der Jesus ist als Christus, als Gottmensch ein Mythus."[19] Maar die filosofie verwerp die mites waaruit dit ontstaan het. "Sie setzt rationale, begründete Einsicht gegen Erzählung von Geschichten, welche ihr Täuschung und Tramm sind."[20]

Maar eendag as die filosofie selfstandig geword het, trag dit om die tog as waarheid te vat. "Dann nimmt sie ihn entweder als Verkleidung philosophischer Einsicht für Menschen, die sie in der Form des Gedankens noch nicht verstehen."[21] Die mites is dan vir die filosofie 'n uitdrukking van 'n waar-

---

16. K. Jaspers, Philosophie, p. 253.
17. K. Jaspers, Philosophie, p. 566.
18. K. Jaspers, Philosophie, p. 679.
19. K. Jaspers, Glaube, p. 78.
20. K. Jaspers, Philosophie, p. 679.
21. K. Jaspers, Philosophie, p. 679.

heid wat vir alle denke ontoeganklik bly.

(e) Godsdiens is gebonde aan 'n gemeenskap van mense, wat in hierdie kultus mekaar gevind het en wat gemeente of kerk genoem word. "In ihr glaubt sich der Mensch mit allen anderen verbunden zu einem Körper."[22] In die godsdiens is die kerk met sy universele aanspraak die outoritatiewe sigbaarheid en sekerheid van die Transendente vir elkeen wat in hom glo. "Zwar ist sie als Dasein auch Soziologische Gemeinschaft und steht nach ihrer besonderen Wirklichkeit in verstehbaren Kausalzumsammenhängen."[23] Hierteenoor staan die onafhanklike "Existierende" wat soos uitgeworpenes slegs 'n gemeenskap van enkeling tot enkeling en nêrens 'n objektiewe ryk van hierdie gemeenskap innerlik kan aanvaar nie, maar histories relatief en nie 'n alomvattende gemeenskap daar stel nie.

(f) Godsdiens word gekenmerk deur outoriteit. "Der Glaubende ist gehorsam, er unterwirft sich, fragt nicht, sondern empfängt das unbegreifliche Heil. Das ganze Dasein ist zu unterwerfen. Nichts kann einst sein, ausser der in ihrer Objektivität offenbarten Gottheit, ausser ihrem Wort und Gebot."[24] Vir die filosofie is outoriteit histories. "Dass die Bewegung im Zeit dasein zum Wesen der Autorität gehört, heisst : die Autorität ist stets in geschichtlicher Gestalt."[25]

Outoriteit kan nie iets wees wat in die algemeen vir alle wesens geld nie, dan word dit veruitwendig en word dit 'n blote "Daseinsmacht". "Alle Autorität hat vielmehr eine geschichtlich eigentümliche Gestalt. Die Unbedingtheit der Autorität ist diese geschichtliche Einheit des Wahren für die aus ihr Existierenden."[26]

Godsdiens, soos Jaspers dit van die kant van die filosofie besien as die "Andere" wat die filosofie nóg verwerklik nóg begryp, "ist nur dort wo Gebet, Kultus und Offenbarung Gemeinschaft stiften und Quelle von Autorität, Theologie und Gehorsam werden."[27]

2. Die grondtrekke van die filosofie

Teenoor die godsdiens karakteriseer Jaspers die filosofie soos volg:

(a) Die filosofiese onafhanklikheid erken objektiwiteit in empiriese kennis as algemeengeldig; in die gestalte van die historiese "Selbsterhellung" sal die

---

22. K. Jaspers, Philosophie, p. 253.
23. K. Jaspers, Philosophie, p. 253 v.
24. K. Jaspers, Philosophie, p. 254.
25. K. Jaspers, Wahrheit, p. 768.
26. K. Jaspers, Wahrheit, p. 678.
27. K. Jaspers, Philosophie, p. 254.

waarheid, as dit algemeengeldig sou wees, verlore gaan. Teenoor die objektiwiteit van die openbaring soos dit in die godsdiens tot 'n histories, eenmalige faktum word, sien die "Unabhängigkeit der Existenz" in alle historiese objektiwiteit "nur eine mögliche Sprache der Transzendenz, deren Verstehen als Aneignem ihre Aufgabe ist, die sie auf eigene Gefahr erfüllt oder verwirft."[28]

Vir die religieuse geloof is gehoorsaamheid vanselfsprekend, terwyl die onafhanklikheid van die vrae as 'n aanspraak geld wat nie ophou nie. Die religieuse geloof erken die geopenbaarde Woord van God as verpligtend en kom in konflik met die werklikheid. "Das unäbhängige Philosophieren aber drängt auf Redlichkeit um entweder entschieden zu folgen oder entschieden nicht zu folgen."[29]

(b) Vir die moontlike "Existenz der Unabhängigkeit" bestaan daar nie so iets soos 'n transendente verwerkliking in die gestalte van 'n immanente verwerkliking nie. "Ihre eigene Unbedingtheit erscheint nur als Sinn wirklichen Weltdaseins, wenn auch durch diesen Sinn nicht zu reichend begründbar."[30] Hy leef in die teenwoordigheid van die Transendente wat as dit terstond voorwerplik sou word, dog geen spesifieke, eie, afgesonderde voorwerplikheid sou hê nie. "Sie glaubt keine Liebe zu Gott, die nicht als Liebe zum einzelnen Menschen sich ausdrückt, keine Versenkung ins Jenseits, die nicht als Gestaltung der eigenen Welt sich erfüllt."[31]

(c) Die filosofie bestaan nie as geldige objektiwiteit nie, en daarom is geen filosofie identies oordraagbaar, "und doch muss jede zur Mitteilung drängen, denn Philosophie ist Mittel der Kommunikation zwischen Existierenden, welche das eingentlichen Sein des Philosophierens Sind."[32]

As die filosofie 'n objektiewe gestalte aanneem, dan is dit soos die wetenskap en outoriteit waarin geglo word, dan word die weg van die godsdiens bewandel. Teenoor die sosiologiese mag van die Kerk plaas die filosofie geen eie sosiologiese mag nie. "Sie musste schon im ersten Schritt sich selbst vernichten und wäre besiegt noch bevor sie kämpfte."[33] Die ware gemeenskap word eers vanuit die filosofere herstel netsoos ware filosofere uit hierdie gemeenskap tevoorskyn kan kom.

28. K. Jaspers, Philosophie, p. 255.
29. K. Jaspers, Philosophie, p. 255.
30. K. Jaspers, Philosophie, p. 255.
31. K. Jaspers, Philosophie, p. 255.
32. K. Jaspers, Philosophie, p. 255.
33. K. Jaspers, Philosophie, p. 256.

(d) Teenoor die godsdiens wat geen "Ergänzung" nodig het nie, behou die filosofie "eine offene Flanke : sie schliesst sich nicht wie dogmatischen Religion, die nur Anhänger oder Heiden und Ketzer kennt."[34] Die filosofie is hom bewus van sy onvolledigheid. Sy waarheid wat in sy onbepaaldheid alles wil wees, ervaar egter sy begrensing. "Es scheint, dass sie in Aufschwüngen Einzelner in Augenblicken bis in die Nähe der Relegion kommt, aber es ist auch dann ein Sprung übrig, den zu tun sie sich weigert, obgleich sie in Bereitschaft bleibt."[35] Maar hierdie sprong doen die filosofie nie, hy veroorloof hom nie wat die godsdiens hom veroorloof nie.

3. Analogieë tussen godsdiens en filosofie

Dat filosofie en godsdiens mekaar telkens weer nader, ja skyn saam te val, hoewel hulle in hul verskyning mekaar ook telkens weer afstoot, wil Jaspers aantoon met die volgende analogieë.

(a) Die Godsbegrip

Die gedagte van die ene God het in die Avondland ontstaan, in die Griekse filosofie en in die O. T. "Es wurde beide Mall eine ungeheure Abstraktion vollzogen aber auf ganz vershiedene Weise."[36] In die Griekse filosofie was die monoteïsme vrug van die denke wat sy stempel nie op die massas nie, maar op die enkelinge geplaas het. In die O. T. is die monoteïsme gebore uit 'n hartstogtelike worsteling om die ware, waaragtige, enige God. Hier word die abstraksie nie op die terrein van die logika voltrek nie, maar deur die ergernis oor beelde en liggaamlikhede wat die ware God verberg en deur die afsku van die verlokkinge van die kultus met sy dionisiese feeste. "Gegen die Baale gegen die innerweltliche Religion, ihr Glück und ihre Feste, ihren Rausch, ihre Beruhigung und Selbstzufriedenheit, , ihre sittliche Indifferenz wird der reine Gottesgedanke als Dienst von dem einen lebendigen Gott gewonnen."[37] Die ware God verdra geen beeld of gelykenis, stel geen prys op kultus en offers, op tempel en rite of wette nie, maar alleen op regverdige handelinge en liefde tot die naaste. Hier verwys Jaspers na Micha, Jesaja en Jeremia. "Die Macht der Wirklichkeit Gottes im Bewusstsein dieser prophetischen Existenz, nicht die Kraft eines Gedankens brachte diesen Monotheïsmus hervor. Daher

---

34. K. Jaspers, Philosophie, p. 256.

35. K. Jaspers, Philosophie, p. 256.

36. K. Jaspers, Glaube, p. 60.

37. K. Jaspers, Glaube, p. 61.

ist das Wunderbare, dass dan gedanklichen Inhalt nach der griechische und der alttestamentliche Monotheïsmus zu sammenfallen, in der Weise der Gegenwärtigkeit Gottes aber radikal unterschieden sind."[38] Dit is die verskil tussen filosofie en godsdiens. Dit is die onderskeid tussen Godheid en God, tussen die Transendente van die denke en die lewende God; die Ene in die taal van die filosofie is nie die Ene van die Bybel nie. Die filosofie mag egter nie nalaat om te vra, aldus Jaspers, of in die "woord" wat die profete onmiddellik van God sou ontvang het, nie nog 'n rest van liggamlikheid, van beeld en gelykenis oorgebly het waarteen hulle prinsipieel met alle mag gestry het nie. "Der griechische und der alttestamentliche Monotheismus haben gemeinsam den abendländischen Gottesgedanken geführt. Das was möglich weil der Glaube der Propheten eine Abstraktion vollzogen hatte die der philosophischen Abstraktion analog ist."[39] Die profetiese geloof gaan die filosofiese gedagte in werkingskrag ver te bowe omdat dit voortkom uit die onmiddellike Godservaring. Maar dit is die mindere in teoretiese klaarheid en daardeur gaan dit in die daaropvolgende religieuse vormgewing weer verlore, aldus Jaspers.

(b) Gebed

Die kultus is gemeenskaphandeling, maar die gebed word gebed deur die enkele mens; is histories hier en daar. "Das Gebet ist individuell, existensiell gegenwärtig."[40] Maar as werklik, persoonlik en waaragtig staan die gebed aan die grens van die filosofere en dit word filosofere, sodra iedere bedoeling om tot eie nut of tot die bereiking van 'n bepaalde doel op die godheid in te werk, weggeval het. "Est ist ein Sprung zwischen der Leibhaftigkeit der persönlichen Beziehung zum persönlichen Gott - einem ursprung der Religion - und der Schwebe der philosophischen kontemplation in der zunächst nur Ergebung und Dank bleibt."[41] Die "existentielle Kontemplation" van die filosofie bly buite die absolute bewussyn. "Sie ist als Phantasie das Auge möglicher Existenz, eingesetzt ihrem aktiven Ringen, Wegerhellung und Erfüllung."[42] Maar in hierdie fantasie bly die armoede, bleekheid en onbetroubaarheid van die Transendente gehandhaaf in teenstelling met die kultus wat 'n stoflike teenwoordigheid waarborg. "Er bleibe angewiesen auf die gute Stunde und noch in der besten

38. K. Jaspers, Glaube, p. 61.
39. K. Jaspers, Glaube, p. 62.
40. K. Jaspers, Glaube, p. 62.
41. K. Jaspers, Glaube, p. 63.
42. K. Jaspers, Philosophie, p. 806.

Stunde sei er verlassen im Mangel der realen Beziehung zu Gott."[43] Die analogie tot die filosofiese besinning is geleë in die uit-die-wêreld-tree en tot jouself kom in die Transendente. Oorspronklik het hierdie kontemplasie tot die gebied van die godsdiens behoort. "So ist sie nun doch vom religiösen Tun unterschieden und selbständig möglich geworden."[44]

(c) Openbaring

Godsdienste beroep hulle op openbaring. Jaspers verwys hier na die Indiese en Bybelse godsdienste. "Offenbarung ist die unmittelbare zeitlich lokalisierte, für Menschen gültige Kundgabe Gottes durch Wort, Forderung, Handlung, Ereignis."[45] Aangesien aan die godsdiens openbaring ten grondslag lê, het dit gesag, nie in homself alleen, maar vir 'n gemeenskap, 'n volk, 'n gemeente, wat die draer en waarborg is van hierdie outoriteit. Ten aansien van die filosofiese denke oor God, 'n denke waarin voortdurend by iedere volgende skrede skyn teruggekom te word op wat met die vorige bereik was, hoor mens altyd weer, aldus Jaspers: alle denke oor God is tevergeefs; van God kan ons slegs weet deur openbaring.

"Aber Offenbarung die als solche mitgeteilt wird, muss eine Gestalt in der Welt haben. Als ausgesagte verfällt sie der Endlichkeit, ja der Begreiflichkeit."[46] Van sy oorspronklike bedoeling gaan met die uitspreek iets verlore. Die mensewoord is nie Godse Woord nie. Wat in die Openbaring die mens as mens aangaan, word materiaal van filosofiese besinning en het sy geldigheid ook sonder openbaring. "Die Inhalte behaupteter Offenbarung sind entkleidet ihrer Absolutheiten und ihres Ausschliesslichkeitscharakter, in ihrem Gehalt als Chiffern philosophish anzueignen."[47] En dan gee Jaspers die voorbeeld wat hy noem die "Christusmythos". Jesus is weliswaar nie God in die wêreld nie, geen mens is God nie. "Aber die Christusmythe ist eine Chiffer für das Recht des Chifferseins als Vermittlung zwischen Gott und Menschen."[48] Die filosofie sien in alle historiese objektiwiteit slegs 'n moontlike spreke van die Transendente. Die Openbaring is die "Geschictliche der Erscheinung der Transzendenz, wie es in freier Tradition an mich herankommt, zugleich allumfassend

---

43. K. Jaspers, Philosophie, p. 566.
44. K. Jaspers, Glaube, p. 63.
45. K. Jaspers, Glaube, p. 63.
46. K. Jaspers, Glaube, p. 63.
47. K. Jaspers, Wahrheit, p. 1052.
48. K. Jaspers, Wahrheit, p. 1052.

und relativ, sondern die eine historisch einmalige, ausschliessende, als Wunder charakterisierte Offenbarung."[49]

(d) Verlossing

Die filosofie kan nie daarop aanspraak maak dat hy dieselfde verlossing gee as die godsdienstige geloof nie. "Die Philosophie bringt nur ein Analogon der Erlösung in der Befreiung zur vollen Entfaltung von Vernunft und Liebe in der Welt und in dem Aufschwung zum Seinsbewustsein durch Hören der Sprache der Chiffern."[50] Die filosofiese weg van die verlossing is swaar omdat geen liggaamlikheid en waarborg gebied word nie en omdat geen instansie in die wêreld 'n laaste woord kan spreek nie. Daar is geen voorbeeld wat gevolg kan word nie, geen outoriteit wat aangehang kan word nie, nêrens kan die waarheid as 'n leer ontvang word nie, en daar is geen histories-gegewe openbaring waaraan die mens sy heil kan dank nie. "Er muss selber prüfen. Er muss für sich die Verantwortung auf sich selbst nehmen. Er wird von niemandem in jenes Reich der philosophischen Geister aufgenommen, sondern muss sich von sich aus hineinwagen ..... allein vor seinem Gewissen zur Prüfung gezwungen."[51] Waarop dit hier aankom is die "eigene Arbeit inneren Handelns und Erfahrens." Uit voorafgaande is dit duidelik dat die filosofere met die verlossing in verband staan. "Im Philosophieren suche ich Befreiung, Erlösung, Ruhe, den Grund des Seins, die Vollendung des Wahrseins."[52]

Maar die filosofie is nie 'n soort van "Heilmittel" self nie. Die verlossing lê in die ervaring van die syn, "aber bei aller Vergewisserung des Seins doch in der Beweging dieser, Vergewisserung selber."[53] Die filosofie mag egter nie aanspraak maak dat hy self verlossing gee nie.

4. Samehang tussen filosofie en godsdiens

Hierdie samehang is drievoudig.

(a) Godsdiens word deur die filosofie bestry.

Die stryd is hier gerig teen 'n bepaalde godsdiens. "Zwar gegen deren Unwahrheit wenn Religion abgleitet in dingliche Objektivität bis zur Materialisierung der Transzendenz und der Mensch damit hinabsinkt : Religion wird zu Ge-

---

49. K. Jaspers, Philosophie, p. 253.
50. K. Jaspers, Wahrheit, p. 965.
51. K. Jaspers, Wahrheit, p. 965.
52. K. Jaspers, Wahrheit, p. 989.
53. K. Jaspers, Wahrheit, p. 989.

spensterangst, zu fanatischer Gewaltsamkeit. Ohne Idee, zu Ketzerrichtertum und Bedrohung allen Daseins der Freiheit in der Welt."[54] Hierdie stryd wat gerig is teen die verobjektivering van die godsdiens beoog een ding, om ruimte vir die enkelinge in hul waagstuk te skep. "So kämpfte Xenophanes gegen die Unsittlichkeit der mythischen Götter, Epikur gegen die Deisidämonie, soKant gegen Afterdienst und Pfaffentum in der statutarischen Religion, Feuerbach gegen Illusion, Kierkegaard gegen Kirche."[55]

(b) Die ontaarding van die godsdiens kan die eerlike poging van die kant van die filosofie so in die weg staan dat die tweede samehang nie verwerklik kan word nie naamlik om die kern van die godsdiens op te spoor, wat die filosofie nie net as "Dasein" toelaat nie, maar as "mögliche Wahrheit" respekteer. Dit sou welliswaar 'n geldige, maar uiterlike begronding van hierdie respek wees as mens sou dink, net deur die godsdiens as kerk in sosiologiese objektiwiteit word die tradisie van die geloof gehandhaaf. Nee die respek wortel dieper: "Es ist eine Wahrheit in der religiösen Existenz, wenn auch für mich nicht anzueignen; ich bin nicht alles."[56] In die ryk "möglicher Existenzen" is die waarheid vir elkeen as egte moontlikheid te erken, ook wanneer dit nie kommunikatief verstaan kan word nie.

(c) Die filosofie soek ook terwille van die waarheid die teenstelling tussen Godsdiens en filosofie tot duidelikheid te bring. "Die Erhellung des Gegensatzes appelliert an den eigentlichen Ursprung sowohl der Philosophie als auch der Religion."[57] Dit waarsku die mens teen godsdiens vir sover laasgenoemde tot objektiewe sekerheid, gewoonheid, magie en materialisme verval het. Maar ook teen die filosofie word gewaarsku, vir sover die filosofie as objektiewe wetenskap en 'n maklike ondernemimg van geldige kennis bestaan. "Weder Philosophie noch Religion sind gleichsam ohne den Preis, sich durch andere Wahrheit gefährdet zu wissen, rein zu verwirklichen."[58] Die objektiwiteite vir sover hulle algemeengeldig wil bestaan moet deur die filosofie begrens en gerelativeer word. So word die mens op sy vermoëns teruggewerp. As die teologie beswaar sou maak dat die mensself met God verwissel word, as mens in die eksistensie die

---

54. K. Jaspers, Philosophie, p. 257.
55. K. Jaspers, Philosophie, p. 257.
56. K. Jaspers, Philosophie, p. 257.
57. K. Jaspers, Philosophie, p. 257.
58. K. Jaspers, Philosophie, p. 257.

waarheid sou soek, dan is die woord van die filosoferende nie verstaan nie. "Die konflikt muss in jedem Einzelnen entschieden werden : entweder zum Gehorsam und Verzicht auf Unabhängigkeit, oder zur Freiheit und zum Verzicht auf Kultus und Offenbarung."[59] Aan hierdie beslissing tussen godsdiens en filosofie kan geen mens hom onttrek nie. Die beslissing teenoor die godsdiens is beslissend, die enigste gevaar wat dreig is twyfel en onsekerheid. Die beslissing teenoor die filosofie bly oop, "der Mensch ist zum Suchen verurteilt." Die onomstootlike waarheid waarvan hier uitgegaan word is: "Da Existenz im Zeitdasein sich nur geschichtlich erscheinen kann; daher alle blosse Objektivität nur eine relative ist, Objektivität als je offenbarte Gegenwart der Transzendenz im Dasein aber immer von Menschen in Situationen hervorgebracht wurde, kann im Dasein auch nichts als das eine objektive Unbedingte ohne Unwarheit als für alle gültig fixiert werden."[60] Die verskyning van die Transendente mag die einde nie antisipeer nie. Die eksistensie sou sy moontlikheid verloor en 'n illusie word. Filosofie as die bewussyn van hierdie situasie is "Bereitschaft zum Suchen." Die filosoferende mens sou graag die reële direkte teenwoordigheid van die Transendente en die reële betrekking tot God in die gebed wou gehad het, maar die mens wil homself nie bedrieg nie. "Je mehr darum Philosophie ihren Mangel angesichts der Religion schmerzvoll gefühlt hat, um so lichter ist ihr das Reich der Freiheit."[61] Die Godheid sê niks direks nie, maar deur hierdie moontlikheid van vryheid skyn hy te spreek. Die verborge Godheid skyn die filosoferende mens te verbied om na die godsdiens terug te keer. "Der philosophierende Mensch, von dem Heil getrennt das die Kirche gibt, muss zwar verzichten auf die Gemeinschaft der Millionen durch die Jahrtausende, aber er vermag zu glauben an das corpus mysticum des Geistereichs, das nirgends Objektiv ist nur keine Betrachtung von aussen zulässt."[62] Hierdie ryk is vir hom van die eintlike syn sonder dat hy weet dat en wat dit is.

5. Die reële konflikte tussen godsdiens en filosofie

Die konflik moet volgens Jaspers in twee dinge gesoek word. Dit lê in die houding tot die kennis en outoriteit. "Sie verlieren aber ihre Reinheit wenn sie zu Daseinskonflikten als Machtfragen werden."[63]

---

59. K. Jaspers, Philosophie, p. 258.
60. K. Jaspers, Philosophie, p. 258.
61. K. Jaspers, Philosophie, p. 259.
62. K. Jaspers, Philosophie, p. 259.
63. K. Jaspers, Philosophie, p. 259.

(a) Die konflik in die houding tot kennis

Volgens Jaspers neem die geloofsinhoud danksy sy objektiwiteit, die Gestalte van 'n "Gewussten" aan, maar die geloof ontglip ons, wanneer dit rasioneel dwingend seker word. Dit bestaan net deur die syn van die eksistensie. "Wo ich begrundet Weiss, glaube ich nicht."[64] As geloof objektief geldig beskou word, vra dit geen "Sein der Existenz.." Dit is die onwaarheid van die geloof as dit hom as objektief seker aanbied. "Glaube ist Wagnis. Die vollkommene objektive Ungewissheit ist Substrat eigentlichen Glaubens."[65] As die geloofsinhoud as objektiewe sekerheid gesoek word, dan het ons die geloof reeds verloor. "Der Glaube ist kein bestimmter Inhalt, kein Satz, sondern eine Richtung, ein Unbedingtes."[66] As die geloof "Explikation glaubender Existenz" is is dan maak dit nie daarop aanspraak om dwingend te wees nie; dit wil nie onderwerp nie, maar appelleer. Maar as geloof 'n weetbaarheid is dan kom daar 'n konflik met die werklike weetbare. As die geloof die kennis wil onderwerp, dan verlang die geloof die "Sacraficio dell intelletto." Eers as die geloof bewus daarvan word dat die dwingende weetbare nie met homself saamval nie, kan die konflik vermy word. Volgens Jaspers kan hierdie konflik om enkele redes nie vermy word nie.

Een van die belangrike redes, volgens Jaspers, waarom die konflik nie vermy kan word nie, is dat die mens na dwingende objektiwiteit verlang."So nimmt für die Massa der Glaube diese Form an. Er behauptet die Beweissbarkeit vom Dasein Gottes oder .. die Offenbarung als bezeugt und damit historisch bewiesen."[67]

Nog 'n rede is dat in die oorlewering neem die geloofsinhoud 'n objektief-voorwerplike en algemeengeldige gestalte aan. Die handhawing van hierdie objektiewe geloofsinhoude is die begin van die stryd tussen geloof en kennis (wete).

"In dem Verhalten des Glaubens zur zwingenden Wissen war zu unterscheiden ob geglaubt wird gegen wirkliches Wissen im Konflikt mit ihm, oder ab ohne Konflikt geglaubt wird, was durch zwingendes Wissen weder bewiesen noch widerlegt werden kann, weil es gar nicht in seine Welt fällt, das heisst weil

---

64. K. Jaspers, Philosophie, p, 535.

65. K. Jaspers, Philosophie, p. 535.

66. K. Jaspers, Weltanschauung, p. 337.

67. K. Jaspers, Philosophie, p. 261.

es ausserhalb der Grenzen möglicher Erfahrung des Vernünftigen Sinnen Wesens überhaupt liegt."[68] Die grens tussen wêreldervaring en geloofsinhoud kan net deur 'n sprong in 'n ander synsdimensie oorskry word. Waar hierdie grens uitgewis word, so kan valslik in die naam van kennis ontken of bevestig word waar dit gladnie oor dwingende weetbaarheid handel nie. So is die liggaamlike opstanding en die hemelvaart vir alle kennis (wete) uitgesluit. "Prüfung hört aber auf wenn die Behauptung sich auf etwas bezieht was nie gegenwärtig ist, z.B. im Sein des Jenseits das nicht im astronomischen Raum und nicht in empirischer Zeit lokalisiert wird."[69] Die diepere waarheid waarby Jaspers hom neerlê is dat die mens niks objektief weet van dit wat nie-teenwoordig is nie.

Jaspers wys ook op die rol wat die Sosiologiese werklikheid speel in die stryd tussen geloof en kennis. Hy praat van 'n "Unterdrückung des Wissens durch einen soziologisch mächtig gewordenen Glauben."[70]

Godsdiens en filosofie neem radikaal verskillende houdings aan ten opsigte van kennis. Vir die godsdiens is die "Sacraficuim intellectus" dwingend, die geloofsinhoud is waar omdat dit absurd is (credo quia absurdum); dit is iets objektiefs waaraan vasgehou moet word. "Die Unterwerfung des Verstandes als Glaube gegen den Verstand sei verdienstvoll."[71] Die geloof kan ook sonder inboeting van sy objektiwiteit vir die verstand aanneemlik gemaak word. Maar die massa is nie in staat om te kom tot die "Selbstvernichtung" van die verstand as bewuste innerlike handeling nie.

Die filosofiese mens daarenteen bind hom aan geen wyse van dwingende insig nie. Elke vorm van "Sacraficio dell intelletto" is 'n versteuring van sy vryheid. "Diese Bindung des philosophischen Menschen an das Wissbare bedeutet zugleich Begrenzung des zwingenden wissens auf sich selbst."[72] Die dwingende kennis kom nie agter die dinge, dit geld relatief en partikulier, dit gee op geen lewensvrae antwoord nie.

(b) Konflik in die houding tot outoriteit

Die geloofsinhoud word deur oorlewering in 'n objektiewe gestalte

---

68. K. Jaspers, Philosophie, p. 261.
69. K. Jaspers, Philosophie, p. 262.
70. K. Jaspers, Philosophie, p. 262.
71. K. Jaspers, Philosophie, p. 262.
72. K. Jaspers, Philosophie, p. 263.

oorgedra. Die oorlewering is van buite gesien net die historiese samehang. "Die Kristalisation der Überlieferung zur festen Autorität ist unausweichlich, sie ist soziologisch notwendig um den Fortgang der Überlieferung durch die Zeiten zu sichern, existentiell notwendig, weil sie für jedes erwachende Dasein die erste Form von Seinsgewissheit ist."[73]

Wat verstaan Jaspers onder outoriteit? "Unter Autorität verstehen wir eine in der Welt wirksame Daseinsmacht die gehorsam beantsprucht und geleistet erhällt."[74] Egte outoriteit dring die mens om hom nie op homself te verlaat nie. Outoriteit vind sy sin net deur die syn van die waarheid in die gemeenskap; dat ek as 'n Omvattende met ander Omvattendes met wie ek my in 'n oorsprong verbonde weet "das ist Grund dafür dass Wahrheit sich in Gestalt der Autorität kundgibt : in der Daseinswirklichkeit dessen, was durch Überlieferung und Ordnung den Zusammenhang des Menschseins ausmacht."[75] Dat die beweging in die "Zeitdasein" tot die wese van die outoriteit behoort, bring mee dat die outoriteit steeds 'n "geschichtlicher" gestalte aanneem. As die outoriteit algemeen vir almal geld, sou dit veruiterlik word in 'n blote Daseinsmacht. "Alle Autorität hat vielmehr eine geschichtlich eigentümliche Gestalt."[76] Die outoriteit ontspring uit die Omvattende. Hier word met Omvattende nie bedoel die Omvattende wat ons is nie, maar ook nie die Omvattende waarin ons is nie. "Sondern Erscheinung in der Welt die ausbleiben in einem uns anspricht."[77] Die Omvattende wat ek is, kan as sodanig nie die outoriteit wees nie, want dan sou ekself die outoriteit wees. Die ek is "Vernunft" en "Existenz" maar nie outoriteit nie.

"Autorität, kommt van aussen, aber so dass sie zugleich von innen in mir spricht."[78] Daar is nie so iets soos 'n tydlose, algemene outoriteit nie. Daarom voeg Jaspers telkens by sy omskrywinge nog die woorde daaraan toe: "durch geschichtliche Gestalt". In die syn van onsself word die waarheid verwerklik. "Ich kann in sie geschichtlich eindringen, sie aber nicht van aussen begreifen."[79]

---

73. K. Jaspers, Philosophie, p. 263.
74. K. Jaspers, Wahrheit, p. 767.
75. K. Jaspers, Wahrheit, p. 768.
76. K. Jaspers, Wahrheit, p. 768.
77. K. Jaspers, Wahrheit, p. 781.
78. K. Jaspers, Wahrheit, p. 782.
79. K. Jaspers, Wahrheit, p. 783.

Die belangrike vraag is hoe die "Geschichtliche ursprünglich gegenwärtig ist!" of in afhanklike houding tot objektiwiteit wat outoritatief en daarom ontoetsbaar is of in onafhanklike toeëiening, of in 'n geborgenheid in objektiwiteite of in die selfsyn : om nie in die bodemlose weg te val nie, vertrou die filosofiese mens as "mögliche Existenz"hom aan die tradisie toe, hy gehoorsaam die outorität. "Sein Selbstsein drängt sogar zur Autorität, wo das Selbst noch nicht aus Eigenem zur Klarheit kommt."[80] Die godsdiens neem die eg. houding aan: afhanklike houding tot objektiwiteit : die onmiddellike Woord van God, in die openbaring. Die filosofie bewandel die laaste weg onafhanklike toeëiening: die grensgestalt van die waarheid uit die eenheid van die alles Omvattende.

6. Filosofie voer 'n drieërlei stryd teen godsdiens (samevattend)

Die stryd wat die filosofie teen die godsdiens voer, wil laasgenoemde nie vernietig nie. Die stryd gaan teen die volgende:

(a) Teen die religieuse handele

Hierdie stryd is 'n innerlike een. In die wêreld het ons 'n reële verhouding tot dinge en mense. Maar God is verborge. Om oor Hom na te dink en om dan die nadenke dogmaties tot kennis van God te ontwikkel, lei nie na Hom nie. Uit 'n ware verhouding van die mens tot God sou nie alleen ware kennis van God nie maar ook 'n onbepaaldheid van handele ontspring. "Das religiöse Handeln wäre weder aus Zwecken in der Welt begründbar, noch auch ein sich hervorbringendes Selbstsein."[81]

Filosoferend kan slegs oor die moontlikheid van die religieuse handele gespreek word, maar nie uit die faktiese ervaring nie. As die handele 'n werklikheid in die wêreld is, bring dit in die wêreld die Transendente tot teenwoordigheid. "Es ist in sich selbst befriedigt und will nichts ausser sich selbst, nichts als die Gottheit, welche ihm da ist."[82] Die religieuse handelinge kan óf sonder konflik met die vrye onbepaaldhede van die wêreldlike bestaan bly, soos gebed, kultus, sakramente, "oder sie Werden ethisch relevant in der Umsetzung : zu orgiastischer Zerstörung als einem ruinösen Tum, das in der Selbstgewissheit durch göttliche Gegenwart die Zweckhaftigkeit in der Welt und alle Unbedingtheit des Welthandelns vernichtet."[83]

---

80. K. Jaspers, Philosophie, p. 266.

81. K. Jaspers, Philosophie, p. 564.

82. K. Jaspers, Philosophie, p. 564.

83. K. Jaspers, Philosophie, p. 565.

Wat die gebed betref, sê Jaspers dat hy nie kan bid nie, óf omdat hy die reële sin van gebed nie kan insien nie, óf omdat hy in die gebed misleiding sien, óf omdat hy die "Kontemplation absoluten Bewusstseins" as die universele, allesdeurdringende "Aufschwung", by gebrek aan elke spesifiteit, elke houding, elke tydelike lokaliseerbaarheid, elke opsigtelike herhaalbare vorm, nie gebed mag noem nie. "Aber das Beten ist eine mögliche Wirklichkeit deren Mangel ich mir nicht Siegesbewusst,, sondern schmerz voll bewusst bin."[84]

Kultus, gebed, sakramente kan verdraagsaam wees as hulle van hulle eie waarde as "geschichtlicher Gestalt des Seins" seker is. Ander gestaltes word wel vir hulle maar nie vir ander uitgesluit nie.

Maar die religieuse handele kan absoluut gemaak word, alleen in hulle word die eintlike sin gevat "Wenn es absoluut ist, kann nichts vor ihm bestehen... so muss es daher alles nichtig funden, was nicht es selbst ist."[85]

Die enigste verbinding wat daar vir Jaspers bestaan is die tussen godsdiens en "Weltverneinung". Die "Verneinung" is die negatiewe besluit van die godsdienstige handele. "Ich identifisiere mich mit keiner Objektivität des Weltdaseins und mit keiner Subjektivität meines bloss eigenen Daseins, ich trete in eine unbedingte Kommunikation. Weltlos und Kommunikationslos will ich, nur bezogen auf Transzendenz, für diese alles negieren."[86] Vir Jaspers kan so 'n houding nie sin hê nie omdat die godsdienstige handeling as teenwoordige vervulling deur die reële betrekking tot God ontbreek.

"Denn in der Welt die Welt verlassen das ist objektiv unmöglich zu vollziehen. Ein aufreibendes negatives Dasein der Existenz als verlorene Einsamkeit mit einer Gottheit, welche doch nicht direkt zu ihr spricht, vollzieht sich neben der Welt, in der sie doch bleiben muss."[87] Teenoor die negatiewe staan die positiewe besluit wat die lewe ingaan. Wat die wêreld verander.

(b) Teen die gefikseerde objektiwiteit

Jaspers is hom daarvan bewus dat sonder die strengheid van die objektiwiteite geen tradisie moontlik nie nie maar ook geen vryheid as ons nie daarvan bewaar bly nie. Verder is Jaspers hom daarvan bewus dat die objektiwiteit van die godsdiens "als Wirklichkeit des Weltdaseins die einzige sichernde Tradition

---

84. K. Jaspers, Philosophie, p. 267.

85. K. Jaspers, Philosophie, p. 568.

86. K. Jaspers, Philosophie, p. 568.

87. K. Jaspers, Philosophie, p. 568.

transzendenter Bezogenheit des Menschen ist. Wo diese Tradition verlassen wäre, wäre bald auch Philosophie versunken."[88] Omdat hy as filosoferende sy godsdienstige grond daardeur het, dat hy daarin gebore is, so kan hy dit nie rasioneel ontken sonder om in die bodemlose weg te sink nie. As filosoferende waag hy dit eerder om ketter in die kerk te wees of anders protestant in die ware sin. Die kerk waarin hy gebore is, kan hy nie verwerp nie, "weil ich ohne sie nicht zu dem Gehalt meiner Freiheit gekommen wäre."[89] En dan voeg hy nog daarby: "Die Kirche aber der Theologen, die mich ausschliessen würde, ist nicht die Kirche einer Wahrheit, sondern jeweils eine Verirrung entleerter Fixiertheiten."[90]

Om voorafgaande te verstaan moet ons dit sien teen die agtergrond van Jaspers se beskouinge ten opsigte van ware en valse objektiwiteit. Die objektiwiteit is waar in die vorm van die sedes, van die ordeninge en die wette van die reg. Hier dien dit as beskutting teen alle willekeur en om ruimte vir die "geschichtliche Freiheit des Eingzelnen" te verseker. "Aber unwahr wird jede Objektivität, wenn sie die Form des Ausdrucks absoluter Wahrheit sein will. Daher trete ich in die Objektivitäten wie in Spielregeln und in Rollen."[91]

Die gefikseerde objektiwiteit, die objektiwiteit wat algemeen absoluut en vas geword het, is die "Vernichtung der Existenz", die "Verrat an Existenz."

(c) Teen vreemde "Geschichtlichkeit"

Die stryd hierteen ontstaan uit die feit dat nie een enkele godsdienstige oorlewering, nie die ene universele waarheid is nie, maar dat dit uitsluitlik uit heterogene oorspronge verskeie weë gaan.

Jaspers maak 'n onderskeid tussen 'n "Geschichtlichkeit" wat eg bly en 'n "Geschichtlichkeit" wat beëindig word.

Eergenoemde "lebt in der Spannung zwischen ihrer objektiven Fixierung an Bedingungen in der Welt mit ihrer Weite des Wahrheitsgreifens."[92] Dit dring in die waarheid in deur onophoudelike kommunikasie van Geschichlichkeit met ander Geschichtlichkeit teen die formele doktrinêre. Die Geschichlichkeit wat beëindig word "verengt sich zur Realität für ein Wissen. Sie objektiviert

---

88. K. Jaspers, Philosophie, p. 267.
89. K. Jaspers, Philosophie, p. 267.
90. K. Jaspers, Philosophie, p. 267.
91. K. Jaspers, Wahrheit, p. 592.
92. K. Jaspers, Wahrheit, p. 515.

sich als Standpunkt und ihren Standpunkt zu einem Absoluten, aber in der Tat "ausserlich endlichen in der Welt."[93] Vir sover hierdie eindigheid in 'n bepaalde gemeenskap gestalte aanneem, spreek dit die absolute waarheid uit as "Partei". Waarheid staan nou onder die voorwaarde van partydoeleindes. Ek dink dit is wat Jaspers bedoel met "fremde Geschichtlichkeit", wat hy dan afwys met die motivering dat nie een enkele oorlewering hom kan aanbied as die ene universele waarheid nie.

7. Teen die "Ausschliesslichkeitsanspruch" van die Bybelse godsdiens

Met hierdie aanspraak van die bybelse godsdiens het Jaspers hom intens besig gehou. Hy wys tereg daarop dat aan die bybelse godsdiens in al sy vertakkinge, is die aanspraak op eksklusiwiteit eie. Hierdie aanspraak is, volgens hom, sowel in sy motief as in sy gevolge noodlottig, "Wir müssen um die Wahrheit und um unsere Seele ringen gegen diesen tödlichen Anspruch."[94]

Die geloofsinhoud van die bybelse godsdiens word nie alleen vir onvoorwaardelik, maar vir al die ander uitsluitende waarheid gehou. Filosofies is dit volgens Jaspers nie juis nie. Om dit duidelik te maak, maak hy 'n prinsipiële onderskeiding in die waarheidsbegrip.

Wat histories, wat eksistensiël waar is, geld weliswaar onvoorwaardelik maar is in sy verskyning daarom nog nie waarheid vir almal nie. Omgekeerd : wat algemeengeldig is vir almal (soos die wetenskaplike juisthede) geld juis daarom nie onvoorwaardelik nie. Alleen vanuit 'n bepaalde standpunt, volgens 'n bepaalde metode, onder bepaalde voorwaardes is dit vir almal en in die algemeen juis. "Zur Unbedingtheit geschichtlicher Wahrheit gehört die Relativität jeder ihrer Aussagbarkeiten und historisch endlichen Erscheinungsformen. Zur Allgemeingültigkeit erkenntnismässiger Richtigkeit in Aussagen gehört die Relativität der sie begründenden Gesichtspunkte und Methoden."[95]

Dit het reeds sterk deurgeskemer dat Jaspers se afkeer in die eksklusiwisme van die bybelse godsdiens en sy waarheidsopvatting ten nouste verband hou met mekaar. Omdat ons reeds eksplisiet die waarheidsbeskouing van Jaspers nagegaan het, verwys ons hier slegs implisiet daarna. Die waarheid by die Dasein is wat waar is, wat die Dasein tot nut is en onwaar is wat die Dasein skaad. Waarheid van die bewussyn "überhaupt" is die dwingende "Richtigkeit";

---

93. K. Jaspers, Wahrheit, p. 515.

94. K. Jaspers, Glaube, p. 66.

95. K. Jaspers, Glaube, p. 68.

die waarheid van die gees is oortuiging. En van die eksistensie sê Jaspers dat dit die waarheid ervaar in die geloof. Hier het ons dan te doen met 'n pragmatiese waarheid, 'n waarheid van dwingende juistheid, 'n waarheid in die gees van oortuiging en 'n eksistensiële geloofswaarheid. Maar in al hierdie "sfere" is die waarheid gebonde aan kommunikasie. Jaspers praat dan ook van die "erhellte und bewirkte Kommunikation"[96] as die onobjektiveerbare maatstaf van die waarheid. Die kommunikasie het tot taak die waarheid van die individuele "self-syn" te ontdek.

Dit is belangrik om die aandag te vestig op die "dualisme" wat ons by Jaspers aantref: daar is 'n teenstelling tussen die waarheid van die Daseins, bewussyn "überhaupt" en gees aan die eenkant en die waarheid van die Existenz aan die anderkant. Dit is nodig om hierdie teenstelling tussen wetenskaplike waarheid en wysgerige geloofswaarheid (waarop reeds gewys is) van nader te besien. Dit is 'n teenstelling van dwingende sekerheid en filosofiese waarheid. Die juistheid van dwingende waarheid is nie in te perk nie, dit is absoluut vir sover dit eenvoudig en algemeen is. Dit geld slegs vir die standpunt van die teoretiese kennis in die bewussyn "überhaupt". Dit is relatief gemeet aan die absoluutheid van die geheel van die allesomvangende. Ook vir die "Existenz" is dit relatief omdat hy nie daaruit lewe nie.[97]

Die wetenskaplike waarheid as dwingende insig laat hom deur niks oorwin nie. "Sie ist ein fester Halt und Widerstand aber sie ist nur ein begrenzte Perspektive in der Welt. Es ist Widersinnig, sie aufheben, aber es ist tödlich, an ihr als einziger Wahrheit sich halten zu wollen."[98] Hierdie waarheid is algemeengeldig, onhistories, maar nie onvoorwaardelik nie, want dit hou verband met veronderstellinge en metodes waarmee kennis aangaande die eindige dinge verwerf word.[99]

Anders is dit met die filosofiese (die eksistensiële) geloofswaarheid gesteld. Dit is absoluut versover dit die lewe vervul, maar relatief virsover dit as voorwerplik gedink en begrondend uitgespreek word. "Der Ausdruck philosophisher Wahtheit in der Lehre aber ist zu relativieren, denn die Lehre ist historisch, für ein Zeit, nicht algemeingültig und Zeitlos."[100]

---

96. K. Jaspers, Philosophie, p. 396.

97. K. Jaspers, Philosophie, p. 733.

98. K. Jaspers, Philosophie, p. 734.

99. K. Jaspers, Glaube, p. 11.

100. K. Jaspers, Philosophie, p. 734.

Filosofie wat as objektiewe struktuur vir die ware, juiste gehou word is in sy wortel "Kommunikationslos." Dan bied dit dogmaties die ware leer aan. "Ihre Form ist die der Einzelwissenschaft : die Wahrheit, die objektiv gültig für jedermann ist, ist zu untersuchen und fortschreitend zu funden : Sie wird mitgeteilt in Beweiss und Widerlegung."[101]

"Wer die Wahrheit in dieser Form besässe, würde sie, als ob er die Gottheit wäre, als die einzige besitzen, welche andere Wahrheit ausschliesst und damit sich selbst als der einzige gelten, der die Wahrheit erkannt hat."[102] In die waarheidsrealisering verdwyn al die objektiewe, die formuleerbare, want dan impliseer dit ander het nog nie die waarheid nie, ander moet dit van my aanneem. Geloofsuitsprake mag dus nie behandel word as algemeengeldige waarhede nie; dat hulle histories onvoorwaardelik is beteken nie die algemeengeldigheid van sy verskyning in woord, dogma, kultus, rite- en instelling nie. "Erst die Verwechslung ermöglicht den Anspruch der Ausschliesslichkeit einer Glaubenswahrheit."[103]

Dit is 'n misvatting aldus Jaspers, om die algemeengeldigheid van die wetenskaplike kennis te behandel as iets absoluuts waaruit ek kan lewe, en van die wetenskap te verwag wat hy uiteraard nooit kan gee nie. Nog erger is die teenoorgestelde misvatting waardeur die onvoorwaardelikheid van die eie eksistensiële beslissing verander in die eis wat as die enig juiste vir almal geld. Die historiesgebonde onvoorwaardelikheid van die geloof word 'n algemene waarheid vir almal. Hierdie misvatting is volgens Jaspers noodlottig. Vir die filosofie is hierdie eksklusiwiteit van die geloofswaarheid 'n onwaarheid wat die gevolg is van 'n onsuiwere waarheidsbegrip. Jaspers wys op die ontsettende gevolge wat bogenoemde onwaarheid en onsuiwere waarheidsbegrip meegebring het : wêreldsending, die geloof word met geweld opgedring, wêreldkruistogte, vernietigingsmaatreëls, die wil tot mag wat 'n grondtrek van die Christelike godsdiens geword het. Die bybelse eksklusivisme is dan ook nie op rekening van die Bybel as geheel te plaas nie. Dit is slegs hier en daar in die boek te vind en langs dié weg in die geskiedenis van die bybelse godsdiens binnegedring. "Der Ausschliesslichkeitsanspruch ist Menschenwerk und nicht auf Gott gegründet der dem Menschen viele Wege zu sich geöffnet hat."[104]

---

101. K. Jaspers, Philosophie, p. 390.

102. K. Jaspers, Philosophie, p. 390.

103. K. Jaspers, Philosophie, p. 68.

104. K. Jaspers, Philosophie, p. 72.

8. Die Metamorfose van die Bybelse godsdiens

Ons het reeds gewys op die hoë waardering wat Jaspers vir die Bybel en Bybelse godsdiens het. Maar met die gestalte en vorm is hy nie tevrede nie. "Bibel und Antike in der Gestalt wie sie bisher für uns sind, genügen nicht. Beide müssen in neuer Aneignung verwandelt werden. Die Metamorfose der biblischen Religion ist die Lebensfrage der kommenden Zeit."[105] Volgens Jaspers moet ons, ondanks al die ontsporinge die-altyd-sigself-gelykblywende-waarheid, wat nêrens objektief aan te wys is, terug vind : "Wahre Verwandlung ist Rückkehr zum Ursprünglichen,"[106] Onder die oorspronklike verstaan hy nie die aanvanklike nie, maar die altydige wat die eintlike en ewige is. Onder die ewig ware verstaan hy "Mensch und Gott, Existenz und Transzendenz. Alles andere scheint wie Vordergrund gegenüber diesem, was in der biblischen Religion seinen Grund hat für Juden und Christen und noch für den Islam."[107] Maar sodra die eintlike en ewige uitgespreek word dra dit dadelik die kleed van tydelikheid wat in elke tyd vir die geloof die passende is.

Vir Jaspers staan ons voor die beslissing tussen twee teenoormekaar gestelde filosofiese moontlikhede, "Will er in die Beschränkung fixierter Wahrheit der am Ende nur zu gehorchen ist - oder will er in die grenzenlos offene Wahrheit? Das heisst : will er einer Gestalt dogmatischen Totalwissens sich unterwerfen - oder will er alle Möglichkeiten des Denkens und Erkennens als Wirkzeug seiner Existenz in der Schwebe halten."[108] Dit kom hierop neer of die mens sy selfstandigheid wil laat verstar om tevrede te wees in die rus van die apatie en in die eensaamheid van 'n dogmaties of skepties rasionele houding, of wil hy hierdie innerlike selfstandigheid in die gevaar van die openheid verkry — soos in die eksistensiefilosofie„ die filosofie van die kommunikasie waarin die enkeling homself word onder die voorwaarde dat die ander hulleself word. Vir Jaspers is dit die regte rigting as ons aan drie aansprake vashou. 1. Grenzenlose Kommunikation von von Mensch zu Mensch von der Tiefe existentiellen, liebendes Kampfes, in dem Wahrheit hervorgeht, bis hinab zum redlichen Sichvertragen in Kompromissen des Daseins. 2. Herr unserer Gedanken werden, uns keiner Gestalt abschliessenden Wissens unterwerfen, an keinen Standpunkt und keinen — ismus uns binden.

---

105. K. Jaspers, Rechenschaft, p. 260.

106. K. Jaspers, Glaube, p. 76.

107. K. Jaspers, Rechenschaft, p. 261.

108. K. Jaspers, Rechenschaft, p. 263.

3."Die Liebe als letzte Führung anerkennen, den unumgänglichen Hass aber unter Bedingungen halten und sobald als möglich wieder verdampfen lassen."[109]

Jaspers gaan soek sy hulp by die "Existenz philosophie" om hierdie metamorfose van die bybelse godsdiens te voltrek. Die vernuwing van die godsdienstige geloof verwag hy dan ook van die vernuwing van die wysgerige geloof. Hierdie "oop" filosofie stel drie voorwaardes vir die "verwandlung":

(a) Die losmaking van die oorspronklike uit sy fikseringe. Voorbeelde van sulke fikseringe is in Jaspers die nasionalegodsdiens, die wetsgodsdiens en die spesifieke Christus-godsdiens. Die nasionalegodsdiens tref ons in die eerste stadium van die Bybel as Israelitiese Jahwe-godsdiens aan. Dit keer, volgens Jaspers, terug in die Protestantse en veral Calvinistiese konfessies wat hulle by voorkeur oriënteer aan die Ou Testament in plaas van aan die hele Bybel.

Die wetsgodsdiens het in Esra en Nehemia die Priesterkodeks en in baie redaksies van die Ou Testament geskrifte vorm aangeneem. Ook die priesterheerskappy wat later deur die Christelike Kerke oorgeneem is, kan tot die wetsgodsdiens gereken word.

Die Christus-godsdiens sien in Jesus God en die heilsgeskiedenis word gegrond op 'n offergedagte van Deutero-Jesaja wat op Jesus toegepas word.

Volgens Jaspers bevat elk van hierdie drie fikseringe 'n moment van waarheid, maar tog het dit eng geword. "Aber die Nationale Religion kann als solche nicht die absolute sein und kann nur eine vordergründige Erscheinungswahrheit aussprechen. Die Gesetzesreligion veräusserlicht die Tiefe des Gesetzesgedankens und lässt ihn in eine Mannigfaltigkeit von Absurditäten sich auflösen. Die Christusreligion enthält die Wahrheit das Gott zum Menschen spricht, aber Gott sprieht durch viele Menschen, in der Bibel durch die Reihe der Propheten in der als letzten Jesus steht, kein Mensch kann Gott sein, Gott spricht durch keinen Menschen ausschliessend, durch jeden auch noch vieldeutig."[110]

Die Christus-godsdiens is waarheid vir sover hy die mens na homself verwys, want die Christusgees is saak van die enkeling. Hy is die pneuma, dit is die gees wat opvaar tot die bo sinnelike. Ook is hy die openheid waarin die lyding word gegryp as die weg tot die Transendente : wie sy kruis opneem kan in sy ondergaan die eintlike ervaar. Die Christusgees is ten slotte die sigself verplig weet aan die van God geskenkte nobilitas ingenita, wat die ek erken, maar

---

109. K. Jaspers, Rechenschaft, p. 263.

110. K. Jaspers, Glaube, p. 77-78.

wat die ek ook kan verraai, die teenwoordige van die goddelike in die mens. Wanneer die Christus-godsdiens beteken die in die geloof aanneem van die redder Christus buite my en die vervul word deur die Christusgees in my, dan moet die filosofere twee dinge vasstel, aldus Jaspers : Christus in my is nie uitsluitend gebonde aan die eenmalige Jesus Christus nie en as Christus en Godmens is hierdie Jesus 'n mite; 'n mite kan objektiewe waarborg slegs wees vir wie daarin slegs 'n religieuse waarheid gevind het (iets wat die filosofie onmoontlik kan doen) of deur selfmisleiding.

(b) Die terugvind van die polêre spanninge

Volgens Jaspers kan mens die waarheid wat in die Bybel aan die dagtree alleen toeëin deur die teenstrydighede wat in die boek gevind word, bewus te realiseer. Teenstrydighede het meer as een betekenis. Verstandelike teenstrydighede stel ons voor alternatiewe waarvan slegs éen juis kan wees. Dialektiese teenstrydighede is 'n gedagtebeweging waardeur die ware tot uitdrukking kom wat langs 'n direkte weg nie kan uitgespreek word nie. Volgens Jaspers is die bybelse godsdiens vol teenstrydighede, polêre spanninge en dialektiek. Ons moet 'n openheid hê vir dié teenstrydige. In die Bybelse skrifture vind ons die grondspanninge wat die Avondland tot vandag toe in beweging gehou het: God en Wêreld, Kerk en Staat, religie en filosofie, wetsreligie en profetiese religie, kultus en etos. "Die gleichbleibende Wahrheit ist daher zu ergreifen nur zugleich mit der Offenheit für die Unlösbarkeit der Daseinsaufgaben, mit dem Infragestellung, jeder verwirklichten Erscheinung mit dem Blick auf das Äusserste, mit dem Scheitern."[111]

(c) Voortgaande en steeds verdiepte besinning op die ewig ware

In dié ervaring van die spanninge, van die dialektiek en van die teenstellinge wat ons voor 'n beslissing plaas, kan die waarheid, gegryp word wat die Bybelse godsdiens in hooflyne afgebaken het. Momente van hierdie waarheid, op die wyse van die wysgerige geloof uitgespreek is die volgende:

1. Die ene God.

"Das Eine wird Grundlage des Seinsbewusstseins und des Ethos, Ursprung der tätigen Einsenkung in die Welt. Keine anderen Götter neben Gott, das ist der metaphysische Grund für den Ernst des Einen in der Welt."[112]

2. Die transendensie van God die Skepper

Die oorwinning van die daemoniese wêreld en die magie bring die

---

111. K. Jaspers, Glaube, p. 79.

112. K. Jaspers, Glaube, p. 33.

densie van die onvoorstelbare en ondenkbare God tot ons bewussyn. Die skeppingsgedagte ontdoen die wêreld van sy vastheid en selfgenoegsaamheid. Die wêreld is op sigself grondloos. Die mens in sy eksistensie gebonde aan die transendente God, kom as skepsel van God tot vryheid teenoor alles wat wêreld is.

3. Die ontmoeting van die mens met God

Die transendente God het 'n persoonlike aspek. Die mens rig hom tot Hom as persoon, wil Hom ontmoet, Hom hoor. So kom hy tot 'n hartstogtelike persoonlike soeke na God se persoonlikheid. Bybelse religie is gebedsreligie. En die ware bidde, gesuiwerd van wêreldse wense - word tot lof en dank en mond uit in die vertroue : U wil geskied.

4. Godsgebooie

In eenvoud gee die tien gebooie aan fundamentele waarhede die vorm van gebooie van God. Die onderskeid tussen goed en kwaad word as 'n absolute óf - óf opgevat. En die eis van die liefde tot die naaste, deur die profete gepredik, ontvang ten slotte sy afsluiting: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

5. Historiese bewussyn

Dié tree op in 'n tydvak van politieke katastrofe as 'n universele besef van die deur God geleide geskiedenis. Met die besef kry die lewe, ja die wêreld self 'n religieuse sentrum. Nie die toevallighede van die dag nie, maar die hede wat deur God gedra word, gee aan die lewe inhoud en sin.

6. Die lyde

Die lyde ontvang waardigheid en word 'n weg tot God. In die geskiedenis van die lydende Kneg van die Here en in die simbool van die kruis (Christus) word die lyde die teenpool van die tragiese van die Grieke. Die bybelse religie weet van geen tragiek nie of het dit oorwin.

7. Die openheid vir die teenstrydigheid

Dié geloofsekerheid is aan die swaarste beproewing blootgestel. Die religieuse beslissing, en elke religieuse uitspraak is 'n beslissing en voer tot onoplosbaarhede. Byvoorbeeld Job, hy is die hartstogtelike stryder om God teen God. En die vertwyfeling teenoor die Niks wat aan die redelike denke nie gespaar kan bly, vind sy uitdrukking by die Prediker.

Nou wys Jaspers daarop dat elkeen van hierdie grondtrekke van die Bybelse godsdiens bring sy eie ontsporinge mee:

1. Die ene God word 'n abstruktum wat alleen maar negatief teenoor die wêreld met sy volheid staan.
2. Die transendente God word van die wêreld losgemaak. Wanneer ons aan

God dink sonder Sy skepping, verdwyn alles. As die wêreld niks sou wees, word eintlik ook die transendensie tot 'n niks waarnaas vir niks anders plek is nie.

3. Die ontmoeting met God kry 'n utilistiese of sentimentele karakter. Die gevaar van hierdie gebedsgodsdiens is 'n egosentriese opdringing aan God. 'n Ander gevaar is die waan van sekerheid omtrent God se wil wat die oorsaak is van allerlei fanatisme. Wie meen presies te weet wat God sê en wil maak Hom tot 'n wese in die wêreld wat tot ons beskikking staan en ons kom daarmee op die weg van die bygeloof.

4. Godsgebooie. Dit word van eenvoudige sedelike aksiomas in abstrakte juridiese begrippe verander en uitgepluis in eindelose kasuïstiek.

5. Die historiese bewussyn. Die gaan verlore in histories-objektiewe beskouinge. Die mens gaan dan eksperimenteer met die wêreldgeskiedenis, teoreties in 'n vermeende wete van sy sin en gang, prakties in die waan die volvoerder te wees van God se plan.

6. Die lyde. Dié word langs allerlei psigologiese kronkelweë masogistiese lus, of dit word sadisties gesoek of in reeds lank oorwonne magiese kategorieë as offer gedink.

7. Die openheid vir teenstrydighede. Dié kan tot vertwyfeling en nihilisme lei, tot verbystering oor 'n alles omvattende negatiwiteit.

Volgens Jaspers het die Bybelse godsdiens tot hede toe in sy geskiedenis al hierdie ontsporinge geken. Die karakter van mildheid wat dit dikwels gedra het, is die keersy van die oorspronklike patos van die geloof.

HOOFSTUK 4

DIE TRANSENDENTE OPENBARING EN GELOOF

Vir die godsdiens is openbaring en geloof 'n lewensvoorwaarde. Albei is wesenlike bestanddele van die godsdiens. Godsdiens is so nou aan openbaring en geloof verbonde dat die een met die ander staan of val. Voordat ons oorgaan om Jaspers se siening van die godsdiens krities te bekyk, en omdat ons ons in hierdie studie wil toespits op sy openbaringsbeskouing, wil ons eers aandag skenk aan sy opvatting van openbaring en geloof.

1. Transendente openbaring

Jaspers se god is altyd transendent in sy verborgenheid. Wat die Transendente is, daarop mag ons nie 'n antwoord van Jaspers verwag nie. Die Transendente is nooit as 'n objek voor 'n subjek, in inhoudelike en vasstaande beelde te vat nie. 'n Mens sou verwag dat Jaspers ten opsigte van Transendente tot 'n radikale agnostisisme sou kom. Tog is dit nie die geval nie. Omdat die Transendente die absolute, die prinsipieel andere, onbepaalbare, onuitspreeklike en ontoeganglike is, is die toegang tot die Transendente nie objektief en kontemplatief te vind nie. Maar die toegang gaan deur die aktiwiteit van die eksistensie heen. Slegs in my innerlike aksie gaan so iets soos die goddelike vir my oop en is in feite meer voelbaar. So is my vryheid die drang na die Transendente en my eksistensie die steeds mislukkende soeke na die absolute. Van die kant van die eksistensie is daar die soeke, en van die kant van die Transendente, is daar 'n sekere verskyning. Hoewel die Transendente nie direk in die immanente verskyn nie, is sy verskyning tog indirek.[1] Die objekte in die wêreld spreek 'n taal van die Transendente; 'n taal wat alleen gelees kan word deur die eksistensie. 'n Goddelike verskyning appelleer op die menslike eksistensie. Dit is naamlik eers vanuit die eksistensie as vryheid en aksie dat die realiteit transparant word na die absolute Syn. Op daardie moment is hierdie wêreld as pure faktisiteit en werklikheid opgehef en deur die eksistensie heen as weerkaatsing van die Transendente. Slegs deur die beweging van my eie eksistere word die wêreld van blinde feitlikheid tot teken. Hierdie metafisiese ondervinding korrespondeer dus met die kairosstruktuur van die eksistensie: vir die eksistensie is die ewigheid in die oomblik as 'n misterie teenwoordig.

Die werklikheid is nie Chiffre in homself nie, maar is Chiffre deur die verskyning of spreke van die Transendente en vir en deur my vryheid. Die

---

1. Vgl. K. Jaspers, Wahrheit, p. 135.

Chiffre is 'n geskenk van die Transendente maar terselfdertyd 'n "skepping" van die eksistensie. Die werklikheid van die Chiffre word dus gegee sowel as geskep. Dit kan egter nie onderskei word waar die oomblik van die gee van die Transendente eindig en waar die "skepping" van die eksistensie begin nie. Beide is op dieselfde oomblik. Die lees van die Chiffre word geheel en al ingesluit in die "Geschichtlichkeit" van die eksistensie en terselfdertyd is dit 'n geskenk van die Transendente wat meer is as geskiedenis alleen: ewigheid. So is die aankondiging van die Transendente altyd "geschichtlich", sodat die spreke verbygaande is, dog die waarheid wat ons daarin tegemoetkom, ewig is.[2] Dit is volgens Jaspers 'n verlies van die Transendente as die historiese gestalte van sy aankondiging in sy objektiwiteit tot 'n absolute gemaak word; tot iets weetbaars. Dit is die dwaling van die sogenaamde objektiewe openbaring.

Die konkrete realiteit waarin God spreek noem Jaspers Chiffre of simbool.[3] Dit is dus 'n metafisiese voorwerplikheid wat nie self die Transendente is, maar sy spreke. Hierdie voorwerplikheid het simboliese betekenis met 'n verwysende aspek na die Transendente. Nie alleen die werke van kuns, poësie of filosofie, nie alleen die data van die geskiedenis, nie alleen die mite en wonders, beelde van 'n bonatuurlike wêreld nie, maar ook die gewone sake van die ervaring kan 'n afglans van die ewige geheim opvang. Die Chiffre vervul die taak van die eintlike synsaanraking. "Chiffre ist das Sein das Transzendenz zur Gegenwart bringt."[4] Daarom is dit die "Mittler" tussen eksistensie endie Transendente. Sonder die Chiffre sou daar geen Transendente vir ons gewees het nie. Die Transendente is werklik in sy Chiffre en die eksistensie is werklik in die metafisiese ondervinding. Die Chiffre is die aankondiging maar terselfdertyd weer die verdwynende openbaring van die absolute. Daarom moet die filosofie op die hoede wees vir die gevaar van die ontaarding van mite en openbaring tot vermaterialisering in versinnelike objektiwiteit. Vandaar dat die Chiffretaal 'n swewende karakter het. Dit bied nie iets weetbaars of grypbaars in die objek nie. Die ware filosofie gryp die syn in die polariteit van subjek en objek. Die Chiffre is die objektiwiteit wat van die subjektiwiteit deurdronge is.

---

2. Vgl. K. Jaspers, Wahrheit, p. 635.

3, Volgens B. Klein Wassink in sy werk Credo quia absurdum. Assen, van Gorcum, 1949, p. 86. Voetnoot sou Jaspers die term "Chiffre" waarskynlik aan die "Pensees" van Pascal ontleen het.

4. K. Jaspers, Philosophie, p. 793.

Nooit mag 'n simbool verobjektiveer en tot iets absoluuts gemaak word nie. Teen sulke afglydinge van die teologie moet die filosofie waak, aldus Jaspers. Die Chiffre is die paradoks van godse aanwesigheid wat tegelyk afwesig is. As hy sê, ek is hier, sê hy terselfdertyd, ek is nie hier nie. God is nie Chiffre nie, maar die werklikheid self. Die Chiffern is objektiwiteite wat op alle niveaus teenoor die daar optredende subjektiwiteit, vertoon word, maar sy Chiffersin eers ontvang in die betrokkenheid van die eksistensie op die Transendente.

Die Chiffern staan in hul betekenis lynreg teenoor openbaringsinhoude wat die Transendente in "leibhaftige" gestalte voorstel. Of op die oomblik waarheid deur die Chiffern spreek, word beslis deur die filosofere en die lewenspraxis van die eksistensie. Sodra die mens tot bewuste refleksie op sy bestaan kom, verwerp hy die vereenselwiging van tasbare realiteit en Chiffre. Die Chiffre moet Chiffre bly, kan ons niks regstreeks oplê nie, want dit is in stryd met wat hulle moet openbaar, te wete die vryheid. Hulle moet van ons kant interpreterend beleef word.

Vir Jaspers bestaan daar 'n tweërlei "Grundwissen". Die eerste vind ons in die ontologieë en wêreldbeelde wat vandag tot die groot Chiffern behoort. Die tweede, die ware, die "Grundwissen" van die Omvattende, is geen Chiffer. Die "Grundwissen" is 'n wete waarin en waardeur die ruimte geopen word en die oorspronge "hell werden", maar waarin nog niks "geschichtlich" konkreets word en die eksistensie en Transendente self spreek nie. Dit is langs hierdie weg van die eintlike "Grundwissen" dat by Jaspers die waardering ontstaan vir die funksionering van die openbaring na sy "Gehalt" waarin hy hom as besielende Chiffer toon vir die gelowige op sy weg na die vryheid van die eksistensie. Die "Grundwissen" beperk hom tot die oopmaak van ruimte en die deurligting van die oorspronge. Dit gaan immers om 'n "Grundwissen des Sichfindens im Umgreifenden." Dit is 'n "wete" wat geen eksistensie vrylaat om hom aan die "wete" te onttrek nie. Dit laat nie toe dat 'n ander grond gelê word as die wat gelê is nie te wete die "Vernunft". Die "Wissen" van die "Grundwissen" is die laaste grond en wat dit nie kan weet, kan nie geweet word nie. In die "Grundwissen" gaan dit dus om die oorspronge. Die Chiffer gaan eers spreek vanuit die Oorsprong. Deur die "Grundwissen" word die Chiffer van die Transendente ontsluit. Die "Grundwissen" is geen Chiffer, omdat dit geen ontologiese Totalwissen is nie, dit wil sê geen afgeronde Gegenstand voortbring nie. Dit beperk hom tot die oopmaak van ruimte en die deurligting van die oorspronge.

Die Chiffer is nie altyd tot beskikking nie, maar kom juis dan navore in die proses van die selfwording van die eksistensiële mens. Daarom is dit die eintlike mens wat die Chiffer-skrif kan lees. Alles mag Chiffer wees, alles mag waarheid wees. Die enigste kriterium is my eksistensie in hierdie Chiffer. Daarom kan ons alleen praat van my vryheid, my Kairos, my waarheid. My waarheid is nie die waarheid nie. Ek kan slegs in my vryheid aan ander sy vryheid laat, sonder om 'n outoriteit te word. Ek kan nie die Woord van God verkondig nie. Ek kan slegs ander oproep tot 'n nie-weet-nie, waardeur ek in kommunikasie met hom kan tree. Gesien in die lig van die voorafgaande, is die Chiffer altyd my Chiffer, die Transendente my Transendente, die waarheid my waarheid.

Die diepste Chiffer is vir Jaspers die echec. Hy het nie alleen die verganklikheid en die mislukking in die geskiedenis in die oog nie, maar ook die eksistensie wat skipbreuk ly. In die ervaring van die skipbreuk ly word die eksistensie op die kragtigste wyse heengewys op en voortgestuwe in die rigting na die Transendente. In hierdie stranding sien Jaspers die beslissende "Chiffer der Transzendenz". Op alle terreine is die stranding die laaste: die algemeengeldige strand op die relatiewe, die waardevolle op die histories verganklike. Die wêreld is uit en in homself nie te verstaan nie, ook nie die eksistensie wat strand op die grenssituasies nie. Dit beteken meer as maar net vergaan en ontstaan. As "Scheitern" kan dit 'n Chiffer wees waarin die Syn kan deurbreek. Die skuld, wat inherent is aan die vryheid, is die stranding van die eksistensie, waardeur sy eie waarheid nie as algemeengeldige waarheid gestel kan word nie. Die Transendente wat die eksistensie behoed van die nihilisme en 'n versinking in die bodemloosheid, laat hom nie afdwing nie. Slegs in die amor fati kan die stranding "Chiffer" van die Syn word. Met hierdie echec-opvatting word elke absolute openbaringsinhoud van die hand gewys. Dit is geen insigte, maar dit is 'n transparant maak sodat moontlik die Syn daarin kan deurskyn. "Das Nichts allen uns Zugänglichen Seins das sich im Scheitern offenbart, ist das Sein der Transzendenz."[5] Een van sy werke beëindig Jaspers met hierdie woorde: "Nicht durch Schwelgen in der Vollendung, sondern auf dem Wege des Leidens im Blick auf das unerbittliche Antlitz des Weltdaseins und in der Unbedingtheit aus eigenem Selbstsein in Kommunikation kann mögliche Existenz erreichen, was nicht Zu planen ist und als gewünscht

---

5. K. Jaspers, Philsophie, p. 234.

Sinnwidrig wird: im Scheitern das Sein Zu erfahren."[6] Die hoogste en die mees volledige skipbreuklyding, die sterwe, is vir die eksistensie die diepste en die eintlikste Chiffer, omdat in die skipbreuklyding die Syn ervaar word. Tereg maak van Peursen die opmerking dat in die Chiffer-begrip is die filosofie by Jaspers tegelyk echec en triomf.[7] Die echec het ook 'n positiewe doelstelling: in 'n verdwynende ewigheidsmoment kan die mislukking self Chiffer wees: dan word die hoogste waarheid bereik : die ewige sekerheid in die mislukking. In die echec word die Syn ervaar.[8]

2. Geloof

Voorop stel Jaspers dat geloof nie met die irrasionele vereenselwig mag word nie. Die irrasionele wat ten slotte slegs 'n negasie is, kan ons geloof nie wees nie.[9] Inteendeel, die wysgerige geloof word gekenmerk deur 'n vaste verbond met die wete. Geloof en rede, as uitinge van die eksistensie, gaan hand aan hand.

'n Ou teologiese onderskeiding tussen die fides qua Creditur en fides quae Creditur, die geloofsfunksie en die geloofsinhoud, neem Jaspers oor as hy sê dat in die geloof hierdie dinge albei onafskeidbaar met mekaar verbonde is. "Het geloof is dus wat subject en object omvangt,"[10]

Vir Jaspers is die geloof 'n akte van die eksistensie waarin die Transendente tot bewussyn kom. Elders stel hy dit so: geloof is langs die weg van die geskiedenis en deur middel van die denke, sig bewus word van die synde en sy oorspronge. Vir hom is die geloof dan eintlik geen afsonderlike funksie van die menswees naas die Dasein, bewussyn überhaupt, gees en eksistensie nie, maar 'n akte van die eksistensie. Die fundamentele aard van geloof moet gesoek word in die woorde "bewus word van die synde en sy oorspronge." Dit gaan dus vir hom nie in die geloof om sekerheid of die kenne van die Transendente nie, maar om bewus te word, en elders praat hy van die "vernehmen", "innewerden", "wahrnehmen", "erfahren", "angesprochen werden". Hy spreek selfs van die innerlike "Erscheinung" van die eintlike Syn en van die Transendente wat voelbaar word. Daarom kan die filosofiese geloof nooit stoel tot dogma en

---

6. K. Jaspers, Philosophie, p. 879.

7. Vgl. C.A. van Peursen, Riskante philosophie, een karakteristiek van het hedendaagse existentiële denken. 2e Druk, Amsterdam, Paris, 1955, p. 55.

8. Vgl. K. Jaspers, Philosophie, p. 879.

9. Vgl. K. Jaspers, Wijsgerige geloof, p. 10.

10. K. Jaspers, Wijsgerige geloof, p. 12.

konfessie nie. Dit moet in elke historiese situasie telkens opnuut uit eie oorsprong put. Daar is nie 'n algemeengeldige geloofsinhoud nie. Die eintlike geloof het 'n swewende karakter vir sover dit hom nie kan uitspreek in bepaalde stellinge nie: ek weet nie of en wat ek glo nie.[11]

Daar is 'n geloof in algemene sin wat aan elke mens eie is. Die geloof omvat die realiteitsbewussyn wat by die Dasein behoort met die evidensie, die klaarblyklikheid, as sekerheid van die bewussyn en die idee as die oortuigd wees van die gees. Dog in die eintlike sin is die geloof die akte van die eksistensie waarin die Transendente tot bewussyn kom. Geloof is lewe uit die omvangende. Die mens verkies oor die algemeen die geloof in die algemene sin; ons hou ons liewer aan objekte en wil graag alles onderwerp aan die oordeel en aan die maatstawwe van die verstand. Aan die eintlike geloof, die wysgerige geloof is die dialiktiek eie : die drang wat wel die objektiewe in hom opneem dog dit tegelykertyd weer ophef; wat hom stort in die onoplosbare en wanneer die ervaring my bring aan die grense van die niks, sal die skok wat ek daardeur beleef, my laat opstyg sodat ek my in 'n nuwe geloof toevertrou aan die Omvattende. As ek metodies met die kategorieë van my denke die kategoriëë self oorskry, dan gaan die ruimte van die geloof vir my oop : 'n nuwe wyse van nie-objektiewe wete word geskenk.

Wat is die inhoud van die wysgerige geloof? In die eerste plek God is. Dit weet ek nie op grond van 'n verstandelike bewys nie. 'n Bewese God is geen God nie. In die tweede plek is daar 'n onvoorwaardelike eis: daar is allerlei eise waaraan die mens onderworpe is; eise van nut en van outoriteit. Een eis egter wat deur niks bepaal is nie, het sy oorsprong in myself. Die onvoorwaardelike is saak van geloof. Die onvoorwaardelike kom tot my as eis van my eintlike self. Ten derde, die wêreld wyk weg in sy bestaan tussen God en eksistensie. Die wêreld wat as totaliteit nooit voorwerp van ons denke word nie, is ongeslote. Daarom moet ons aandag hê vir alle gebeure van die nog altyd ongeslote lewe. Hieruit volg nie alleen die sekerheid van die Transendente bo die wêreld nie, maar ook die ervaring van die wêreld as spraak van God.

Terwyl die enkeling (in kommunikasie met ander) die Omvattende soek in die ontwerp van 'n wysgerige geloof, is die ontwerp ook vrug van 'n groot tradisie. So is hier ook gesag aanwesig as geestelike leiding. Om op te groei in hierdie outoriteit is die voorwaarde vir alle inhoudryke filosofere. Wie uit

---

11. Vgl. K. Jaspers, Wijsgerige geloof, p. 20.

die egte, wysgerige geloof wil lewe, moet op hul hoede wees vir die verleiding van die skynfilosofie. Laasgenoemde tree op in die waarheidsfanatisme wat eie vermeende waarheid aan almal wil oplê en daarom is dit onwaar. Skyn of valse filosofie kom ook daár voor waar die mens die dialektiese bewoëndheid van die denke wat by die tese ook die antitese in hom opneem, loslaat en daardeur in eenlynige gedagtegange verval. Op die wyse mis die mens die doel van die ware denke, dat die rede rusteloos op weg is na die waarheid van die Ene. Die vervalsing tree ook daár na vore waar die mens meen in bepaalde begrippe, formuleringe en denkbeelde die goddelike objektief gegryp het. Maar die waarheid staan bokant die tydelik-historiese gebeure. Die openbaar worde van die Syn in die geskiedenis is waar. Jaspers ag dit 'n eis van egte filosofere om te breek met die eksklusivisme van die geloof. Hulle wat hul eie geloof aan ander wil oplê, het self van die ware filosofiese geloof verval. Waar kom geloof vandaan? As eie moontlikheid van die mens wel dit op uit die diepte van ons vryheid, uit ons eksistensiële oorsprong wat nie sonder die aankondiging van die Transendente verstaan kan word nie. As inhoud kom dit te voorskyn uit die openbaring van die Syn in die geskiedenis.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING

Die filosofie, by Jaspers, in onderskeid van die wetenskap, het geen spesifieke Gegenstand nie. Dit het as sy materiaal alles wat as blote objektiwiteit in die wêreldoriëntering van die wetenskappe voorkom. Die sentrale begrip vir Jaspers is die "Umgreifende" wat nooit as horison sigbaar word nie, wat hom in die voorwerplike slegs aankondig maar wat nooit voorwerp word nie. Teenoor die ontologie wat glo dat die syn bemagtig kan word en 'n sisteem van die syn gegee kan word, stel Jaspers sy periechontologie wat slegs verwys na dit waarin die syn ontmoet word. Hier het ons te doen met 'n dualisme, met 'n twee terreineleer: aan die eenkant het ons met die voorwerplike te doen waarvan ons algemeengeldige kennis kan bekom, aan die anderkant het ons die aankondigings, tekens, signa van die Transendente wat nooit objektief, algemeengeldig kan wees nie. Jaspers se onderskeiding van twee terreine word 'n geskeidenheid.

Hierdie aankondigings tekens van die Transendente kan slegs deur die eksistensie verneem of gelees word. Hier kom die bipolariteit van Jaspers se denke na vore. Aan die eenkant is daar die Transendente wat hom met signa, tekens, chiffre aankondig, aan die anderkant is daar die eksistensie wat die aankondiging verneem. Die een (die Transendente met sy aankondigings) is netso essensiël as die ander (eksistensie). Die aankondigings van die Transendente is sinloos sonder eksistensie en vica versa. Beide is in prinsipe gelykwaardig. Die een kan nie sonder die ander verstaan word nie.

Die vrye innerlike handele kan nie voltrek word sonder die lig wat dit van die Omvattende opvang nie. Die Transendente kondig hom self aan in die voorwerplike en net die eksistensie is vir die "Erhellung" toeganklik. Nie deur 'n direkte begrip nie, maar deur 'n indirekte aanspreek en appél. Aan die eenkant beklemtoon Jaspers die innerlike handele wat staan teenoor die kennis van die objektiverende denke. Deur hierdie filosofiese grondoperasie wil Jaspers die selfbewussyn van die mens losmaak van die objektiverende denke. Hy maak gebruik van die dialektiek : dit wat eers deur die denkkatogorieë gestel is, word weer transenderend genegeer om so deur te dring tot die ondenkbare van die Transendente. Hierdie transendering is die hart van sy filosofie en waar dit nie plaasvind nie, is daar geen filosofie nie. Hierdie akt van transendering bevry die denke wat in sekerhede gedompel is en roep die mens op tot sy ware bestaan. Maar aan die anderkant vind ons in die filosofie van Jaspers die aankondiging van die Syn in die objektiwiteit, sonder om die

objektiwiteit self te wees. Die Omvattende kondig hom slegs aan in die voorwerplike en in die horisonte, maar dit word nooit voorwerp nie. Dit is die eksistensie wat moet transendeer, maar die eksistensie is werklik wanneer die mens aan homself gegee is deur die Transendente. My amor fati word amor Dei, my fatum, 'n geskenk. Die mens is meer as net 'n fragment van die geskiedenis. Hy is Kairos in die tyd. Kairos is daar waar die mens sy fatum as geskenk aanvaar. In hierdie ware bestaan van die Kairos verneem hy die "Sprache der Ewigkeit" en waarin hy sy "daar" as geskenk aanvaar.

Ook die grenssituasie vereis die bipolariteit van die Transendente wat hom aankondig en die eksistensie wat dit verneem. In 'n grenssituasie verdwyn die objektiewe werklikheid waarmee 'n voorwaarde vir ware eksistere vervul word. Die "Erhellung" van die sigselfsyn word in die grenssituasie gewek om dan te kom tot die filosofiese lewe van die eksistensie. In die grenssituasie tree die syn in verskyning voor die eksistensie. Dit is die syn wat aan die grense deurbreek en so ontstaan die eksistensie. Die grens kry by Jaspers sin vanuit die Transendente. In die grenssituasie word die korrelasie van eksistensie en Transendente ervaar. En dit is deur hierdie korrelasie dat 'n situasie grenssituasie word. Elke verwysing na die eksistensie los van die Transendente en Transendente los van die eksistensie is 'n abstraksie.

Die verborge Transendente verskyn in die bestaan van die wêreld. Ons ervaar die spraak van God in die wêreld. Wie sy lewe op God wil rig, moet hom ywerig besig hou met die realiteit in die wêreld waarin hy die spraak van die Transendente moet hoor. Die wêreld is die radikaal andere teenoor die Transendente. Hiermee bestry Jaspers die panteïsme. Die wêreld is die "Stätte der Sprache der Transzendenz." Die Transendente spreek deur die verskyning tot ons in Chiffre. Die Chiffre, wat 'n geheimskrif of teken is, is as Chiffre weliswaar nie die Transendente nie, maar dit wys op die Transendente wat onuitgesproke moes bly as die Chiffre nie gegee word nie. God is vir my seker, nie as voorwerp van kenne nie, dog as teenwoordigheid vir die eksistensie. Dit gaan nie om kennis van God nie, maar om ons verhouding tot hom : alleen in ons innerlike kan ons sy teenwoordigheid ervaar.

Die akt van die transendering van die eksistensie is nie moontlik sonder die Transendente nie, maar terselfdertyd is die Transendente "niks" sonder die akt van die transendering van die eksistensie nie. So word eksistensie en Transendente van mekaar onderskei sonder om een oomblik van mekaar losgemaak te word. So is die bipolariteit van Jaspers se denke vir ons duidelik. "Transzendenz zeigt sich

allein der Existenz". Van die kant van die eksistensie is daar die soeke en van die kant van die Transendente is daar 'n sekere verskyning. Die objekte in die wêreld spreek 'n taal van die Transendente, 'n taal wat alleen deur die eksistensie gelees kan word.

Ook in sy openbarings- en geloofsbeskouing is die bipolariteit van sy denke duidelik. Die konkrete werklikheid waarin God spreek noem hy Chiffre. Dit is 'n metafisiese voorwerplikheid wat nie self die Transendente is nie, maar sy spreke. Die voorwerplikheid het simboliese betekenis met 'n verwysende aspek na die Transendente. Sonder die Chiffre sou daar geen Transendente vir ons gewees het nie. Die Chiffre is die aankondiging maar terselfdertyd die verdwynende openbaring van die Absolute. Nooit mag 'n simbool, aldus Jaspers, verobjektiveer en tot iets absoluuts gemaak word nie. Die Chiffre staan in hul betekenis lynreg teenoor die openbaringsinhoude wat die Transendente in "leibhaftige" gestalte voorstel. Die Chiffre moet van die kant van die eksistensie interpreterend beleef word. Daarom is die lees van die Chiffreskrif die eintlike mens-wees. Die geloof is vir hom 'n akte van die eksistensie waarin die Transendente tot bewussyn kom. In die geloof gaan dit vir hom om die bewus word van die synde en sy oorspronge. Hy spreek ook van die innerlike "Erscheinung" van die Transendente wat voelbaar word.

Die vrye innerlike handele, die filosofere, geskied, aldus Jaspers, nie deur die geïsoleerde enkeling nie, maar word voltrek in die kommunikasie van mens tot mens. Om jouself te wees is slegs moontlik in kommunikasie met ander wat hulleself is. Die filosofiese waarheid is 'n funksie van die kommunikasie. Daarom gaan dit vir Jaspers nie om die geïsoleerde enkeling nie, maar om die kommunikasie van enkelinge, dit wil sê 'n interindividualisme. Die filosofie wil slegs 'n middel tot kommunikasie van enkelinge wees. Dit stig 'n menslike gemeenskap, 'n onsigbare kerk, 'n mistieke liggaam. Die eksistensie is altyd vir 'n ander eksistensie oop. Wat die mens tot mens maak is kommunikasie. Filosofie wat as objektiewe struktuur vir die ware, juiste gehou word, is in sy wortel "Kommunikationslos", In die waarheidsrealisering verdwyn al die objektiewe en formuleerbare want dan impliseer dit ander het nog nie die waarheid nie, ander moet dit van my aanneem. Die kommunikasie is 'n stryd, "liebender Kampf". Dit is nie 'n stryd van twee eksistensies teenoor mekaar nie, maar teen jouself en om die ander. Alleen 'n stryd om die waarheid. En dít alleen is waar wat kommunikasie stig. Die filosofiese waarheid het sy oorsprong en werklikheid in die kommunikasie.

Daar is 'n teenstelling tussen die dwingende sekerheid van die wetenskap en die filosofiese waarheid. Eersgenoemde waarheid is algemeengeldig, onhistories. Dit is absoluutvir sover dit eenvoudig en algemeen is. Dit is relatief gemeet aan die absoluutheid van die geheel van die Omvattende. Die filosofiese geloofswaarheid is absoluutvir sover dit die lewe vervul, maar relasioneelvir sover dit as voorwerp gedink en begrondend uitgespreek word. Wie die waarheid as objektief geldig vir almal besit, beteken dat ander waarhede uitgesluit word en jou eie as die enigste geldige beskou. Geloofsuitsprake mag dus nie behandel word as algemeengeldige waarhede nie. Vir die filosofie is die eksklusiwiteit van die geloofswaarheid 'n onwaarheid wat die gevolg is van 'n onsuiwere waarheidsbegrip. Die omvattende, as die bron van die waarheid, het verskillende wyses wat verlig moet word. Hierby speel die eksistensie 'n groot rol. Waarheid is altyd my waarheid. Hiermee is die relasioneelheid van die waarheid gegee : waarheid vir my, waarheid om my betrokke. Dit geld vir elke eksistensie, maar in kommunikasie met ander waarby ek die ander sy vryheid laat, sonder om 'n outoriteit vir hom te word.

Jaspers se godsdiens- en openbaringsbeskouing moet teen die agtergrond van sy filosofie gesien word. Aan die eenkant laat Jaspers hom waarderend oor die godsdiens uit; hy is selfs baie simpatiek teenoor die Christelike godsdiens. Volgens hom is die Bybelse godsdiens selfs vir die filosofie onvervangbaar. Maar aan die ander kantbepleit hy 'n metamorfose vir die godsdiens. Die groot gevaar wat volgens Jaspers die godsdiens bedreig, is die "Vergegenwärtigung", vermaterialisering van die Transendente en wat hiermee saamhang die verobjektivering van die openbaring wat van die aankondigings, spreke, chiffre 'n histories eenmalige faktum maak. Volgens Jaspers is dit 'n verlies van die Transendente as die historiese gestalte van sy aankondiging tot 'n absolute en objektiewe gemaak word. Dit ist die dwaling van die objektiewe Woordopenbaring, aldus Jaspers. Daarom waarsku hy dat die filosofie op sy hoede moet wees vir die gevaar van die ontaarding van mite en openbaring tot vermaterialisering en versinnelikte objektiwiteit. Die "Ausschliesslichkeitsanspruch" van die Christendom berus volgens Jaspers, op bogenoemde drie sake, die vermaterialisering van die Transendente, die verobjektivering van die Openbaring en die verkeerde waarheidsrealisering. Op sy beurt bestry hy die Christelike godsdiens ten opsigte van die reële teenwoordigheid van God in die woordopenbaring en kultus, die "mite" van die redder Christus buite my, die outoriteit van die objektiewe Woordopenbaring en die "objektiewe" ryk van die gemeenskap van die gelowiges. Teenoor die reële teenwoordigheid van

God in die kultus en openbaring, sien die filosofie in alle historiese objektiwiteite net 'n moontlike spreke van die Transendente. Daarom verwerp Jaspers die Woord-openbaring en gaan hy uit van die spreke, aankondigings van die Transendente wat nooit objektief voorhande is nie. Teenoor die "mite" van die redder-Christus buite my, is die filosofiese weg van die verlossing swaar omdat geen instansie in die wêreld 'n laaste woord kan spreek nie, geen histories-gegewe openbaring voorhande is waaraan die mens sy heil kan dank nie. Waarop dit hier aankom is die innerlike handeling en ervaring : verlossing lê in die ervaring van die syn. Teenoor die sosiologiese mag van die Kerk plaas die filosofie geen eie sosiologiese mag nie. Die ware gemeenskap van enkeling tot enkeling word eers vanuit die filosofere herstel. Teenoor die outoriteit van 'n objektiewe openbaring, kan die outoriteit vir die filosofie nie iets wees wat in die algemeen vir alle wesens geld nie. Alle outoriteit dra 'n "geschichtliche" karakter. Godsdiens en filosofie neem radikaal verskillende houdings aan ten opsigte van kennis en "Geschichtlichkeit". Vir die godsdiens, aldus Jaspers, is die "sacraficium intelellectus" dwingend. Die geloofsinhoud van die godsdiens is iets objektiefs, dit is 'n dwingende insig en kennis. Die filosofiese mens daarenteen bind hom aan geen wyse van dwingende insig nie. Die dwingende kennis kon nie agter die dinge nie. Die "Geschichtlichkeit" van die godsdiens verobjektiveer hom as standpunt en sy standpunt word 'n absolute wat nie weerspreek mag word nie. Die egte "Geschichtlichkeit" van die filosofie dring in die waarheid in deur onophoudelike kommunikasie van "Geschichtlichkeit" met ander "Geschichtlichkeit."

HOOFSTUK 6

ALGEMENE KRITIESE OPMERKINGE

1. Inleiding

Ons kritiek op Jaspers se beskouinge het besliste grense : ons wil sy beskouinge krities besien vir sover hy hom oor die godsdiens en die openbaring uitgelaat het. Dit wil hoegenaamd nie sê dat baie van sy ander beskouinge bo kritiek verhewe is nie, maar ons het eerstens te doen met sy beskouinge met betrekking tot die godsdiens en die openbaring. Omdat die studie 'n filosofiese studie is, wil ons ons weerhou van teologiese kritiek en wil Jaspers se beskouinge aan 'n filosofiese kritiek onderwerp. Die hoofklem van die kritiek sal dus filosofies wees. Op ons kritiese weg wil ons van 'n drieledige metode gebruik maak: die immanente, die transendentale en transendente kritiek. Met die immanente kritiek, wat vir ons die minsbelangrike is, vra ons nog nie na die veronderstellinge of fundamentele principia waarvan hy in sy denke uitgegaan het nie, maar waar hy homself weerspreek; waar hy immanente foute in sy beskouinge begaan het. Met die transendentale metode van kritiek wil ons die onuitgesproke veronderstellinge en fundamentele principia blootlê om dan aan te toon hoe sy beskouinge daaruit voortvloei. Dié sal nie alleen ontbloot moet word nie, maar ook aan 'n kritiese beskouing onderwerp moet word. Die derde metode van kritiek wat ons wil volg is die transendente waar ons uitgaan van 'n eie standpunt en om dit te stel teenoor die standpunt van Jaspers. 'n Geïntegreerde aanwending van hierdie drie metodes van kritiek sal miskien die wenslikste wees.

Ten onregte het Weiland die opmerking gemaak dat die teologiese kritiek die interessantste is, omdat ons hier met die hele "Weltanschauung" gekonfronteer word.[1] Hierteenoor moet ons opmerk dat nie net die teologie nie, maar ook die filosofie het by die "Weltanschauung" belang. Laasgenoemde is nie spesifiek teologies nie, maar ook nie spesifiek wysgerig van aard nie. Elke wetenskap, ook die filosofie, kom uit 'n voorwetenskaplike lewens- en wêreldbeskouing op en word in fundamentele sin daardeur medebepaal. Daarom word ook die filosofie met die Weltanschauung gekonfronteer.[2]

Ons bevind ons reeds op die weg van die transendentale kritiek deur te vra wat is die lewens- en wêreldbeskouing wat aan die filosofie van Jaspers ten

---

1. J. Sperna Weiland, Philosophy of Existence and Christianity, p. 80.

2. Vgl. Prof. H. G. Stoker se uiteensetting oor lewens- en wêreldbeskerming in Beginsels en Metodes in die Wetenskap Pro Rege-Pers Beperk, 1961, Potchefstroom; Voortaan verkort tot Beginsels, p. 113.

grondslag lê? Ten diepste wat is die religieuse grondmotief wat as die fundamenteelste stukrag in sy denke werk?[3] Hieraan wil ons eerste, in ons kritiek op die beskouinge van Jaspers, ons aandag gee.

2. Die religieuse grondmotief in die denke van Jaspers.

K.J. Popma dui die religieuse grondmotief in die filosofie van Jaspers aan as die grondmotief van natuur en vryheid.[4] Die vryheidsmotief is onlosmaaklik verbonde met die natuurmotief, aldus Popma. "Das Freiheitsmotiv besagt, wie der Mensch als Freiheit den Mensch als Natursein handhaben soll". Hy wys daarop dat Jaspers op dogmatiese wyse daarvan uitgaan dat die mens deur en deur vryheid is. Tereg het Popma die opmerking gemaak: "Sie (die dogmatiese veronderstelling, B.J.S.) kann nur diejenigen überzeugen die von der Wahrheit dieses Dogmas zuvor schon überzeugt waren."[6]

Dit kan nie geloën word dat ons in die denke van Jaspers met 'n besondere vryheidsidee te doen het nie. Alhoewel hy die deur vir die individualisme wyd oopgemaak het, sien ons hom as 'n inter-individualis weens die noodsaaklikheid van die kommunikasie, juis ook terwille van die ander en weens die idee van die corpus mysticum. Teenoor die vryheid van die enkeling, wat nie te isoleer is van ander enkelinge nie, staan in die filosofie van Jaspers ook 'n sekere gebondenheid aan 'n sekere natuursyn van die mens. Hierdie natuurgebondenheid vind 'n besondere uitdrukking in die leer van die situasies en grenssituasies. Hieraan kan die mens feitlik niks verander nie : ek moet sterwe, ek moet ly, ek moet stry. Die mens is radikaal en prinsipieel situasiegebonde.

Ook volgens Zuidema staan die filosofie onder leiding van sy wysgerige transendentale idee, ontleen aan sy religieuse grondstelling dat die vrye selfsyn van die mens, sy outonomie, die vryheid van die mens om oor homself te beskik, homself te vorm, in homself te rus en tot homself te wees, die onaantasbare hoogste goed is.[7] Hierdie "Selbstherrlichkeit" van die mens word in elk geval nooit deur die godheid aangetas nie. Die humanistiese persoonlikheidsideaal is hier veilig gestel deur die godheid, aldus Zuidema. "Existentiephilosophie is

---

3. Oor die religieuse grondmotief sien Prof. H.G. Stoker se beskouing in Beginsels, p. 113.

4. Sien artikel van K.J. Popma in Philosophy and Christianity, Philosophical Essays dedicated to Professor Dr. Herman Dooyeweerd, 1965, J.H. Kok W.V. Kampen. (Voortaan verkort tot Philosophy, p. 220).

5. K.J. Popma, Philosophy, p. 220.

6. K.J. Popma, Philosophy, p. 220.

7. Sien artikel van S. U.. Zuidema Idee van Transendering by K. Jaspers art. in Philosophia Reformata, 21ste Jaargang, p. 1.

over heel de linie vryheidsphilosophie."[8] In die vryheid wat aan ons geskenk is, klop die hart van ons menswees. Die menslike lewe het egter nie alleen die pool van die vryheid nie, maar ook die teenpool van eindige beperktheid en historiese bepaaldheid. Ook vir van Riessen is Jaspers se filosofie 'n filosofie van vryheid en natuur.[9]

Vir al drie aangehaalde outeurs het die eksistensiële vryheid by Jaspers sy noodsaaklike komplement in die historiese, dit is in die tyd van die "Dasein". Ek is nou eenmaal in die wêreld "Dasein". As signum van die eksistensie is vryheid in die volle sin van die woord : selfbepaling.

Voordat ons oorgaan om na Jaspers self te luister en bogenoemde beskouinge aan sy standpunte te toets, moet ons eers 'n antwoord gee op die vraag wat met die humanistiese grondmotief van vryheid en natuur bedoel word? Hier het ons met 'n radikale verwêreldliking van die skema natuur en genade te doen. Die Christelike leer van die vryheid in Christus word gesekulariseer in 'n nuwe persoonlikheidsideaal van die vrye ontonome selfbepaling. Ook die Christelike opvatting van die Skepping is gesekulariseer. Die natuurbegrip kry 'n geheel nuwe natuurwetenskaplike sin. Uit die persoonlikheidsreligie met sy vryheidsmotief word nou 'n nuwe motief gebore naamlik die beheersingsmotief wat die natuur met sy moontlikhede geheel en al aan die mens wil onderwerp. Die konflik tussen natuur en vryheid kom hier nou in sig. Die wetenskapsideaal wil die hele werklikheid van hoog tot laag sien as 'n geslote ketting van oorsaak en gevolg. Nou is daar ook geen plek vir die vryheid van die mens nie. So staan natuur en vryheid dialekties teenoor mekaar.[10] Is dit die grondmotief wat ook aan die wortel van Jaspers se denke lê? Niemand wat enigsins op hoogte is met die denke van Jaspers sal kan ontken dat die twee motiewe, te wete vryheid en natuur by Jaspers sterk navore kom nie. Die ondervinding van vryheid behoort tot die essensiële struktuur van die mens. Hierdie ondervinding kan nie van die een mens aan 'n ander oorgedra word nie. Die vryheid is intens persoonlik. Die diepste vryheid kan nie deur die bewussyn "überhaupt" in 'n begrip gevat word nie. Dit is 'n ondervinding wat elke objektiewe en gegenständliche konsepsie van die denke te bowe gaan. In sy streng individualiteit is dit die "selbstsein" en

---

8. S. U. Zuidema, De mensch als historie. Franeker, Wever, 1948, p. 6.

9. H. van Riessen, Filosofie en Techniek, Kampen, Kok, 1949, p. 279.

10. Sien H. Dooyeweerd, Reformatie en Scholastiek in de Wijsbegeerte, Franeker, 1949, p. 17.

"Selbstheit" van die mens. Terwyl geen denkkonstruksies my aan my vryheid kan help nie en geen objektiewe wete my tot waarheid kan lei nie, gaan vir my in die spesiale ervaring van hierdie vryheid as vryheid en keuse die eksistensie oop en verkry ek 'n ondervinding van my eksistensie. Hierdie vryheid is slegs as daad. "Freiheit ist nur zu tun." Wanneer ek voel dat ek 'n daad geheel en al uit myself en met my volle persoon wil en doen, in die besef van die "volle Gegenwart des Selbst", toon my dade hulle as onvoorwaardelik en as sodanig vry. In die waarlik vrye keuse is ek myself en ken ek pas myself. In die vrye daad wat hom as, in die gewete opdringende, innerlik noodsaaklikheid vertoon, is ek waarlik myself. Terwyl dit die aard en glorie van my vryheid is, onvoorwaardelik te wees, is ek tegelyk opgeneem in die brute bestaan; histories bepaald; een-en-al-bepaaldheid en voorwaardelikheid. Terwyl my vryheid die onmoontlike wil en in die diepste van sy wese "regelos" is, is hy dit nie slegs op grond van en binne die bestaan nie, maar ook in sy verhouding tot die Transendente. Die vryheid is in die sin bepaal deur die faktisiteit van sy daar te wees, maar terselfdertyd is die vryheid ook op 'n ander manier bepaal en in 'n ander rigting: deur 'n "müssen" waarin hy die Transendente hoor, waardeur die faktiese daar 'n Chiffre van die Transendente word. Amor Fati word Amor Dei en fatum word 'n geskenk. Die paradoks van die vryheid is dat die vryheid transitief word: ek is gewil deur die Transendente. Ek is waarlik vry in die liefde van God, die Amor Dei.

Uit bogenoemde is dit vir ons duidelik dat dit 'n vergryp aan en 'n verkragting van Jaspers se denke sou wees as ons dit primêr sou wou verstaan vanuit die humanistiese grondmotief van vryheid en natuur. By die humanis word die menslike vryheid deur die natuur weerspreek, by Jaspers word die vryheid van die mens bepaal deur die faktisiteit van sy daar te wees. By die humanis word die vryheid vanuit die natuur bedreig en verongeluk, maar by Jaspers vorm die natuur 'n onmisbare basis vir die vryheid. By eersgenoemde moet die natuur oorwin word, by laasgenoemde is die natuur die onmisbare wegspringplek, die lanseerterrein van die ware vryheid. By albei is daar 'n dialektiese spanning tussen vryheid en natuur, maar word heeltemal verskillend gedui. Die feit dat die faktiese daar 'n Chiffre van die Transendente kan word, wat volgens die grondmotief van die humanisme nie moontlik is nie, is 'n verdere aanduiding dat, alhoewel dieselfde waarde of termilogie gebruik word, is die betekenis nie dieselfde nie. Vir die humanis is die prentjie voltooi met die vryheid en natuur wat 'n stryd met mekaar voer: met die persoonlikheids- en wetenskapsideaal wat direk teenoor mekaar staan is alles gesê. Maar by Jaspers is met vryheid en natuur wel baie gesê, maar nie alles nie. Sy

vryheids- en natuurbegrip het dieperliggende gronde waaruit dit verstaan en gedui moet word. Ons moet Jaspers vir sy diepere siening, waar dit gaan om die verhouding van eksistensie en transendente waardeer, ook al dwaal hy in sy siening van eie verhouding van mens en God.

Die humanistiese grondmotief word wel by Jaspers herhaal maar kom nou in 'n heeltemal nuwe lig te staan. As ons met hierdie dieperliggende gronde nie rekening hou nie, en vryheid en natuur nie teen dié agtergrond verstaan nie, is daar baie beskouings van Jaspers wat ons hoegenaamd nie sal verstaan nie: Watter insig sal ons byvoorbeeld kan hê van sy verskil tussen filosofie en wetenskap, van sy wysgerige akte, van die Transendente, van die Chiffreleer, van sy waarheidsopvatting ens. In kort die grondmotief van natuur en vryheid maak die filosofie van Jaspers vir ons nie deursigtig nie: te veel vrae word onbeantwoord gelaat. Ons sal Jaspers se denke vanuit 'n ander grondmotief moet verstaan.

Laat ons allereers weer terugkeer tot die "denksisteem" van Jaspers self om daaruit te probeer vasstel wat die grondmotief van sy denke kan wees. Die dialektiese vraag waarvoor hy telkens weer te staan kom is hoe om vanuit die kontingente tot die sin, die Vaste (die Transendente) te kom. Die faktiese of immanente toestand is die kontingente situasie. By die mens is daar deurleefde kontingensie. Die mens erken hom as geworpe in die bestaan, in die immanente. Daar is geen Absolute Grond waarom die mens sou ontstaan het nie. Die Dasein is die kontingente grenssituasie "über die wir nicht hinaus können, die wir nicht ändern können" (Jaspers). Hierdie faktiese, hierdie immanensie is 'n tekort aan vaste syn, 'n manco. In die immanensie behoort nie vasgesteek te word nie. Van die faktisiteit behoort weggeskry te word; hierdie immanente behoort oorskry te word. Dan beweeg hy weg van die feitlike Dasein in sy kontingente karakter en hy beweeg na .... Sin, die Syn, die Transendente. Die Absolute, die Transendente mag nooit bereik word nie. Die strewe wat 'n einde bereik is oneintlik. Daar is geen geleidelike deurgang van die eindige na die oneindige, van die relatiewe na die absolute, van die immanente na die Transendente syn nie; al wat moontlik is is die sprongsgewyse voltrekkende oorgang (akt van transendering) maar eintlik slaag ek nie daarin om die grense oor te steek nie, maar stuit juis op die uiterste grense. Die standhou op hierdie grense is die eintlike vuurproef van die eksistere en 'n filosofiese vorm van "gevaarlike lewe" wat in skerpe teenstelling staan tot die innerlike rus van elke staties metafisiese beskoulikheid asook tot die vaste aanhegtingspunte binne 'n eindige werklikheid soekende positivisme.

Met Kant is Jaspers oortuig dat in die soeke na die Syn dit nie in die wêreld

gevind kan word nie, dit wil sê as 'n objek wat onderskei kan word van die subjek nie. Solank ons ons in die Subjek-Objek "Spaltung" bevind, is die wêreld enkel en alleen net verskyning. As dit ons geluk om die Subjek-Objek-"Spaltung" te oorkom en die Transendente wêreld "in te gaan", het ons die vooruitsig om die eintlike Syn te bereik. Maar hierin slaag ons nooit nie. Die dualisme van die lewensfilosofie keer hier terug maar dan tot metafisiese tweespalt verdiep. Daar is geen sprake dat die een komponent van die tweespalt ter wille van die ander opgeoffer word of dat beide in 'n hoër beginsel geneutraliseer word nie. Teen dié agtergrond en in die lig van die voorafgaande wil ons die grondmotief van die denke van Jaspers kwalifiseer as die grondmotief van kontingensie en sin.[11] Binne hierdie kader of omlysting figureer die outonome, vrye mens, maar aan die anderkant is daar ook die Transendente wat hom met tekens, Chiffre aankondig. Die eksistensie is netso essensieel as die Transendente met sy aankondiging. Die aankondiging van die Transendente is sinloos sonder eksistensie en vica versa. In hierdie opsig is beide in prinsipe gelykwaardig. Mens kan by Jaspers die een nie sonder die ander verstaan nie. Eensydig is die siening van Zuidema en andere ten opsigte van Jaspers waar hy slegs die vrye, ontonome mens onderstreep ten koste van die aankondiging van die Transendente.[12]

Jaspers se filosofie berus op 'n dualisme. Insover is dit regstreeks die teendeel van die idealisme waarin die wil tot versoening as sterkste motief werksaam is en alles op volledigheid en harmonie gerig is. Vir die idealisme is die ene syn die beginsel daarin as 'n absoluut, in-sig-rustende gegewe wat deur die medium van denke langs 'n proses van geleidelike verheldering en toenemende bepaling aan die dag tree. Netsoos die Syn is die waarheid een en ondeelbaar metodies te onderken en volstrek onthef van die toevalligheid van die individuele insig. Kragtens Jaspers se disharmoniese grondmotief van kontingensie en sin, is hy 'n verklaarde teenstander van dergelike verhewe, onaantasbare en onwankelbare principia. Die Syn en die waarheid is vir hom geen onveranderlike rigpunte waaraan die filosofie hom kan orienteer nie, inteendeel is dit die nouste gebonde aan die inspanning van die enkele mens wat as't ware op die risiko steeds opnuut na die Transendente moet deurbreek om die waarheid te verower, nie as 'n vaste besit of vir altyd fikseerbare standpunt nie. Die inspanning van die enkele mens, mag egter nie losgemaak word van die inspanning van ander enkele mense asook die aankondiging van die Transendente nie.

---

11. Dit is die verdienste van Prof. Stoker om die grondmotief van die eksistensiefilosofie te kwalifiseer as kontingensie-sin. Sien Kosmiese dimensie van gebeurtenisse art. in Philosophia Reformata, Jaargang 29, 1964, p. 59.

12. Sien artikel van Zuidema Idee van de Transendenren in Philosophia Reformata, Jaargang 21, p. 21.

Kant het die moontlikheid van 'n teoretiese kennis van die Ding an sich en van die intelligible wêreld geloën, maar tog geglo dat ons as morele wesens hierdie wêreld kan binnegaan en dat die etiek die sleutel tot metafisiese kennis is. Waar Kant seker was, is Jaspers twyfelend. Kant was van die objektiwiteit van die fenomenale wêreld seker. Jaspers verwerp die "Objektivitäten", kragtens sy grondstelling, maar ook omdat dit die vryheid van die individu beperk en die aktuele soeke na die Syn en die aktuele aankonding van die Transendente in gevaar sou bring. Die gesplete struktuur van die bestaan self, die belangrike figurant naamlik die selfbepalende mens en die aankondiging van die Transendente is die bepalende faktore van al sy beskouinge, dus ook van sy godsdiens- en openbaringsbeskouing. Die objektiewe is vir hom identiek met die zone van die wêreldoriëntasie. Dit is die zone van die empiriese, die kontingente. En buite die horison van die bepaalbare en objektiveerbare vind ons die nie-objektiveerbare, die nie-bepaalbare, die Transendente. Alhoewel die afstand en die op sigselfstaande geïsoleerdheid van die Transendente geen enkele direkte bepaling toelaat nie, kondig die Transendente hom flitsend aan. Die syn waarin alle dinge hul oorsprong vind, is van die dinge onderskeie, anders bepaald. Maar tog is daar 'n spraak van die Transendente. Die verhouding immanensie-transendente word vanuit die religieuse grondmotief van kontingensie benader waarby Jaspers onderskei tussen die dinge wat voorhande is en die aankondiging van die Chiffre, tussen algemeengeldige, dwingende kennis van objekte en die eksistensiële geloof wat hom ophef tot die verneem van die spraak van die Transendente.

Teenoor die religieuse grondmotief van kontingensie en sin, staan die skriftuurlike grondmotief van Skepping.- Sondeval en Verlossing. As Skepper openbaar God Hom as die Absolute en volledige Oorsprong van alle dinge. Daar is geen ander oorspronklike mag wat dialekties teenoor Hom staan nie. Die Skepping word gekenmerk deur sy integrale en radikale karakter want dit omvat al die geskapene en dring deur tot die wortel van al die geskapene. Hier is die wortel-dualisme en gespletenheid vreemd. Die motief impliseer dat die Skepping sy oorsprong, voortbestaan en bestemming in God vind. Maar dit verbied dat die Skepping of enige iets van die Skepping verabsoluteer of vergoddelik of misken en doodgedruk word. Dié motief bring ook die waarheid na vore dat godsdiens en openbaring alleen uit God voortvloei en uit Hom verklaarbaar is en dat dit uit niks wat kosmies is, afgelei kan word nie. Ons ken God slegs vir sover en omdat Hy Hom aan ons wil openbaar. Die tweede komponent naamlik die sondeval werk ook geen wortelgespletenheid in die hand nie. Die Skepping na die sondeval bly nog steeds God se Skepping en die

mens bly nog mens, alhoewel die sonde die verhouding versteur het. Ook hierdie tweede motief gryp bepalend en vormend op die aard en vorm van die openbaring en godsdiens in. Die derde komponent te wete die Verlossing is reeds geïmpliseer in die opheffing van die effek van die Sonde. Christus die vleesgeworde Woord bring die radikale verlossing en herskepping te weeg. Hierdie grondmotief is bepalend vir ons Christelike godsdiens- en openbaringsbeskouing.

3. Die verhouding van God en mens

Jaspers benader die probleem immanensie-transendensie vanuit die grondmotief van kontingensie waarby hy, dualisties in analogie met die skolastiek, onderskei tussen die bepaalbare, objektiveerbare en die aankondiging van die Chiffer. Hier is 'n skeiding. God is die onkenbare, onbekende, onbereikbare. Maar daar is 'n Transendente. Dit is deïsme. Maar tog is daar 'n aankondiging van die Transendente. Daarom kan Jaspers 'n parsiële deis genoem word.[13] Jaspers se parsiële deïsme moet ons benader daaruit dat hy Gods Woordopenbaring verwerp en vanuit die religieuse grondmotief van die kontingente hom gekonfronteer sien met wat ons die Skeppingsopenbaring van God noem. Die wysgerige of eksistensiële geloof maak die oë oop vir die aankondiging„ die spraak van die Transendente, terwyl die Transendente self transendent en onkenbaar asook onbereikbaar bly. Met die uitskakeling van God se Woordopenbaring en vanuit 'n kontingente benadering van die Skeppingsopenbaring, bly die Transendente transendent, onkenbaar en onbereikbaar. Nieteenstaande sy aankondiging.

Severÿn se siening dat Jaspers se denke 'n panteistiese karakter dra en dat ons hier met 'n identifikasie van die immanente en Transendente te doen het, blyk vir my 'n verkragting van die beskouinge van Jaspers te wees.[14]

Die vergelyking wat Severÿn tussen Jaspers en Spinoza tref, gaan nie op nie. Die Omvattende as die Transendente moet onderskei word van die Omvattende wat verskyn in die wêreld en die omvattende wat ek is. As mens op die woord "Omvattende" van die Transendente afgaan, sou hier hoogstens van 'n panenteïsme sprake kan wees. Maar die geisoleerdheid, die'transendentheid'en on-inisiatiwiteit van die Transendente, asook ander bepalings, laat Jaspers se beskouinge moeilik panenteïsties wees. Van identifikasie van die Transendente en immanente is hier nie sprake nie. Jaspers bestry die identifikasie self. En die bipolariteit van die eksistensie en Transendente, die "Scheitern" laat die identifikasie ook nie toe nie.

---

13. Sien artikel van Prof.Stoker God en Werk in Koers, Jaargang 4, Nr.4,1937.

14. S.U. Zuidema, Denkers van deze tijd II Heidegger, Dostojewski, Jaspers, Toynbee, Franeker, Wever, p. 145.

Die flitse veronderstel die aankondiging of sprake en die verneem, die glo, maar gee geen reg tot identifikasie nie. En om dieselfde rede die Kairos ook nie. Die fatum as geskenk beteken nie die identifikasie met die Transendente nie. Die spreke van die Transendente en die "verneem" van die kant van die eksistensie veronderstel by Jaspers polariteit van eksistensie en Transendente, maar beslis geen identiteit nie. Die verskyning, of aankondiging van die Transendente beteken nie dat die Transendente self, as sodanig in die sfeer van die immanente getrek word sodat hy daardeur met die immanente identies word nie. Jaspers se Transendente opvatting laat geen panteïsme, identifikasie toe nie. En die "Aufschwung" van die kant van die eksistensie ook nie. Ook die rede (Vernunft) kan denkend grense oorskry, maar dit is geen ontologiese oorskryding nie, soos deur die identifikasie vereis word nie. Die rede hef nie die grens tussen immanente en Transendente op nie.

Die Transendente en die eksistensie is nie tot mekaar herleibaar nie. Aan die eenkant is daar die eksistensie (en die wêreld), aan die anderkant is daar die Transendente wat hom met signa, tekens, aanwysings, Chiffer aankondig. Die aankondiging van die Transendente is sinloos sonder eksistensie en omgekeerd. Mens kan by Jaspers die een nie sonder die ander verstaan nie. Severÿn se identiteitsgedagte ten opsigte van Jaspers se denke moet met beslistheid verwerp word.

Waar ons by Severÿn 'n identiteitsbeskouing aantref (en so word Jaspers se denke vermink), beklemtoon Zuidema weer een pool (die eksistensie) ten koste van die ander pool (die aankondiging van die Transendente).[15]

Alle aktiwiteit van God se kant tot ons, is dan 'n pseudoaktiwiteit, 'n mitiese aktiwiteit, 'n swye, geen spreke nie, aldus Zuidema. Die transendente God is die verborge God wat hom nie openbaar nie. Jaspers se God is 'n Deus absconditus. Hy is immer transendent. Hierdie God het hom onttrek aan alle kategorieë, van ons denke en kan hom dientengevolge nooit in die bepaalde openbaar nie. Hierdie transendente konsepsie sluit reeds 'n teenstelling in, daar Jaspers van mening is dat God hom nie kan openbaar nie. Hy kan nie anders as om die verborge God te bly nie. Aldus Zuidema. Dit moet baie ernstig betwyfel word of Zuidema laat reg geskied aan die beskouinge van Jaspers. Jaspers se kritiek teen die christelike godsdiens is teen die Woordopenbaring gerig, teen die objektiwiteit, outoriteit daarvan. Daar is geen Woordopenbaring van God wat ons van Sy liefde, Sy groot dade vertel nie. Elke aktiwiteit in die sin is 'n pseudoaktiwiteit, 'n mitiese aktiwiteit. Die Transendente swyg; daar is geen spreke nie. Maar wat Jaspers nie kan ontwyk

---

15. Sien artikel van Zuidema in Philosophia Reformata, Jaargang 18, p. 4.

nie, en dit het Zuidema nie raakgesien nie, is die skeppingsopenbaring. Hy verneem die skeppingsopenbaring, maar noem dit aankondiging, spreke, Chiffer. Dit is al. So kan hy niks verneem van God se daadwerklike handele nie maar Sy spreke wel. Hy verneem dit kontingent, sekularisties. Verder kan hy nie kom nie. Maar wat hy verneem laat die eksistensie scheitern. God openbaar Hom by Jaspers nie in woorde nie, net met (in ons woorde) skeppingsopenbaring (verskyning, aankondiging, Chiffer). En hieruit weet hy met sy eksistensiële geloof heelwat byvoorbeeld daar is een God. Die fundamentele fout wat Zuidema ten opsigte van Jaspers begaan is dat hy die eksistensie beklemtoon ten koste van die aankondigings of spreke van die Transendente. Hierdie aankondigings van die Transendente is nie objektief, algemeengeldig kenbaar nie, maar hulle word verneem; hulle spreek die eksistensie aan en is in die sin geen louter skepping van die eksistensie nie, maar is aan die eksistensie gegee, geskenk. Teen die agtergrond van die voorafgaande, moet die verdere uitsprake van Jaspers verstaan word: hierdie God is onttrek aan alle kategorieë van ons denke en openbaar hom dientengevolge nooit in die bepaalde nie. Elke objektiewe bepaling is in stryd met die goddelike. God kan hom nie in Sy woord openbaar nie. Dit is die konsekwensie van Sy grondmotief. God bly in sy transendensie verborge. En tog glo die eksistensie sy aankondiging wat alleen kontingent benader kan word. Dit is die volle konsekwensie van sy grondmotief.

Ons moet waardering daarvoor hê dat God vir Jaspers die geheel andere is en nooit met die elemente van die natuur vereenselwig kan word nie. Die identifikasie van die goddelike met die skepselmatige wys hy met beslistheid van die hand. God is die alle realiteit oneindig, transenderende werklikheid wat deur die kategorieë van die menslike denke op generlei wyse te omvat is nie. Hy onderskei (in ons woorde) tussen Skepper en skepping. Maar as gevolg van sy verwerping van die Woordopenbaring en die kontingente benadering van die skeppingsopenbaring kan hy God nie ken nie. Sy Godsbeskouing moet noodwendig dan 'n parsiële deïstiese beskouing wees, en die verhouding tussen God en mens moet noodwendig dan verkeerd gesien word. Omdat Jaspers worstel met wat alleen uit die skeppingsopenbaring aan die mens geskenk is kan hy God en die verhouding tussen God en mens nie na behore raaksien nie, en omdat hy die skeppingsopenbaring nie verstaan in die lig van God se Woordopenbaring nie.

Jaspers verwerp God se Woordopenbaring as 'n gesagsvolle, universeel geldige openbaring aan alle mense. Maar Jaspers staan as mens voor die skeppingsopenbaring van God wat hy nie kan ontkom of ontwyk nie.

Later neem ons sy Openbaringsbeskouing eksplisiet in behandeling, hier verwys ons slegs implisiet daarna virsover dit hier vir ons studie van belang is. Een waarheid moet ons sterk teenoor Jaspers aksentueer: God se skeppingsopenbaring (Jaspers se aankondiging) is nie voldoende om God self te ken nie. God se skeppingsopenbaring kan alleen in die volle lig van Sy Woordopenbaring verstaan word. Dit is van essensiële belang. Maar by Jaspers ontbreek die Woordopenbaring van God. Met die verwerping van God se Woordopenbaring en die lig daarvan op die skeppingsopenbaring is daar twee moontlikhede. Eerstens die nie-onderskeiding van God se skepping en God se skeppingsopenbaring, die vereenselwiging van God se skepping met God; verabsolutering van iets wat geskape is. Hierdie weg volg Jaspers nie. Jaspers op sy beurt vereenselwig nie mens en wêreld met skeppingsopenbaring van God nie. Hy het iets van God se skeppingsopenbaring gegryp al het hy dit vervals tot Chiffre, aankondiging, signa, tekens.

Kragtens die skriftuurlike grondmotief is God-drieënig absoluut en algenoegsaam. Hy is absoluut soewerein oor alles wat Hy geskape het. Hy is die Eerste en Laaste. Die Oorsprong, Middelpunt en Doel van alles. As sodanig maak Hy geen deel van Sy skepping uit nie. Hy staan transendent bokant Sy hele skepping. Maar Hy is ook immanent in die skepping. Maar Sy immanensie beteken nooit dat Hy met Sy skepping of iets daarin identies word nie. Hy het aan Sy hele skepping sy wetsorde gestel, staan bo hierdie wetsorde, terwyl die skepping in alles aan die wet van God onderworpe is. Deur die wet word 'n grens vir die mens getrek wat hy nie kan oorskry nie: intern-kosmies kan geen afdoende antwoord oor God gegee word nie. Dit sê Jaspers ook. Daarom beklemtoon hy die spreke of aankondiging van die Transendente in die wêreld waardeur ons iets van die Transendente kan verneem, maar Hy bly die transendente, verborge God. In die christelike denke word die belangrikheid van die skeppingsopenbaring beklemtoon, maar ook die ongenoegsaamheid daarvan. Hier word primêr rekening gehou met God se Woordopenbaring. God het Hom geopenbaar in menslike taal. God neem self gestalte aan in Sy openbaring; op skepselmatige wyse het Hy Hom aan die mens geopenbaar. Op menslike wyse met menslike voorstellinge en begrippe het God gespreek. Daarom grens die christelike denke hom of teen drie fronte: teen louter begripmatigheid waarin die misterie verlore gegaan het; teen die mistisistiese deurvloeing wat die vormgewing nie ernstig opneem nie, asook teen die transenderende dialiktiek met sy "innewerden" deur Chiffres wat die inhoud laat val het. Konform die christelike grondmotief is die openbaring absoluut in die sin van volstrek. Die enigheid van God sluit die volstrekte karakter van Godsopenbaring in. Soos God nie staan naas ander gode nie, so

is Sy openbaring nie onder 'n algemene noemer te bring nie. Die openbaring is akkomodatief : dit is gegee in menslike vorm en maat. Die openbaring is teosentries. Dit gaan om Godself. En tegelyk soteriologies , kragtens die tweede en derde komponente van die grondmotief. Jaspers ken nie die skriftuurlike sondeval en verlossing nie. Wat verneem Jaspers nou en hoe? Weens die sondeval moet die mens die skeppingsopenbaring verkeerd verstaan, al is hierdie openbaring onties duidelik en onvermydelik gegee. Daarom was 'n besondere openbaring noodsaaklik. Jaspers verwerp dit. Maar wat hou hy oor? Hierby kom die verbond van God met die mens; hierdie inisiatief en handele van God ken hy nie, asook die Verlossing in Christus uit genade.

Ons het reeds daarop gewys dat die wysbegeerte van Jaspers bipolêr is. Aan die eenkant is daar die Transendente wat hom met signa, tekens, Chiffer aankondig, aan die anderkant is daar die eksistensie wat hom met sy eksistensiële geloof ophef tot die verneem van die spraak van die Transendente. Die aankondigings van die Transendente (wat Jaspers nie objektief, algemeengeldig bedoel nie) spreek die eksistensie aan; word deur die eksistensie ontdek, verneem. Hierdie aankondigings is geen louter skepping van die eksistensie, maar is aan die eksistensie geskenk. Hier is ons nog saam met Jaspers : ons kan God se openbaring slegs deur die geloof ken, gryp, verstaan. Dit maak God nie afhanklik van ons geloof nie. Dit maak ook nie Sy openbaring afhanklik van ons geloof nie. Slegs die geken word daarvan is afhanklik van ons geloof. Ons skep dus nie die openbaring uit ons geloof nie, al is die kennis daarvan slegs deur die geloof moontlik. Dit geld ook vir Jaspers se geloof aan die aankondigings van die Transendente. Maar ons weë gaan met Jaspers hierin uiteen dat, volgens die christelike siening neem God met Sy woordopenbaring die inisiatief, direk persoonlik deur God tot die mens gerig. Dit is 'n direkte persoonlike outoritêre aanspraak. Dit verwerp Jaspers. Omdat Jaspers worstel met wat alleen uit die skeppingsopenbaring aan die mens geskenk is, en vanweë sy humanistiese instelling en uitgangspunt: die vrye selfbepaling van die mens, kan hy die insifiatief van God nie na behore raaksien nie.

Die polariteit van Transendente en eksistensie in die filosofie van Jaspers mag ons nie verbykyk nie : die ene onbekende en onkenbare God met Sy aankondigings is belangrik, maar die inisiatief berus by die eksistensie : dit is hy wat moet glo, dit is hy wat moet transendeer ens. Elke eksistensie moet nou sy eie waarheid vind, sy eie vryheid verwesenlik, sy eie Transendente ontmoet. Om van alle eksistensies te verwag om 'n universele geloof aan te hang, om 'n universele God te bely beteken vir Jaspers vryheidsvernietiging. Met die uitskakeling van God se

Woordopenbaring en die uitsluitlike betrokken heid op die onuitwykbare skeppingsopenbaring van God en bewus van die kontingente gesitueerdheid van die mens met sy tekort en bindinge, maar tog bewus dat ons deur ons eksistensiële geloof bo die empiriese dinge moet uitstyg om die aankondiging van die Transendente te verneem, dan moet Jaspers terugval op die inisiatief by die mens om deur sy transendering tot die spreke van die Transendente en tot selfredding te kom. Hierby moet ons onthou dat dit 'n inisiatief vanuit die derde fase van die sekularisme is (sien inleiding). By hierdie fase van sekularisme is daar 'n besef by die mens aanwesig dat daar iets bo hom is, het 'n oor vir die aankondiging van die Transendente, sien 'n onderskeid tussen die empiriese werklikheid en die spreke van die Transendente. En nou probeer die mens homself transenderend te red. In ons christelike denke en lewe is dit 'n ophef van ons hart na Bo, tot God in liefdevolle gehoorsaamheid op Sy roepe in die lig van Sy Woordopenbaring. By Jaspers word dit vervalsend 'n transendering uit eie inisiatief en nie as antwoord op die inisiatief van God nie. Ons het hiermet 'n eksistensiële geloofsoutonomie te doen. Jaspers se inisiatief is outonoom. Dit is nie as 'n verabsolutering of selfvergoddeliking van die mens bedoel nie. Die tekort en die gebondenheid van die mens en die absoluutheid van die Transendente verloor Jaspers nooit uit die oog nie. Jaspers wil die mens nie tot God verhef nie, maar sy inisiatief is outonoom. So verval hy in 'n onoplosbare antinomie.

Uit die voorafgaande word die "scheitern" ook vir ons duidelik. Laat ons dit eers van ons standpunt benader. Wanneer "scheitert" die mens? As hy die inisiatief wil neem. Volgens God se Woordopenbaring het God die inisiatief in alles. Die mens moet gehoorsaam, volg, antwoord op God se roep, Sy wet betrag ens. Maar neem God se Woordopenbaring weg, soos Jaspers dit doen, dan moet die mens, staande voor die skeppingsopenbaring (sonder leiding van God se Woord) hom tereg vind, dit wil sê die inisiatief neem om tot God te kom. Maar dit kan nie; sy poging wat hy so moét doen, moet misluk. Die band met God deur sy Woordopenbaring is verbreek en nou kan die mens vanuit homself die breuk nie herstel nie. Maar met hierdie poging of waag om in die aangesig van die aankondiging van die Transendente tot die Transendente op te klim is hy groot. Al misluk sy poging, vind hy in sy scheitern meteens sy heerlikheid want hy is transenderend bo die wêreldse en menslik empiriese dinge verhewe. Die "Scheitern" self word tot Chiffer waarin die Transendente hom aankondig.

"Scheitern" het ons hier o tologies gestel. Maar lettende op die sondeval en die sondige aard van die mens, is <u>hierdie</u> inisiatief van die mens sonde, opstand

teen God. Hierdie inisiatief impliseer die ontkenning of verontagsaming van God se inisiatief. Die mens wil self verantwoordelik besluit, wees-soos-God keurende tussen goed en kwaad. By Jaspers het ons die eksistensie in hierdie wêreld van sondige bedeling (Jaspers sien die sonde nie) en hierdie mens soek God op 'n sondige manier. Die sondaar moet scheitern, die selfredding, die selfverheffing moet misluk.

Die merkwaardige is dat Jaspers 'n oog het vir die skeppingsopenbaring van God (al sien hy dit bloot as aankondiging, Chiffer) en 'n oog het daarvoor dat die mens moet "scheitern". Maar desondanks bly Jaspers vashou aan die transendering (selfredding), maar ook aan die Chiffer van die Transendente vir die diepere sin van sy bestaan. In dit alles sit 'n geweldige tragiek opgesluit: die magteloosheid en onvermoë van die sondaar om (met diskreditering van God se Woordopenbaring) tog nog (kragtens sy skeppingsopenbaring) tot God te kom. En God, die onkenbare, die Transendente swyg, antwoord nie op die menslike transenderende pogings nie. God swyg teenoor Jaspers, al sy eksistensiële waag en inisiatief ten spyt. Ja juis daarom.

4. Kommunikasie

Ons het reeds gesien dat die eksistensie by Jaspers op sy eie inisiatief teruggewerp is, maar in kommunikasie met ander. Kommunikasie is vir Jaspers van essensiële belang. Dit gaan in die kommunikasie om elk van die kommuniserende partye, maar dan om elkeen se eie betrokkenheid op die Transendente, op elkeen se eie wyse van betrokkenheid, waarby vir elkeen vermyding van die "Ausschliesslichkeit" geld. Dit is geen ware gemeenskap soos byvoorbeeld die kerk nie, maar tog ook iets anders as 'n individualistiese pluralisme. Die een is in die kommunikasie die ander tot hulp en wel vir die vryheid van die ander. Kommunikasie dien dus nie die eie vryheid alleen nie, maar ook die van die ander. Kommunikasie is dus noodsaaklik vir die vryheid van elk van die kommuniserende eksistensies.

Jaspers is dus geen individualis nie. Aan die anderkant ken hy die strukturele eenhede van primêre, sekondêre en tersiêre kringe ook nie. Hy neem 'n tussenposisie in naamlik die van 'n interindividualisme, 'n tussenposisie tussen individualisme en aanvaarding van sosiale kringe met hul strukturele eenhede. Daarom spreek hy van 'n corpus mysticum, 'n ryk van individue, interindividueel so verbind dat die een die ander nodig het. Maar 'n interindividualisme waarby elk — elk op sy wyse — gerig is op dieselfde Transendente, betrokke is op die ene God.

Van Riessen beweer dat Jaspers deur die kommunikasie die individualisme

oorwin het.[16] Tereg het Spier die opmerking gemaak dat van Riessen die wese van die kommunikasie by Jaspers nie goed gepeil het nie.[17] Maar op sy beurt het Spier die kommunikasie ook nie reg beoordeel as hy sê dat dit in die kommunikasie nie om die ander gaan nie, maar via die kontak met die ander soek ek net myself. Netsomin as wat mens die polariteit van Transendente en eksistensie mag uiteenskeur of negeer, netsomin mag mens sy kommunikasie van eksistensie en eksistensie uiteenskeur. Op grond waarvan hy kommunikasie as noodsaaklik poneer, is vir ons 'n probleem wat ons daar wil laat. Maar, en daarop kom dit aan : kommunikasie is in sy leer van geloof, transendering ens. essensieel. Op grond van die fundamentele betekenis van kommunikasie in die filosofie van Jaspers, is hy geen individualis nie, maar 'n interindividualis. Maar die laaste klem lê op die verantwoordelikheid van elke eksistensie vir sy eie geloof, vir sy eie transendering, vir sy eie waarheid, hoe dit ookal kommunikasie as voorwaarde mag vereis. Die geloof of waarheidsflitse van elke eksistensie is nie relatiwisties nie, maar relasionalisties. Dus geen pluralistiese waarheid nie, maar relasioneel onderskeie geloofsaktes gerig op dieselfde Transendente. Ons het reeds daarop gewys dat ons in die filosofie van Jaspers met 'n sekularisme (in sy derde fase) te doen het. Dit is 'n sekularisme in kommunikasie waarby elke eksistensie uiteindelik verantwoordelik is om sy eie heil transenderend te kies.

5. Die twee-terreine-leer

Die merkwaardige van Jaspers is dit, hy vereenselwig die aankondiging van die Transendente nie met die objekte van die wêreld nie. Hy sien mens en wêreld in hul onselfgenoegsaamheid en noem alleen "God" of die Transendente die Absolute. Hy vereenselwig ook nie wysgerige of eksistensiële geloof met die objektiewe, algemeengeldige denke van die wetenskap met sy afdwingbare algemeengeldige kennis nie. Maar, en dit mag ons nie uit die oog verloor nie, hier het ons met 'n dualisme te doen, met 'n twee-terreinleer wat mens herinner aan die Rooms Katolieke en Protestantse skolastiek. Hy sien dit kontingent volgens sy religieuse grondmotief, maar dit bly 'n twee-terreine-leer. Maar omdat hy dit kontingent sien en omdat hy met die omvattende Transendente en sy aankondiging te doen het, is dit 'n ander twee-terreine-leer as die van die humanisme van vryheid en natuur, waarop ons reeds gewys het. Vanuit sy grondmotief van kontingensie onderskei Jaspers, dualisties in analogie met die skolastiek, tussen die gewone

---

16. H. van Riessen, Filosofie en Technick, p. 316.

17. J.M. Spier, Filosofie van de onbekende God, p. 171.

aardse dinge, objektiwiteite en die aankondiging van die Chiffer. Die Omvattende word nooit as horison sigbaar nie, maar kondig hom in die voorwerplike slegs aan. Alles wat ons ontmoet wys na 'n verborge "Ganzheit" van die Omvattende. Die mens ervaar slegs 'n "Widerstand" wat as "Zeugnis" van die Omvattende hom laat "erhellen". So kry ons aan die eenkant die algemeengeldige, afdwingbare, aan objekte gebonde kennis en aan die anderkant eksistensiële geloofskennis wat aan die eksistensie gegee is.

Nou is dit juis die Calvinisme wat alle skolastiek oorwin het. Uit en deur en tot God is alle dinge. Christus is Verlosser en Herskepper van die hele wêreld, Koning oor alles wat geskape is. God se Woordopenbaring belig die hele skepping en alle lewensterreine. Die mens se roeping geld alles wat hy doen en laat, ook sy beoefening van wetenskap. Hierdie eenheidsvisie bied God se Woordopenbaring en die lig daarvan op God se skeppingsopenbaring. Neem God se Woordopenbaring weg, soos Jaspers dit doen, dan verval ook die eenheidsvisie, verval ook dat God alles regeer en bestier en voleindig, verval ook die eskatologie en die koms van Gods Koninkryk. Jaspers se onderskeiding van twee terreine wat 'n geskeidenheid is, word vanuit die christelike grondmotief oorwin.

HOOFSTUK 7

KRITIEK OP JASPERS SE GODSDIENSBESKOUING

Laat ons nou eers aandag skenk aan Jaspers se verhouding tot die Christelike godsdiens. Spier noem vyf moontlike verhoudinge waarin 'n filosoof tot die Christelike godsdiens kan staan:

(a) Antiteties is daar twee moontlikhede:

1. absoluut vyandig
2. vyandige skeiding

(b) Simpatiek:

3. simpatieke skeiding
4. sintese
5. In filosofie gaan hy van die grondtemata van die Christendom uit.[1]

Tereg het Spier daarop gewys dat Jaspers nie onder een van die vyf val nie. In sy werke, soos dit in die tetiese uiteensetting geblyk het, laat hy hom simpatiek oor die Bybel en die Christelike godsdiens uit. En tog reken Jaspers hom tot diegene wat buite die godsdiens staan. Merkwaardig is die teenstelling wat hy maak tussen filosofie en godsdiens. Jaspers ken alleen maar die groot teenstelling tussen die enkeling (nie los van ander nie) wat in eksistensiële vryheid homself word in sy verhouding tot die misterieuse Transendente en die massa wat hul bestaan soek in allerlei doeleindes, en wat hulle onderwerp aan allerlei outoriteite buite hulleself, maar wat nie kan kom tot die niveau van die onvoorwaardelike handele nie. Wel staan die filosofie in Jaspers se konsepsie aan die kant van die eksistensiële lewenshouding, maar dit lê nie in sy weg om elke godsdiens as sodanig te orden onder die oneintlike menswees nie. Hieruit moet ons konkludeer dat daar vir hom 'n tweërlei godsdiens bestaan: 'n godsdiens onder die eintlike mens op die niveau van die onvoorwaardelike handele en 'n godsdiens onder die oneintlike mens. Teen die agtergrond hiervan moet sy oproep tot die metamorfose van die bybelse godsdiens verstaan word. So is dit dan die eintlike mens, 'n menslike faktor wat beslis ten opsigte van die godsdiens. Ons moet waardering daarvoor hê dat Jaspers, in teenstelling tot Sartre, en andere, aan die godsdiens 'n bestaansreg toeken. Om dit in Calvinistiese sin te stel, dat godsdiens soewerein in eie kring is, 'n grootheid wat nie tot iets anders herlei of uit iets anders verklaar kan word nie. Maar wat

---

1. J.M. Spier, artikel in Philosophia Reformata, Jaargang 19, p. 87.

vir ons hoogsbedenklik is, is die feit dat die mens, die eintlike mens op 'n kontingente wyse moet uitmaak wat godsdiens in sy diepste wese is. Vanuit sy dualistiese grondmotief vind ons algemeengeldige kennis alleen wat die voorwerplike betref. Hier is die subjek-objek "Spaltung" aanwesig. Maar wat die Transendente betref ondanks sy aankondiging, bly hy verborge : die is nooit objek nie en geen algemeengeldige kennis kan hier verkry word nie. Die vrye selfbepalende mens is op weg na die Transendente sonder om ooit daar aan te land. Jaspers verwerp die Woordopenbaring en gaan alleen uit van die skeppingsopenbaring (aankondiging, spreke) wat hy kontingent benader. Teen die agtergrond van hierdie grondlyne van sy filosofie is sy besware teen die empiriese godsdiens, sy verwerping van die "Ausschliesslichkeitsanspruch" van die Bybelse godsdiens en sy oproep tot 'n metamorfose van die godsdiens verstaanbaar. Ons stel enkele van sy besware teen die godsdiens in die ware perspektief.

(a) Godsdiens is die betrokke wees van die mens op die Transendente en waar die betrokkenheid nie meer bestaan nie, het die eiendomlike van die godsdiens verlore gegaan. Die gevaar wat vir Jaspers hier dreig is dat God as die teenwoordige God gestel kan word. Op grond van die diepste motief van sy denke en op grond van die verwerping van die Woordopenbaring is die teenwoordigheid van God vir hom 'n onmoontlikheid. In die "gesuiwerde" godsdiens, na die metamorfose voltrek is, is die betrokkenheid op God nog aanwesig, maar die Transendente is nie teenwoordig nie. Hy bly die verborge God wat Hom slegs aankondig in die Chiffer. Slegs in uitsonderlike momente kan Hy verneem of gehoor word. Maar die inisiatief gaan nie uit van God nie, maar van die eksistensie wat transendeer, al is die aankondiging van die Transendente onontbeerlik. As gevolg van sy verwerping van die Woordopenbaring, en omdat die eksistensie die inisiatief moet neem om kontingent op grond van God se aankondiging, tot hom te nader, dra sy siening van die godsdiens onteenseglik 'n sekularistiese karakter : dit is 'n daad, 'n beweging vanuit die mens. Maar ook 'n kontingente karakter : daar is nie sprake van 'n direkte en blywende betrokkenheid op God nie.

(b) Sy tweede beswaar teen die godsdiens is dat aan die godsdiens 'n objektiewe Woordopenbaring ten grondslag lê. Jaspers se beswaar teen die openbaringsbegrip van die godsdiens is gemik teen die objektiwiteit en gesag van die openbaring. Die Woordopenbaring het 'n histories eenmalige faktum geword en het so sy "Symbolcharakter als Artikulation geschichtlichen Transzendierens" verloor, aldus Jaspers. Teenoor die objektiwiteit van die Woordopenbaring, sien die "Unabhängigkeit der Existenz" in alle historiese objektiwiteit "nur eine mögliche Sprache

der Transzendenz." Dat die Bybel vir elkeen direkte goddelike openbaring is, verwerp hy dus hartstogtelik. Hy ag dit as 'n usurpasie van die waarheid deur sommige mense wat hulle besondere Geschichtlichkeit algemeen ag. Die belydenis van die Bybel as eksklusiewe goddelike openbaring druis dus direk in teen die grondlyne van sy konsepsie. In sy "Wijsgerige Geloof" het hy die opmerking gemaak dat die religieuse waarheid kan niemand in woorde uitdruk nie. As dit kan gebeur, sou die mens die Transendente bereik het en sou die Transendente 'n objek geword het. Daarom, ter wille van sy waarheid moet hy hom verset teen die sogenaamde dodelike aanmatiging van dié eksklusiwiteit. Jaspers wil van 'n algemeengeldige goddelike Woordopenbaring nie weet nie, kragtens sy dualistiese grondmotief en die soewereinitiet van die mens maar ook omdat die ewige waarheid hom in elke historiese situasie in 'n ander kleed hul. Daarom sal die "gesuiwerde" godsdiens van die eintlike mens 'n objektiewe Woordopenbaring moet ontbeer; en elke eksistensie op sy eie wyse kontingent die waarheid moet vind.

(c) Die derde beswaar teen die godsdiens is die kultus wat eie aan die godsdiens is. Vir hulle wat hulle van die kultus bedien, is dit transenderende werklikhede byvoorbeeld die gebed. Jaspers se dualisme maak so 'n reële betrekking tot God onmoontlik. Kragtens hierdie gespletenheid kan God nie 'n persoonlik, horende en werkende teenwoordigheid wees nie. In die "gesuiwerde" godsdiens van die eintlike mens, is die mens vry om onvoorwaardelik te handel, hy is op homself aangewys. Die kultus word opgeoffer ter wille van die sogenaamde vrye mens wat net op homself aangewys is. En met die verwerping van die Woordopenbaring, waar die mens net voor die skeppingsopenbaring staan, wat begryp die mens van die kultus?

(d) Die vierde beswaar teen die godsdiens is die feit dat godsdiens met mites verbonde is. In hierdie verband verwys Jaspers na die Christusgodsdiens wat die waarheid bevat dat God deur mense tot mense spreek envir sover die godsdiens die mens na homself verwys, want die Christusgees is saak van die enkeling. Maar wanneer die Christusgodsdiens beteken om die Redder-Christus buite my in die geloof aan te neem en vervul te word met die Christusgees, dan staan twee dinge vir Jaspers onomstootlik vas : die Christus in my is nie uitsluitend aan die eenmalige Jesus Christus gebonde nie, en die Jesus is as Christus, die Godmens, 'n mite. Daar is plek vir die mites aldus Jaspers : 'n mite is 'n uitdrukking van 'n waarheid wat vir alle denke toeganklik bly. Een ding is duidelik dat die grote misterie van ons verlossing in die vleeswording van die ewige Woord (die derde komponent van die Christelike grondmotief) nie pas in Jaspers se skema van die eindige wat nie

die oneindige, van die immanensie wat nie die Transendente kan "bevat" nie en van die eksisterende mens wat in onafhanklikheid homself word. Daarom moet hy die misterie van ons verlossing in Jesus Christus as 'n mite verwerp.

(e) 'n Vyfde beswaar is dat godsdiens gebonde is aan 'n gemeenskap wat in die kultus mekaar gevind het. In die godsdiens is die kerk met sy universele aanspraak, die outoritatiewe sigbaarheid en sekerheid van die Transendente. Hierteenoor staan die onafhanklike, vrye eksisterende mens wat slegs 'n gemeenskap van enkeling tot enkeling en nêrens 'n objektiewe ryk kan aanvaar nie. Vryheid, eksistensiële openheid en kommunikasie word bedreig deur magsvorme van geslote gemeenskappe, soos die kerk. In sy konsepsie is die vryheid van die enkeling die hoogste norm. Die gevaar van die kerk lê in die propagering van 'n waarheid wat algemeengeldig is en wat nie opkom uit die oorsprong van eie eksistensie nie omdat dit van buite af met mag en gesag opgelê word. Sy dualistiese grondmotief en die oorbeklemtoning van die vrye mens moes noodwendig uitmond in 'n interindividualisme : die enkeling nie los van die ander nie, wat in hoë oomblikke deur middel van sy eie vryheid die Syn ervaar : sy godsdiens dra dus 'n sekularisties, kontingente, dog ook 'n inter-individualistiese karakter.

(f) Godsdiens word gekenmerk deur outoriteit. Die godsdienstige mens is gehoorsaam, hy onderwerp hom; hy vra nie. Dit is die graf vir sy eksistensiële vryheid. Outoriteit kan nie iets wees wat in die algemeen vir alle wesens geld nie. Dan word dit 'n blote "Daseinsmacht". Outoriteit dra vir hom 'n "geschichtlich eigentümliche Gestalt". Wat ek as outoriteit op die oomblik aanvaar, is nog nie noodwendig outoriteit vir ander nie. Ook wat hierdie aspek betref, werk sy wysgerige uitgangspunte deur.

In verband met die outoriteitsprobleem moet ons ook onderskei tussen Woord- en skeppingsopenbaring. Eersgenoemde vereis outoriteit. Dit verwerp Jaspers. Hy isoleer skeppingsopenbaring van Woordopenbaring en verbind dit met eksistensiële vryheid. Nou kom outoriteit in gedrang. Om die gesagsbeginsel tot sy reg te laat kom is Woordopenbaring (en skeppingsopenbaring in lig van Woordopenbaring) 'n sine qua non. Gaan mens van die skeppingsopenbaring alleen uit, soos Jaspers, dan verkry die Transendente 'n soort "outoriteit", maar dit is geen egte en ware outoriteit nie.

Dit gaan vir Jaspers altyd om die enkeling (nie los van ander nie) wat in hoë oomblikke deur middel van sy eie vryheid tot 'n flitsende outoriteitserkenning en aanvaarding kom. Ook hier stuit ons op 'n antinomie in sy denke : hoewel die outoriteit nie 'n objektiewe, vasstaande outoriteit is nie, maar in flitse sy ver-

skyning maak, is dit nogtans 'n aantasting van die vryheid van die mens. Dit is 'n bedreiging vir die outonome soewereine mens wat in vrye selfbepaling op weg is na sy hoogste bestemming in vryheid te wees. En tog is die "geschichtliche" outoriteit nodig om die bestemming te bereik. Sy vryheid sluit die outoriteit uit, maar tog is die outoriteit nodig vir die realisering van sy vryheid.

Vir Jaspers gaan dit om 'n godsdiens wat by sy skema van denke aangepas is : die Transendente kan nie in die immanente verskyn nie; kan hom slegs aankondig; die vrye soewereine mens is op weg na die Transendente, sonder om daar aan te land.. By hierdie skema van denke aangepas kom hy tot die aanvaarding van die volgende momente van godsdiens:

1. Die gedagte van die ene God.
2. Die bewussyn van die onvoorwaardelikheid van die keuse tussen goed en kwaad.
3. Die liefde as die diepste wese van die ewige in die mens.
4. Die daad ten opsigte van jouself as dit waardeur die mens sy eie wese trou blyk te wees.
5. Die wette en ordeninge omdat hulle histories is besit geen absolute en algemeengeldigheid nie.
6. Ongeslotenheid van die geskape wêreld wat geen bestand in homself het nie.
7. Die verdwyning van die volle vastigheid as ons gekom het by die grense, by die uiterste grenservaring.
8. Dat die laaste en enigste toevlug God is.[2]

By die dualisme waarvan Jaspers uitgaan is die ene God transendent en die mens immanent. Tussen die twee gaap 'n kloof. Slegs 'n sprong bring ons van die een in die ander, maar dit is 'n sprong wat nooit voltooi kan word nie. Prinsipieel word godsdiens onmoontlik gemaak of op die minste boet die godsdiens sy wesenlike in,naamlik die werklike diene van die lewende God. Ons het reeds daarop gewys dat in die Christelike grondmotief van skepping-sondeval-verlossing word elke gedagte van dualisme oorwin. Die twee beginsels wat hier na vore kom te wete die teosentriese- en die skeppingsbeginsel onderstreep die dualiteit. By hierdie dualiteit van die Christelike denke is godsdiens prinsipeel moontlik en werklik. Hiertoe openbaar God Hom deur Woord en daad (principium cognoscendi externum) en maak die mens subjektief bekwaam (principium cognoscendi internum) om deur die openbaring God te ken en te dien.

---

2. Vergelyk K. Jaspers, Wysgerige geloof, p. 103.

Ons begin by die laaste : die mens word subjektief bekwaam gemaak. Die mens se lewe is onverskillig of hy hom daarvan bewus is of nie in die hart[3] en dus radikaal en totaal beheers deur die religie. Met sy eksistensie idee het Jaspers in die omgewing van die skriftuurlike hart gekom as oorsprong, konsentrasiepunt van al ons lewensfunksies. Maar in plaas van die diepere self te soek en te sien as agtergrond van ons lewe, het hy die eieself opgelos in die vloeiende stroom van die vrye wording : die mens is voortdurend wordend, dinamies telkens daar. Teenoor die dinamisme van Jaspers, stel ons die vaste in die lewe, die konsentrasiepunt : die hart van die mens. In die hart word die mens beheers deur die religie. Die religie besit 'n eenheidstruktuur maar kan 'n tweërlei rigting hê: op of afgodies weg van God.[4] Elke mens is 'n religieuse wese en al sy doen en late, ook sy godsdiens is religieus bepaal. Die beslissende dimensie van ons menswees is die verhouding tot God (religie). Die religie is dan ook die beslissende dimensie van ons godsdiens. In die religie gaan dit nie om 'n gesigshoek nie, maar om die totale mens in sy verhouding tot God.[5] Die mens mag nooit neutraal op homself besien word nie — maar altyd vanuit en in die relasie.[6] Die verskil van religie bepaal dan ten diepste ook die verskil van godsdiens.

Tussen geloof en religie moet duidelik onderskei word. Die funksie van die geloof mag nie vereenselwig word met die religie nie. Die religie is die wortel en die geloof 'n funksie. Word die verhouding tot God of die lewe in die verbond met God gelykgestel met die geloofsfunksie, dan kom ons onverbiddellik by die universalisme uit: geloof, geesteslewe word dan strale van die goddelike wese, kristalliseringe van die Logos. Die ander moontlikheid is dat die stelling religie gelyk is aan die geloofsfunksie, daartoe kan lei dat hierdie funksie nie aan almal toegeken word nie. Die geloof word dan 'n donum superadditum wat uiteraard losstaan, so nie van alle, dan tog van die meeste funksies. As geloof en religie vereenselwig word dan is dit baie skadelik vir die sentrale super en

---

3. Die hart is ons insiens wel die religieuse sentrum van die mens se kreatuurlike eksistensie, maar nie sentrum van die kosmos nie. Sien ook kritiek van F. Kuyper op botydelike eksistensie: Geloof en Wêreldbeeld, p. 374. Asook kritiek van Spier in Tyd en ewigheid, p. 95.

4. Sien Prof. J. A. L. Taljaard se Kursus in lewens en wêreldbeskouingsleer en menslike samelewingsverbande, p. 3.

5. Prof. Stoker verstaan onder religie godsdiens in ruimere sin. Hierteenoor sien ons godsdiens (in 'n engere of ruimere sin) as 'n funksie van die mense. Die religie is prefunksioneel. Die religie van die hart bepaal ons godsdiens.

6. Vgl. G. C. Berkouwer. De Mens het Beeld Gods, p. 31.

radikale posisie van die religie. Dit lei tot die onderskeiding van bepaalde "religieuse norme" gekoördineer met etiese, juridiese en ander norme. Terwyl alle norme religieus van aard is. Verder, as religie en geloof vereenselwig word dan is dit onmoontlik om die weg tot selfkennis te betree. Hierdie relasie (religie) bedreig of vervaag nie die werklikheid nie, maar laat ons juis die aard van die werklikheid in die betrokkenheid op God verstaan. Die grondstelling waarvan ons uitgaan, hiervan gaan Jaspers ook in 'n sekere sin uit, is dat die mens nie geïsoleerd en op homself, maar steeds op sy volledige betrokkenheid op God gesien moet word. Hierdie verhouding tot God (religie) is nie een van sy funksies, ook nie sy geloofsfunksie, ook nie 'n ekstra geskenk nie. Die relasie tot God is beslissend. Tereg het Berkouwer daarop gewys dat hier geen sprake is dat hierdeur 'n dilemma opgeroep sou word van werklikheid of relasie, ontologies of relasioneel, om vanuit die dilemma dan vir die relasionele te kies nie. Die werklikheid word nie aan die relasie opgeoffer nie, maar die werklikheid word in die relasie tot God aangewys as volle kreatuurlike werklikheid.[7]

Die hart wat deur die religie bepaal word, vorm die grondslag van die principium cognoscendi internum. Maar sonder die geloof sou die mens ook nie subjektief bekwaam gewees het nie. As mens het elke mens, ook die gevalle, sondige mens 'n geloofsaanleg,[8] wat aan die mens slegs die moontlikheid skenk om te glo en wat van die geloofshandeling onderskei moet word. Ook in sy verweer teenoor die Barthiaanse kritiek dat die mens dan met 'n natuurlike geloof tot Christus kan kom, beklemtoon Dooyeweerd die gedagte van die aanleg en die akte. "The question is not whether in the state of sin man can come to Christ by means of a natural faculty of faith alone. The only question is whether christian belief can function outside of the temporal order of creation in which the modal aspect of faith has an essential and undeniable terminal position."[9] Ook ongeloof is aktueel en veronderstel hierdie geloofsaanleg. Die sonde het hierdie aanleg nie tot niet gemaak nie, sodat 'n nuwe aanleg geskape moes word nie, maar die sonde verander die rigting van die geloof en die handeling word 'n onware, afvallige handeling. Die geloof is in die religie gewortel en word daardeur gerig en

---

7. Vgl. G.C. Berkouwer, De Mens het Beeld Gods, p. 32.

8. Vir Prof. Stoker is geloof geen pistentiese funksie nie, ook nie 'n superadditum nie. Hy verkies om te praat van 'n geloofsaanleg. Art. in Koers, Deel XXVIII, Nos. 11 en 12, Mei/Junie, 1961, p. 498.

9. H. Dooyeweerd, A new Critique II, p. 298.

bepaal. "Where the heart closed itself and turned away from God, the function of πιστις was closed to the light of Gods word. As a result faith began to manifest its transcendental direction in an apostate way in the search for an absolute firm ground in the creation itself."[10]

Die diep Bybelse konsepsie dat die geloof in sy oorspronklike en materiële sin reeds by die skepping aan die menslike natuur ingeskape is, is van groot betekenis om tot die regte opvatting van godsdiens te kom en ook vir ons beoordeling van Jaspers. Vir Jaspers is die geloof dan ook geen afsonderlike funksie van die mens naas Dasein, bewussyn, gees en eksistensie nie. Geloof is 'n akte van die eksistensie maar die "vaste kant" van geloof-in-geplant by die menslike natuur as aanleg, ontbreek by Jaspers. Sy siening van geloof dreig om dinamies-aktualisties te vervlugtig. In die mens is daar geen aanknopingspunt (aanleg) nie. Dit is 'n baie belangrike vraag hoe die mens subjektief bekwaam gemaak kan word vir die godsdiens sonder die geloofsaanleg; Barth se oplossing was dat die geloof alleen van God se kant komende genade werksaamheid is. Vir Rome is die geloof 'n besondere genadegawe. Maar kragtens sy grondmotief kan Jaspers nie tot so 'n oplossing kom nie. Die geloof is 'n akte van die eksistensie, en die eksistensie is wel deur die transendente geskenk. Hieruit kan ons tot die gevolgtrekking kom dat die geloof dan tog 'n gawe van God is, maar Jaspers kom op sy woorde terug, dat God niks wil nie en ook niks skenk nie.

Wat is die fundamentele aard van die geloof? Dooyeweerd gee op hierdie vraag die volgende antwoord: "An original transcendental certainty within the limits of time related to a revelation of the Αρχη which has captured the heart of human existence."[11] Dit is die enigste modale sinskern wat uitwys bo die kreatuurlikheid sonder modale antisipasies. Die geloof besit 'n transendentale grenskarakter en as dit verbygekyk word, dan word die mens genoop tot 'n verkeerde opvatting van geloof. As transendentale grensfunksie word met geloof 'n onmiddellike verhouding tot die transendentale wortel en oorsprong van die kreatuurlike bestaan gegee. Deur hierdie onmiddellike verhouding word die fundamentele aard van geloof in "sekerheid" gesoek. Dit is transendentale sekerheid; sekerheid wat bokant homself uitwys op grond van Woordopenbaring. Vir Jaspers het die geloof 'n swewende karakter: "ek weet nie of en wat ek glo nie."[12] Hieruit is dit duidelik dat geloof vir Jaspers nie bestaan as 'n onmiddellike verhouding tot die oorsprong van die bestaan nie. Hy is

---

10. H. Dooyeweerd, A new critique II, p. 308.
11. H. Dooyeweerd, A new crit. II, p. 304.
12. K. Jaspers, Wysgerige geloof, p. 20.

wel op die transendente gerig. In die oneindige spel van die Chiffer bereik die mens nimmer God self nie. Die afstand tussen mens en God is oneindig (sy grondmotief) en hy verwerp die Woordopenbaring. Van 'n persoonlike relasie tot God kan derhalwe nie gespreek word nie. Tog moet daar op en of ander wyse 'n kontak met die Godheid aanwesig wees en die soek hy in die "geschichtliche" moment van 'n grenssituasie. Op hierdie grensgebied wat nog diesseitig nog jenseits is, kom hy in aanraking met die Syn. Die grensgebied val nie onder die gebied van die teoretiese wete, maar van 'n soort eksistensiele "belewing". Dit gaan vir Jaspers nie om sekerheid of kenne, maar om "vernehmen", "inne werden", "wahrnehmen", "erfahren". Hy spreek selfs oor die innerlike verskyning van die Syn en ook oor die Transendente wat "fühlbar" word. Vir hom is die geloof 'n langs die weg van die geskiedenis en deur middel van die denke bewus word van die synde en sy oorspronge. Daarom kan die filosofiese geloof nooit stol tot dogma en konfessie nie. In die plek van die onmiddellike verhouding tot die transendentale wortel van ons bestaan, wat met die geloof gegee word, stel Jaspers die "vernehmen" of "ervaring".

Die onmiddellike verhouding tot God is 'n sine qua non van die ware godsdiens. Maar waar hierdie onmiddellike verhouding verval, en God hoogstens "voelbaar" word, beteken dit ook nie die verval van die ware godsdiens. Met hierdie onmiddellike verhouding tot God deur geloof is die ware diens van God gegee. Maar waar God die verborge Transendente bly en 'n mens slegs flitsend iets verneem of voel, is die graf van die ware godsdiens gegrawe.

Die sekerheid betreffende die Vastegrond word gegee nie buite die woordopenbaring nie. Alle geloof appelleer op openbaring hetsy die openbaring nou gesoek word in die Woord van God of in 'n vermeende openbaring van 'n afgod. Die geloof soek in die openbaring die laaste sekerheid omtrent Hom wat die Eerste en Laaste is. Die transendentale sekerheid van die geloof hang saam met die norm van die geloof wat in die goddelike Woordopenbaring na sy pistiese aspek gegee is. Die geloof is aan die geopenbaarde Waarheid van God onderworpe. Hier het ons gekom by die principum cognoscendi externum van die godsdiens naamlik die Goddelike Woordopenbaring. Hierdie prinsipe is ook 'n wesenlike voorwaarde vir die godsdiens. Met Jaspers is die prinsipe as sodanig nie in die geding nie, maar die aard, die gesag en die feitlikheid van die openbaring. Hy wys die Woordopenbaring in sy outoriteit af en wil dit sien as "Chiffer" te midde van vele ander Chiffers van godsdiens. Aan die wesenlike van die godsdiens sien hy verby en verwerp die Woordopenbaring van God. Hy wil dat die eksistensiefilosofie ten opsigte daarvan 'n onbepaalde

filosofie sal bly. Daartoe degradeer hy die Woordopenbaring tot 'n mite. Omdat ons 'n aparte hoofstuk wy aan Jaspers se openbaringbeskouing en die dieperliggende motiewe daarvan, verwys ons hier ook slegs implisiet daarna. Vanweë die grondmotiewelike tweespalt waarvan hy uitgaan kan die transendente God hom nie in Woord openbaar nie. Hy gaan uit van die tese van die afstand en opsigselfstaande geïsoleerdheid van die Transendente wat geen enkele bepaling toelaat en wat hom nooit in woord kan openbaar nie. Laasgenoemde is ons insiens die diepste motief vir die afwysing van die feitlikheid, gesag en inhoud van die openbaring by Jaspers. Hierby vereis die soewereiniteit van die mens dat God die verre transendente God moet bly. Hy word gereduseer tot die transendente syn en God se openbaring tot 'n flitsende kontingente openbaring. Die enigste weg wat oop bly is om vanuit die mens te transendeer tot God: die filosofiese grondoperasie. Hierdie grondoperasie vra 'n ander synsbewussyn as die sogenaamde ontiese. Die nie-ontiese synsbewussyn soek "Erhellung" in die lig van die oorsprong. Hierdie spekulatiewe denke en spekulatiewe weg na God moet ons afwys. Ons gaan uit van die noodsaaklikheid van die Woordopenbaring. "To philosophical thought concentrating on Christ and on God who reveals himself in Christ this speculative way .... is simply impossible."[13] By Jaspers word via 'n denkbeweging (maar nie sonder die aankondiging van die Transendente) tot 'n filosofiese godsgedagte gekom. Hierdie weg vanuit die mens self na 'n aan die menslike denke transendente oorsprong, moet deur ons afgewys word.

Wat die eerste prinsipe betref (die principum cognoscendi externum) die het by Jaspers nie heeltemal verval nie. Daar is nog die verneem van die aankondigings, die spreke, die Chiffer. Al het hy die ook vervals, het hy tog iets hiervan gegryp. Hierdie skeppingsopenbaring verneem hy deur sy religieuse geloof, hoe vervals die ook al mag wees.

Die mens wat objektief en subjektief gereed gemaak is (kragtens die twee genoemde beginsels van die godsdiens) dien God in 'n enger en ruimer sin.[14] In die godsdiens in enger sin wend die mens hom direk tot God byvoorbeeld om te bid, om na die verkondiging van Sy Woord te luister om aan die sakramente deel te neem. Kragtens die grondmotief waarvan Jaspers uitgaan is hierdie direkte diens tot God prinsipieel nie moontlik nie.

Maar God word ook op 'n indirekte of omvattende wyse gedien, danksy

---

13. H. Dooyeweerd, A new Critique II, p. 42.

14. Sien H.G. Stoker se Beginsels en Metode, p. 117.

die integrale karakter wat die Christelike grondmotief dra. As die mens byvoorbeeld wetenskap beoefen, kuns vorm, ekonomies handel, huwelike, gesinne, state vorm dan is ons daarmee ook besig om God op 'n indirekte wyse te dien, Kragtens die dualisme waarvan Jaspers uitgaan het hierdie lewe met sy ryke verskeidenheid niks met God te maak nie. Hier kom Jaspers se geskeidenheid na vore.

'n Laaste gedagte waarby ons hier wil stilstaan is die vraag: Waarom verwerp Jaspers die ekklesiologiese Christendom met sy "Ausschliesslichkeitsanspruch"? Dit gaan dus hier oor sy inter-individualistiese kyk op die godsdiens. Sy beswaar teen die ekklesiologiese Christendom is die volgende:

(a) Die is oral (die algemeenheid).

(b) Die waarheid word daar objektief geken.

(c) Die soeke het tot rus gekom in 'n defnitiewe kennis van die Syn.

(d) Die mens het sy bestaan in ek-weet-nie prysgegee en gevlug in objektiewe kennis.

(e) Die "Daseinsmacht" van die kerk.

Bogenoemde punte van beswaar word in hierdie studiestuk in 'n meerdere of mindere mate elk afsonderlik eksplisiet bespreek. Hier neem ons al die punte van beswaar saam. Vir Jaspers is die ekklesiologiese Christendom 'n verraad aan die eksistensie. Die houding van die filosofie is die houding van die grenslose of eindelose soeke na die waarheid : die soeke kom nooit tot rus in kennis, alhoewel in die Kairos mag dit vir 'n oomblik tot rus kom. Vir die kerk is die waarheid nie iets wat ons nog moet soek nie, maar waarheid kan gedefinieer word. Die kerk gaan uit van die sekerheid : ons waarheid is die waarheid op grond van God se Woordopenbaring. Nou word die mens 'n apostel en die kerk 'n apostoliese kerk. Nou verkry die kerk gesag en beveel onderwerping. Daár is geen ware kommunikasie nie, aldus Jaspers. Die waarheid van ander is onwaarheid of fragmentariese waarheid. Geen werklike onafhanklike eksistensie mag toegelaat word nie. Almal moet onderwerp word aan die gesag van die ecclesia catholica. In die ekklesiologiese godsdiens eindig die soeke na waarheid in onderwerping aan die gesag van die ecclesia catholica. Teenoor die kerklike godsdiens staan die eksistensiefilosofie met sy roep tot eksistensie : in getrouheid aan my eie historisiteit na die waarheid te soek in openheid na ander waarhede. By die kerk vind ons 'n fanatiese vasklewing aan 'n definitiewe waarheid teenoor die eindelose soeke na waarheid in die filosofie, aldus Jaspers. Die kerk kan tot so 'n aanmatiging kom as gevolg van die mite van Christus. Die dogma van die inkarnasie is vir Jaspers 'n absurdum. Hier is vir Jaspers die lyn van afbakening tussen die kerklike christendom en die eksistensiefilosofie.. Hierdie mite

beteken die destruksie van die ewige waarheid van die Bybelse godsdiens. Dit kan nie waar wees, aldus Jaspers, dat die verborge Transendente hom hier so sou geopenbaar het dat dit gesien en aangeraak kan word nie. Dit sou beteken het dat al die Chiffers van die Transendente in Christus vergader sou gewees het, dat die ewigheid die tyd sou ingegaan het, wat alle "Geschichtlichkeit" sou verplaas het. Dit is die groot val van die Christendom dat hy hom voorgee om die waarheid te wees vir almal. Dié beskouinge van Jaspers is vir ons volkome deursigtig vanuit die dualisme waarvan hy uitgaan en op grond van sy verwerping van die Woordopenbaring; en die rustelose soeke van die eksistensie mag deur geen objektiewe waarheid of gefikseerde standpunt in gevaar gestel word nie. Die vrye outonome mens moet vryspel geniet om getrou aan sy eie "Geschichtlichkeit" na die waarheid te soek. Sy besware teen die ekklesiologiese Christendom, die "Ausschliesslichkeitsanspruch", die waarheid van die kerk, die inkarnasie van Christus ens. moet hieruit verklaar word dat hy die Woordopenbaring van God verwerp (daarom ook die universele waarhede) en al wat hy oorhou is die skeppingsopenbaring. Elke eksistensie moet, volgens sy kontingente religieuse grondmotief, sy eie waarheid vind, sy eie vryheid verwesenliken met hierdie differensiasie is elke eksistensie as eksistensie gelyk en beperk, gebind. Hieruit vloei vanself voort sy verwerping van die "Ausschliesslichkeitsprinzip". Indien ook in kommunikasie moet elke eksistensie nie alleen sy eie heil uitwerk nie, maar ook elke ander eksistensie gun om sy persoonlike heil uit te werk.

Jaspers se besware teen die ekklesiologiese Christendom met sy "Ausschliesslichkeitsanspruch" hang nie net saam met sy kontingente beskouing van eksistensie en aankondiging van die Transendente nie, maar ook daarmee dat hy die sondeval van die mens en verlossing in Christus nie ken nie en met die feitlike gegewenheid dat die mense altyd gebots het in hul oortuigings, veral in hul religieuse oortuigings. Met ander woorde, Jaspers sien nie net wat ons skeppingsopenbaring van God noem nie, hy sien hierdie skeppingsopenbaring in ons huidige bedeling van sondeval. Dit wil sê hy sien dit sonder óm met die sondeval rekening te hou nie, daardie sonde wat juis verskeurdheid tussen mens en mens bewerkstellig het. Hy vereenselwig nou die verbrokkelende verskeurdheid tussen mens en mens met personologiese gedifferensieerde waarheid en vryheid. Aldus word die abnormalisme van ons bedeling tot normalisme verhef. Maar dan wil hy hierdie abnormale verhouding tussen eksistensies red deur die noodsaaklikheid van kommunikasie en die betrokkenheid van alle eksistensies op die aankondigings van die Transendente. Die kontingente gesitueerdheid van elke eksistensie is myns insiens die grond van Jaspers se beswaar teen die

ekklesiologiese Christendom en die verwerping van die "Ausschliesslichkeits-prinzip".

Vir Jaspers is die mens as enkeling, alhoewel altyd in kommunikasie met ander, die een-en-al van sy filosofie. Dat die mens ook 'n sosiale besonderheid is, dat daar ook samelewingskringe is en dat godsdiens nie net 'n saak van die enkeling is nie, maar ook van die verband, daarvoor het Jaspers nie 'n geopende oog nie. Hy oorbeklemtoon die individu ten koste van die samelewingskringe. Sy kommunikasiegedagte is geen struktuurgedagte nie. Virsover daar nog van godsdiens by Jaspers sprake is, het dit net een kant en dit is die inter-individuele kant: dit is die eksistensie as enkeling in kontak met ander wat soek, wat onderweg is, wat in sy Kairos "kontak" met God het. 'n Sosiale kant van die godsdiens kan daar vir hom nie bestaan nie : dit sou 'n terugval in die massa beteken, dit sou impliseer algemeengeldige waarheid waarvan almal uitgaan, en daarom geen waarheid is nie. Vandaar ook sy afkeer in die kerklike godsdiens, wat vir hom sinoniem met massa-godsdiens of oneintlike godsdiens is. Die ware, eintlike godsdiens is 'n saak van die eksistensie wat getrou aan sy eie "Geschichtlichkeit" die waarheid in kommunikasie soek. Die voorveronderstellinge waarvan Jaspers uitgaan het hom gedwing tot dié verreikende inter-individualisme.

Vanuit ons christelike denke het ons nie net waardering vir die enkeling nie, maar ook vir die samelewingsverbande of sosiale strukture.[15] Daar is 'n verskeidenheid van samelewingskringe met 'n eiesoortige eenheid. So is die kerk ook 'n samelewingskring met 'n eiesoortige eenheid met die geloof as die leidende modaliteit.[16] Ons dien God nie net as enkelinge nie, maar ook as kerk. Daar is 'n verbinding tussen gelowige en gelowige en in hierdie struktuurbepaling speel die gesag 'n belangrike rol. So het ons godsdiens nie net 'n individuele kant nie, maar ook 'n sosiale kant. Ons wil die een nie beklemtoon ten koste van die ander nie. Die individuele en sosiale is vir ons gelykwaardig. Ons verwerp dié dualisme van Jaspers : die individuele godsdiens is die eintlike en die sosiale is die oneintlike. Ons onderskei die individuele en sosiale wel van mekaar sonder om hulle van mekaar los te maak of om prioriteit aan die een bo die ander toe te ken.

---

15. Vgl. H.G. Stoker, Beginsels en Metode, p. 171.

16. Op al die besonderhede soos die tipes van struktuurbepalings, dat elke kring aan al die modaliteite deel het, dat daar heenwysings is na ander kosmiese dimensies, gaan ons hier nie in nie.

HOOFSTUK 8

KRITIEK OP JASPERS SE OPENBARINGSBESKOUING

Ons het reeds die aandag gevestig op die gedagte dat Jaspers se openbaringsidee deur sy filosofiese onderbou bepaal word : die grondmotief en transendentale idee waarvan hy uitgaan speel hier die bepalende en beheersende rol. Die prinsipiële tweespalt wat aan sy denke te grondslag lê, maak 'n inhoudelike, outoritatiewe openbaring onmoontlik. Indien God hom direk en inhoudelik sou openbaar het, dan sou die Transendente vir Jaspers immanent geword het; dan sou ek in die wêreld 'n antwoord ontvang het met betrekking tot die Transendente wat 'n algemeengeldige wete sou gewees het, dan sou ek geweet het wat die Transendente is, dan sou die Transendente 'n objek vir die subjek gewees het; dan sou die absolute vir eens en altyd gevind gewees het; dan sou die syn hom as voorwerp aan ons voorgedoen het. Geen syn wat hom as voorwerp voordoen, kan as die eintlike syn beskou word nie; dan was daar 'n algemene toegang tot God gewees. Die Transendente moet, volgens Jaspers, die prinsipieel andere, onbepaalbare, onuitspreeklike, ontoeganklike bly. Sy grondmotief laat geen direkte Woordopenbaring toe nie.

Behalwe sy grondmotief is daar nog ander motiewe waarvan Jaspers uitgaan wat medebepalend is vir sy openbaringsbekousing. Die eerste motief wat ons hier wil noem is die prioriteit wat hy aan die eksistensie toeken. Sy openbaring moet in diens staan van die eksistensie. Jaspers ontkom nie aan die humanisme nie. Die humanistiese tradisie word deur Jaspers op sy eie wyse voortgesit. Die uitgangspunt en doel van sy beskouinge is die "self-syn". Die opmerking van Zuidema dat hierdie self-syn die hoeksteen van Jaspers se wysbegeerte is, skyn vir my nie korrek te wees nie;[1] maar dat dit 'n baie belangrike motief in sy denke is, kan nie ontken word nie. Die vrye self wees van die mens, sy outonomie, die vryheid om oor homself te beskik is nie alleen onaantasbare goed in sy filosofie nie, maar ook sy openbaringsbeskouing moet hierby aanpas. Hierdie vrye self wees van die mens, alhoewel van die Transendente afhanklik, mag nooit deur die godheid en sy openbaring aangetas word nie. God is en bly die verre transendente god en sy openbaring is niks meer as die aankondiging of spreke van die verre Transendente God waardeur die mens hom bewus word van die godheid. Van die kant van God en Sy openbaring word die "Selbstsein" gewaarborg. Die feit dat die self-syn in die filosofie van Jaspers

---

1. S.U. Zuidema, Philosophia Reformate, Jaargang 18, p. 1.

domineer, praat sommige van die subjektivisme by Jaspers.[2] Die wet vir die lewe lêvir hom nie in God wat in die wet sy soewereine wil vir al die geskapene uitdruk nie, dog in die mens as eksistensie. Die subjektiwiteit van die mens word by Jaspers dermate oorspan dat die Transendente uiteindelik slegs die funksie het om ervaar te word, om teenwoordig te wees aan die eksistensie. Die Transendente pool met sy openbaring het in die filosofie van Jaspers steeds meer sy bepalende krag verloor ten voordele van die eksistensie. Die eksistensie is die primêre instansie in die denke van Jaspers, maar tog bly die eksistensie afhanklik van die Transendente. Die menslike subjektiwiteit moet die uitgangspunt in alle filosofere wees. Niks mag hierdie menslike subjektiwiteit in gevaar stel nie. Hier gaan die weë tussen Jaspers en die Christelike denke nog verder uiteen: by laasgenoemde lê die primum movens altyd in God, se openbaring, by Jaspers lê dit in die menslike subjektiwiteit. Hy soek na 'n openbaring wat by hierdie subjektiwiteit kan aansluit en wat hierdie subjektiwiteit kan dien. Die groot vyand van die menslike subjektiwiteit is 'n vaste objektiewe, outoritatiewe Woordopenbaring waaraan die subjektiwiteit hom moet onderwerp. Dié openbaring is 'n bedreiging vir die outonome, soewereine mens wat in selfbepaling op weg is na sy hoogste bestemming : in vryheid te wees. Vanuit die Woordopenbaring gesien bevat dit vir ons eintlik iets "goddeloos", verheffing teenoor God, sondinge opstand. Die humanisme van Jaspers is anders: hier is geen humanistiese verabsolutering van die subjektiwiteit gegee nie, maar wel 'n soekende geloofsoutonomie : in sy verhouding tot die Transendente.

Die eie sekerheid van die eksistensie dui Jaspers aan met absolute bewussyn. Die absolute bewussyn is nie die syn van die eksistensie, maar is sekerheid. In die filosofere vanuit die absolute bewussyn vind die mens, volgens Jaspers, vir sover hy soekend op die Transendente gerig is, bevrediging. Hierby word die vaste, objektiewe genegeer. Jaspers het die vrees dat die onrus en beweging van die eksistensie in gevaar gebring kan word. Daarom wil hy die vervollediging, "Verfestigung" van die syn vermy terwille van die aktuele soeke en beweging van die eksistensie. Beweging, ondervraging, openheid, verwondering by die eksistensie is die beslissende kriteria. In sy beweging uit die oorsprong realiseer die filosofere hom as nie-wete, duiseling, huiwering, angs en gewete. Kragtens hierdie beweging uit die oorsprong, sluit dit elke objektiewe binding uit. Dit gaan vir Jaspers om die verdieping van die individualiteit van die self-syn teenoor alle objektiewe bindinge. Die waarheid ontspring uit die eie self-syn om aan die gevaar van objektivering te

---

2. Sien J.M. Spier, Filosofie van die onbekende god, p. 174.

ontkom. Die filosofie is dus 'n appél aan die mens om homself te word wat hom sal bring tot wat meer is as hyself. Alles draai om die eksistensie. Aan hierdie eksistensie stel hy die sware eis dat hy alles self in die reine moet bring en insien dat daar geen etiese, religieuse, wysgerige objektiwiteit en uiteindelike geborgenheid is nie, dat alles inteendeel op die verantwoordelikheid van die enkele mens self aankom.

Die self-syn realiseer hom dus in 'n vry wees van alle objektiewe bindinge. En hierdie vryheid beskou Jaspers selfs as 'n gawe van die Transendente. Ek beantwoord aan die goddelike eis as ek my in volle eksistensiële vryheid verwerklik. Eksistensie is eksistensie in vryheid. Dit hou in dat die mens bokant al die voorwerplike, outoritatiewe moet uitstyg. Dan is die mens pas waarlik vry en is hy homself. Die vryheid van die mens maak dus ook die objektiewe, inhoudelike Woordopenbaring onmoontlik, omdat so 'n openbaring die graf sou wees vir die eksistensiële vryheid van die mens. Ook vanuit die eksistensiële self-syn van die mens, moet God dus gereduseer word tot die Transendente Syn wat hom nie in woorde kan openbaar nie. (Dit hef die skeppingsopenbaring nie op nie).

Die tot sigself kom van die mens in sy self-syn noem Jaspers die eksistensie verheldering. Die middele wat gesoek word om die lig oor die self syn te laat opgaan, dui Jaspers aan met "signa". Hiermee bedoel hy tekens, aanwysinge. Aan hierdie "signa" wil hy geen objektiewe bestaan toeken nie. Dit is slegs aanwysinge, middele om die self-syn te ontdek en die eksistensie te verhelder. Alhoewel die "signa" geen objektiewe en algemeen geldige sin het nie, gaan dit tog om 'n "gegewe" wat die mens nodig het om sy self-syn te ontdek en die eksistensie te verhelder. Ons gee aandag aan enkele van hierdie signa.

(a) Die "Geschichtlichkeit"

Onder die historiese bewussyn verstaan hy die wete van die geskiedenis in objektiewe sin, dit wil sê kennis van data en feite. Die verlede word objek van die bewussyn überhaupt. By die "geschichtliche" bewussyn lê die sake anders. Hier word die wete onlosmaaklik met "my Syn" verbind. Wanneer ek myself is, word tegelyk die tyd my tyd. Die feite betref my en word deur 'n eksistensiële Syn deur my toegeëin. Jonker wys daarop dat dit wat Jaspers onder "Geschichtlichkeit" verstaan, kom miskien die naaste aan die uitdrukking "bevinding". Met hierdie filosofiese bevinding bedoel hy die aanvaarding van gebeurtenisse in die betrokkenheid van die self-syn en die Transendente. Die gewone historiese bestaan en die eksistensiële self-syn word in die "Geschichtlichkeit" saamgetrek. Geschictlichkeit laat nuwe lig val op die beskouing van tyd en ewigheid. Ook dit word deur die

"Geschichtlichkeit" tot 'n eenheid getrek waardeur die tyd ewigheids aspekte verkry. In die "geschichtliche" bewussyn word die tyd verdiep tot 'n ewige hede. In die eksistensiële syn verskyn die ewigheid in die tyd. Wat in alle tye is, of geldig is, is objektiwiteit. Wat in die oomblik verdwynend, dog ewig is, is eksistensieel. So word die ewige getrek binne die sfeer van die immanente. Die "Geschichtlichkeit" is die oplossing wat Jaspers bied om die agnostisme te oorwin maar waarby die Transendente transendent en die immanensie immanent bly. Maar verder, langs die weg is daar geen objektiwiteit of outoriteit wat die self-syn in gevaar kan stel nie. 'n Objektiewe inhoudelike Woordopenbaring bly in die slag. Al funksie wat sy "geschichtliche" openbaring vervul is om aan te kondig, maar dit deel geen objektiewe kennis mee nie. Omdat dit "geschichtlich" is, kan die openbaring nooit aangewys word nie : dáar is die openbaring nie. Wat vir een openbaring is, is nie vir 'n ander openbaring nie. Vir Jaspers is daar aankondiging, maar die openbaring kan nie aangewys word nie. Jaspers sien dit, maar sien dit by gebrek aan Woordopenbaring verkeerd.

(b) Grenssituasie

Daar is grense wat die eksistensie nie kan transendeer nie en wat hom in sy syn bedreig omdat die ook nie deursigtig word vir die "Erhellung" nie. Dit is die sogenaamde grenssituasies waaraan geen eksistensie ontkom nie. Vir die Dasein is dit die situasies waaragter geen ander situasie as oplossing meer te ontdek is nie; dit skyn geen uitkoms meer te gee nie. Deur die ineenlê van Dasein en eksistensie skyn hierdie situasies ook die eksistensie self te bedreig en stel hom voor die vraag wat sy sin, duur en geldigheid is. Eksistensie word daardeur gedwing om hom op homself te besin. Die grenssituasie is die laaste wat nie meer te oorskry of selfs maar te bevat is nie. Altans nie vanuit die Dasein nie. Vir die eksistensie is hierdie grens egter nie die laaste waar alles in volkome sinloosheid ophou nie, dog slegs 'n stranding van die objektiewe, algemeengeldige wete. Die "Erhellung" van die self-syn word in hierdie grenssituasie gewek om dan te kom tot 'n filosofiewe lewe van die eksistensie. 'n Grenssituasie is alleen vir die eksistensie waaragtig grenssituasie. Vir die Dasein is dit 'n situasie soos alle ander situasies wat hom deur die verstand nie meer sinvol laat invoeg nie. Die grenssituasies is in hul grenswees vir die bewussyn überhaupt en die Dasein in die algemeen nie begryplik nie. Alleen vir die eksistensie is die grenssituasie in hul grens-wees begryplik. Maar aan die anderkant word die self-syn deur die grenssituasie gewek.

Die grenssituasie is niks meer as grens vir die eksistensie nie. Dit is die grens wat die Transendente aanwys, sonder dat die terrein vir die eksistensie te

betree is. Eksistensie is dan ook nie in staat om die syn te bevat nie. Deur sy "Geschichtlichkeit" en die kom in grenssituasies is die eksistensie allermins self die syn. In die grenssituasie tree die Syn in verskyning voor die eksistensie. Dit is die syn wat aan die grense deurbreek en so moontlik maak dat 'n Dasein wat in 'n bepaalde situasie verkeer eksistensie in 'n grenssituasie kan word. Die bewussyn überhaupt kan nie dié werklikheid van die grenssituasie aanvoel nie. Dit is alleen te benader vanuit die eksistensie. In 'n grenssituasie verdwyn die objektiewe werklikheid waarmee 'n voorwaarde vir waarlik eksistere vervul word. In 'n grenssituasie word dus geen objektiewe Woordopenbaring gegee nie. So 'n openbaring sal die ware eksistere in die weg staan. Alles kom vir Jaspers neer op die "bevindelike belewing" in die grenssituasie wat slegs kan plaasvind langs die weg van die sogenaamde amor fati, en wat slegs deur die eksistensie beleef kan word. Soos daar 'n korrelasie is tussen situasie en bewussyn überhaupt, so is daar ook 'n korrelasie tussen die grenssituasie en die eksistensie. Die eksistensie sluit elke objektiewe binding uit. Dit gaan vir hom om die verdieping van die individualiteit van die self-syn teenoor alle objektiewe bindinge. Die waarheid ontspring uit die eie self-syn in die ontmoeting met Transendente om aan die gevaar van objektivering te kom.

Die self-syn van Jaspers realiseer hom in 'n vry-wees van alle objektiewe bindinge en hierdie vryheid beskou Jaspers as 'n gawe van die Transendente wat deur niks in gevaar gebring moet word nie. Hierdie eksistensiële vryheid word as een van die "signa" van die eksistensie verheldering beskou. Ek beantwoord aan die goddelike eis as ek my in volle eksistensiële vryheid verwerklik. Eksistensie is eksistensie in vryheid. Dit hou in dat die mens bokant al die voorwerplike, ook 'n voorwerplike Woordopenbaring moet uitstyg. Dan is die mens pas waarlik vry en is hy homself in sy aktuele soeke na die Syn. Hierdie aktuele, vrye soeke van die eksistensie na die Syn is 'n essensiële motief nie alleen vir 'n verwerping van alle ontologiese ondersoek nie, maar ook van 'n vasstande, inhoudelike outoritatiewe Woordopenbaring. Met laasgenoemde word die vrye, aktuele soeke van die eksistensie in gevaar gebring. Beweging, ondervraging, openheid, verwondering by die eksistensie is die beslissende kriteria. 'n Vaste, objektiewe openbaring sal die beweging van die eksistensie afbreek en die mens oneintlik maak, aldus Jaspers.

Ons het reeds daarop gewys dat die objektiewe vir hom identiek met die zone van die wêreldoriëntasie, met die Dasein is. Dit is die zone van die empiriese, van alles wat deur ons tot voorwerp van ondersoek gemaak kan word, alles waarop ons ons in die bewussyn kan rig. Maar die eksistensie en die Transendente besit

geen objektiwiteit in hierdie sin nie, en is nie objektiveerbaar nie. Dit lê buite die horison van die bepaalbaarheid. Daarom kan die Transendente alleen langs 'n indirekte weg benader word : deur eksistensiële verheldering : geschichtlichkeit, grenssituasies. Vryheid is die aanwysinge om die self-syn te ontdek en die eksistensie te verhelder. Hulle kan dientengevolge geen objektiewe en algemeengeldige sin hê nie. Hierdeur word die absolute bewussyn opgewek. Die absolute bewussyn is nie die Syn van die eksistensie, maar is sy sekerheid. In die filosofere vanuit die absolute bewussyn word die vaste, objektiewe genegeer en realiseer hom as nie-wete, duiseling, huiwering, angs en gewete.

Jonker het die opmerking gemaak dat met hierdie selfinkeer vertoon Jaspers enige verwantskap met die Thomisme met die na binne gerigte refleksie van die mistieke denke.[3] In dié denke moet die mens tot homself inkeer, om die waarheid te vind. Godskennis is die laaste resultaat van die selfbesinning van die kennende mens. Ook Jaspers se eksistensie verheldering doel op 'n selfrefleksie en selfopenbaring, nie die van die rasionele spekulasie van die teoretiese rede nie, maar wel die van die eksistensiële verwerkliking van die praktiese rede. Die gerigtheid op die self-syn is in wese 'n inkeer tot die oergrond van die eksistensie waarby alle objektiewe gegewenhede getransendeer moet word en van waaruit die universum as Chiffer van die Syn, gedui moet word. Word die mistieke abstraksie van die selfrefleksie in die middeleeuse denke gewek en gelei deur die genade, by Jaspers ontvang die eksistensiële inkeer die volle moontlikheid wanneer die eksisterende mens, staande in die grenssituasie van ewigheid en tyd, tot hierdie inkeer oorgaan in volle eksistensiële vryheid wat hom as 'n gawe deur die Transendente geskenk is. As gevolg van hierdie motief van die inkeer tot "sigself" word die Godskennis gesien as 'n saak van herinnering en selfinkeer (wat nie sonder aankondiging verstaan kan word nie), en nie van mededeling deur 'n objektiewe Woordopenbaring nie. In die Christelike denke kom die waarheid deur die Woord, nie van binne uit, maar van buite af. Die eksistensie is die primêre instansie in die denke van Jaspers, die uit eie "self-syn" ... sy eie geloofswaarheid in sy verhouding tot die Transendente verwerklik.[4] Hierin word 'n relasie tot die Syn gemanifesteer. Uit eie selfsyn met sy filosofiese grondoperasie wil hy vooruit na die vryheid in relasie met die Transendente. Godskennis is dan die laaste resultaat van die selfbesinning van die kennende mens. Die gerigtheid op die self-syn is in wese 'n inkeer

---

3. H. Jonker, Over Jaspers metamorphose der bybelse religie, p. 106.

4. H. Jonker, Over Jaspers metamorphose der bybelse religie, p. 106.

tot die oergrond van die eksistensie, waarby alle objektiewe gegewenhede getransendeer moet word. Vanuit die menslike eksistensie word opgestyg tot God. Dit is die sekularistiese soeke na God: vanuit die mens self moet opgeklim word na God, wat altyd moet misluk.

'n Tweede motief, wat direk met die voorafgaande saamhang, waarmee Jaspers se openbaringsbeskouing saamhang is sy wysgerige akt. Teenoor die tese waarvan Heidegger uitgaan naamlik die enigheid van die mens, stel Jaspers die tese van die Oneindigheid en onbepaaldheid van die eintlike Syn. Laasgenoemde tese bevry ons dan tot die eintlike Syn en voer tot 'n "Wiedergeburt unseres Wesens im Philosophieren." Hiermee is vir Jaspers die eindige Syn en die gegenständliche Denke begrens en onttroon en tegelyk hiermee is die Oneindige Syn as absoluut en 'n "ungegenständliches Denken" geïnstalleer. Die "gegenständliche Denke" is begrens tot die wêreld wat kenbaar is en het tot doel 'n algemeengeldigheid en objektiwiteit. Maar dit is 'n eindige kennis wat op die oppervlak bly maar bereik nooit die Syn nie. Enige poging om bokant of verby die grense van die empiriese te gaan om algemeengeldige en objektiewe verklarings van die Syn te maak, word leë begrippe. Algemeengeldige kennis is beperk tot die sfeer van die positiwistiese objektiwiteit, tot die wêreld. Dit verskil van die "ungegenständliches" Denken. Laasgenoemde is 'n appellerende denke; is 'n dialektiek van denke en nie-denke wat inhou dat dit wat eers deur die kategorië gestel is, transenderend weer genegeer word. Die objektiewe werklikheid van die "gegenständliche" Denke word gebruik maar tewens agtergelaat om deur te dring tot die ondenkbare van die Transendente. So ken Jaspers net die uiterstes van die positivisme met sy objektiverende denke en algemeengeldige kennis en die nie-objektiewe opheldering van 'n geheel van relasies deur 'n nie-objektiewe denke te wete die transenderende akt.

Die opheldering van die relasies deur die transenderende akt deel nie insigte mee nie, maar signa, simbole wat slegs 'n nie-objektiewe kennis bied wat nie bindend is nie. Hierdie transenderende akt gaan uit van die diskontinuïteit tussen die drieërlei vorm van Syn: om daar te wees (Dasein), om jouself te wees (eksistensie) en om op en vir jouself te wees (Transendente). Hierdie vorme van Syn word ondersoek deur verskillende metodes. Hier berus sy eksistensiefilosofie op 'n disharmoniese wêreld beeld.

Die Syn kan nie metodies onderken en algemeengeldige kennis daarvan bekom word nie. Die Syn is vir hom die nouste gebonde aan die inspanning van die enkele mens wat as't ware op eie risiko steeds opnuut na die Transendente moet deurbreek om die waarheid te verower, nie as 'n vaste besit nie en vir altyd fikseer-

bare standpunt nie. Geen denke is in staat om die nate te heg tussen die antinomiese aspekte waarin die wêreld uiteenval nie. 'n Mens stoot aan die grense, op onoplosbaarhede, onverenigbaarhede, onversoenlikhede wat saamhang met die gesplete struktuur van die bestaan self.

In die eksterne wêreld het die denker 'n vastrapplek; dit is die wêreld met standvastige objekte waarin alles geken kan word. Elke objek in die wêreld en alle kennis is vir die bewussyn überhaupt. Jaspers gaan uit van die echec van die empiries objektiewe wetenskappe waar dit om die laaste en eerste vrae gaan; van die grense van die objektiewe. Hierdie wetenskappe het met die objektief gegewene en ervaarbare te doen. Dit is Jaspers se wêreldoriëntasie: die wetenskappe oriënteer ons in die wêreld, aangaande die Dasein, terwyl die filosofie in eerste stadium as filosofiese wêreldoriëntasie juis daar begin waar die zone van die objektiewe eindige en die wêreldoriëntasie hom in onoplosbare paradokse en antinomieë verloor. Aan die filosofiese denke word 'n eie rol toegeken. Dit is die prinsipieel nie-objektiveerbare denke wat die empiriese te bowe gaan. Dit gaan om die geheel, die Syn op homself, in teenstelling tot die objeksyn. Die teoretiese rede met sy kategorieë word dus skerp onderskei van die wysgerige akte wat neerkom op 'n transendering.

Jaspers se idee van die transendere is die transendentale oorsprongsidee van sy wysbegeerte en ook sy openbaringsbeskouing moet by hierdie idee aanpas. Niemand en niks mag die menslike vrye en soewereine transendere in die weg staan nie. Alles en elkeen moet die transendere dien. Ook die Transendente en sy openbaring. Die transendere stoot wel deur alle Omvattende heen en lyf die Transendente in as die oneindige verre limiet wat hy in "Scheitern" ervaar. Van 'n objektiewe, inhoudelike Woordopenbaring is hier nie sprake nie. Dit sou die "Selbstherrliche" aktiwiteit in die wegstaan. Hy soek na 'n openbaringsbeskouing wat hierdie skeppende, oneindige bewegingsakte, die "innere Tat" kan dien. Met laasgenoemde korrespondeer 'n openbaring van die Transendente wat homself altyd aankondig maar wat nooit objek word en wat homself altyd terugtrek so gou as die denke dit wil omvat. 'n Vaste, objektiewe Woordopenbaring, 'n algemeengeldige kennis van die Transendente sou die oneindige bewegingsakte verongeluk. Al wat hy vir sy transendere nodig het, is die opheldering, 'n aankondiging van die Omvattende.

Jonker het 'n positiewe waardering vir hierdie transenderende akte: hiermee wil Jaspers tot uitdrukking bring dat God die geheel andere is en nooit met die elemente van die natuur vereenselwig kan word nie, aldus Jonker. Vanuit die Christelike standpunt het hierdie doelstelling goeie sin, maar myns insiens is die ernstige vraag of hierdie akte nie die verhewe doelstelling juis in gevaar stel nie.

Die transenderende akte bring juis tot uitdrukking dat nie God nie, maar die eksistensie met sy transenderende akt die inisiatief neem.

As die Transendente die geheel andere is en as ons uitgaan van die op sigselfstaande geïsoleerdheid van die Transendente wat geen enkele bepaling toelaat nie, is dit 'n prinsipiële onmoontlikheid om die Transendente transenderend te bereik. Die enigste moontlikheid is nie vanuit die mens nie maar vanuit God wat Homself openbaar. Tereg het van Riessen ook gewys op die onmoontlikheid van hierdie sprong.[5] In die wysgerige "Existenzerhellung" gaan dit nie om 'n sprong nie, maar hoogstens om in grenssituasies gereed te staan vir 'n sprong wat nooit voltrek kan word nie. Jaspers het self erken dat ons ons nooit uit die Zeitdasein kan bevry nie.

Die openbaringsbeskouing van Jaspers staan in die nouste verband met die geïsoleerheid, die transendentheid van die Transendente wat hom slegs aankondig sonder om objektief aanwesig te wees. Daarom verwerp hy die objektiewe Woordopenbaring en die vae, swerwende, kontingente skeppingsopenbaring open die weg vir die eksistensie wat transenderend moet opklim tot God.

'n Derde motief waaruit Jaspers se beskouinge ook met betrekking tot godsdiens en openbaring verstaan moet word, is sy waarheidsopvatting. Beerling het ook daarop gewys dat Jaspers deur die lewensfilosofie negatief beïnvloed is.[6] Hy deel hulle afkeer van die waarheid in die verskeidenheid van sy rasionele gestaltes. Die waarheid word nie op die immanente lewe betrek nie . Die eintlike waarheid is nie algemeen en objektief nie; geen intelektuele standpunt nie, maar innerlike vereenselwiging, nie tydloos geldig, maar "geschichtlich" bepaald, nie voltooid of voorhandene maar onderweg en onvoltooid. Daar is ook wel objektiewe waarheid met feitlike en dwingende juistheid, maar hierby is die eksistensie nie in die geding nie.

Die waarheid wat die eksistensie in die geloof ervaar mis elke denkbare, voorstelbare karakter; tree nie te voorskyn in die gestalte van 'n redelike konsepsie, tree in die geheel nie te voorskyn nie, sou hom dan in objektivering verloor, maar hou hom op die interne beslotenheid van die eksistensiële lewe. Die waarheid is niks anders as die innerlike beweeglike vorm van die in die tyd verskynende eksistensie self, maar deur die ewige aangeraak. Daarom gaan dit in die laaste instansie dan ook nie meer om 'n waarheid maar om 'n waar-wees. Jaspers maak gewag van die "Tiefe des Wahrseins" waaraan ek kom wanneer geen "bewährende Daseinswer-

---

5. H. van Riessen, Filosofie en techniek, p. 299.

6. Vgl. R.F. Beerling, Moderne doodsproblematiek, p. 252.

king", geen bewysbare sekerheid en geen bergende totaliteit van die gees meer geld nie.[7] Dié waarsyn is dan ook prinsipieel onttrek aan die sfeer van die algemeen menslike insig en algemeen mededeelbaarheid. Tereg het Beerling die opmerking gemaak, wanneer Jaspers die beginsel van eksistensiële verbesondering so ver deurdryf dat hy elke eksistensie opvat as 'n, om homself wentelende, vensterlose monade, wat die geheel van die wêreld spieël in 'n innerlike beeld en dienooreenkomstig sy eie waarheid noulettend kultiveer, en angsvallig behoed as 'n onvervreembare besit, dan is die waarheidsbeginsel prysgegee aan 'n onherstelbare anargie.[8]

Die Syn en die waarheid is vir hom geen onveranderlike rigpunte waaraan die filosofere hom, onafhanklik van die situasie waarin dit funksioneer, moet oriënteer nie, maar ten nouste gebonde aan die hoogste inspanning van die enkele mens wat as't ware op eie risiko steeds opnuut na die Transendente moet deurbreek, om die waarheid andermaal te verower, nie as 'n vaste besit of altyd fikseerbare standpunt nie. Konstante waarheid is daar dus nie. Ons subjektiewe soeke om die Syn te tref, die beweging van die soeke, dit is die eintlike waarheid in die tyd. Die grote vyand vir Jaspers se waarheidsbegrip is die gedagte van 'n bo-persoonlike, absolute waarheid wat vir almal geld. Daarom verwerp hy die goddelike Woordopenbaring, wat die lewe van alle mense met gesag normeer, as bygeloof.

Dat sy grondmotief en die transendentale idee van die soewereine vrye mens ten diepste sy waarheidsopvatting bepaal is duidelik. Die eintlike waarheid is transendent; die Transendente openbaar van sy kant geen vasstande objektiewe waarhede nie, want dan sou die Transendente nie meer transendent gewees het nie, maar 'n objek vir die subjek. Maar verder, as die Transendente hom sou openbaar het, sou dit ook die self-syn in sy aktuele soeke na die Syn in gevaar gebring het. Jaspers verwerp 'n vasstande, objektiewe Woordopenbaring met algemeengeldige waarhede ter wille van die aktuele soeke na die Syn. Uit vrees dat die onrus van die eksistensie in gevaar gebring kan word, moet elke vasstande Woordopenbaring en objektiewe waarheid verwerp word.

Verder hang die verwerping van die waarheidsbeginsel saam met die probleem van die filosofiese mededeelbaarheid. Die eintlike waarheid nestel hom in die diepste skuilhoeke van die innerlikheid; word dit daaruit gehaal, dan ly dit wesenlik skade. Dit is steeds in "statu nascendi" en elke definitiewe objektivering

---

7. K. Jaspers, Vernunft und Existenz, p. 64.

8. Vgl. F.R. Beerling, Moderne Doodsproblematiek, p. 252.

kom neer op 'n geweldige onderbreking van sy groeiproses. Word die waarheid deur hulle aan wie hy hom geopenbaar het, gebring tot diegene wat hom nog nie deelagtig geword het nie, dan neem daarmee tegelyk die verandering van die waarheid 'n aanvang. "Den die sie aufnahmen, verstanden sie von sich aus ... Die Wahrheit, statt, in ihrer Ursprünglichkeit sich gleichbleibend, Menschen vermittelt zu werden, geriet in verwasserung und in Verkehrung, oder in die Verwandlung zu etwas ganz Anderem aus neuer Urspringlichkeit.[9] Tereg stel Beerling die vraag of die problematiek van die mededeelbaarheid in bogenoemde argumentasie, deur Jaspers werklik ten volle deurdag is. Hy laat hierdie problematiek begin op die oomblik waarop die wat in besit van die waarheid is, hierdie waarheid aan die oningewydes deurgee, die gevaar ontstaan dat dit deur iedereen op sy wyse geïnterpreteer en uiteindelik vervals word. Watter waarheid het Jaspers hier op die oog? 'n Waarheid van die bewussyn überhaupt? Indien ja, dan is dit nie in te sien hoe die deur hom bedoelde vervalsingsproses hier sou kon intree nie. In hierdie sfeer van die bewussyn überhaupt tree die mededeling as probleem in die geheel nie op nie, maar gaan dit vir Jaspers om 'n ander "soort" waarheid wat op die een of ander, van die mens onafhanklike wyse "gegee" sou word, dan hang die problematiek van die oordrag nie in die eerste plek saam met die mededeling van een mens (die ingewyde) tot die ander mens (oningewyde) nie, maar moet sy oorsprong na 'n eerder stadium verlê word en moet die vraag gestel word in hoeverre dié waarheid tot enige mens, sonder verkorting kan ingaan. "Denn die sie aufnahmen, verstanden sie von sich aus" met ander woorde nie volkome reseptief en outentiek nie. Daarom is kommunikatiewe waarheid streng genome nooit dié waarheid nie. Dit is aan die kommunikasie gebonde, ontspring daarin, is daarvoor of daarbuite nêrens te vind nie.
Maar eksistensiële waarheid is volstrek partikularisties en onvermenigvuldigbaar. Mens kan daar geen deurdruk van maak nie. Vir Jaspers is daar net een soort waarheid en dit is die personologiese waarheid. Kragtens sy uitgangspunte kan en mag hy van universele waarhede nie uitgaan nie. Vir ons is daar universele waarhede waaraan alle mense onderworpe is, dit wil sê behoort te glo. Maar met die universele waarhede as agtergrond en voorwaarde is daar ook 'n persoonlike, gedifferensieerde waarhede. Daar is dus waarhede wat vir alle gelowiges gelykelik van prinsipiële bebekenis is, maar op die agtergrond ook waarhede wat in hul betrokkenheid op persone, van persoon tot persoon gedifferensieërd is. Uit die samehang van alle waarhede is die een groep vir hierdie persoon met sy aard, aanleg, roeping en vir die ander daardie van persoonlike belang omdat roeping en roeping van die van ander verskil. Deur die persoonlike roeping van

---

9. K. Jaspers, Vernunft und Existenz, p. 66.

een persoon tree die waarhede in 'n ander perspektief as vir 'n ander persoon, sonder prysgawe van die universele waarhede waaraan almal as persone gelykelik gebind is. Maar daar is nie net verskil van mens en mens en van samelewingskring en samelewingskring nie. . Maar tyd en tyd verander en verskil ook. Die waarheidsperspektief van die Middeleeue verskil byvoorbeeld van die van die Verligting. Ook hierdie, met die tydsveranderinge gegewe differensiasie mag nooit geïsoleer word van die universele waarhede wat vir alle tye gelykelik geld nie. Maar die verskil van tydseise en van waarheidsdifferensiasie vir 'n betrokke tyd, mag ons ook nie uit die oog verloor nie. Ons groot beswaar teen Jaspers se waarheidsbeskouing is dat hy van die universele waarhede niks wil weet nie. Maar aan die anderkant het ons waardering vir sy beskouing van die persoonlik gedifferensieerde waarhede dit wil sê, die personologiese waarheid. Die ernstige gevaar wat by Jaspers dreig is dat die universele waarhede personologies en kontingent verstaan moet word. Hier het ons dan te doen nie met 'n waarheidsrelativisme nie, maar met 'n waarheidsrelasionalisme. So het elke eksistensie sy eie geloofswaarheid wat een is met die eksistensie, wat nie aan die objektiewe gebonde is nie en ook nie algemeen geld nie. Omdat die waarheid ten volle waarheid van die persoon is, is 'n objektiewe Woordopenbaring met objektiewe, universele waarhede onmoontlik.

Jaspers se openbaringsbeskouing kan ons kortliks soos volg saamvat: Ons stel die christelike beskouing kontrasterend teenoor sy beskouing.

(a) Die ene God is die transendente wat die wêreld te bowe en te buite gaan. Hy sien hierdie Transendente "in ihrer Verborgenheit, Ferne und Fremdheit." Hierdie god is 'n Deus absconditus. Hierdie Transendente konsepsie "an sich" sluit reeds die teenstelling in, daar Jaspers van mening is dat God hom nie kan openbaar in woord nie. So word God in feite reeds gebind aan die hom opgedronge verborgenheid. Hierdie "leer" van Jaspers is radikaal. Selfs die geloof in 'n persoonlike God word as in stryd met die verborgenheid van God, deur hom afgewys. Selfs die naam "God" moet verval. Selfs die geopenbaardheid van Gods wil, is maar skyn; 'n wyse van sê, oneintlik. Die Transendente wil nie en wil niks nie. Die Transendente is die afwesige, die verre God. Maar hierdie verre transendente God kondig hom slegs aan in die Chiffre. Die Chiffre is nie die Transendente nie, maar sonder die Transendente is dit nie moontlik nie. Neem die Transendente weg, dan verval ook die Chiffre Die Chiffre is die aankondiging, die spreke van die Transendente, geen menslike skepping nie. Hoe Japsers die openbaring ook al vervals het, het ons daarvoor waardering dat sy openbaring, die Chiffre, die aankondiging uit die Transendente verklaar moet word. Dit is 'n waarheidsmoment

by Jaspers. Die openbaring vloei alleen uit God voort. Ons ken God slegs vir sover en omdat Hy Hom aan ons openbaar. Om in die taal van Kuyper te spreek, God alleen kanuitsluitsel gee omtrent sy bestaan as God en om hierdie mededeling van God aan iets anders te toets, is ongerymd.[10] Daar is geen verskynsels waaruit gekonkludeer kan word nie. So bly die mens vir alle kennis van God volstrek afhanklik van God se openbaring. Die afhanklike karakter, wat ons by Jaspers aantref, is nie iets bykomstig nie, maar essensieel. Alle kennis is ontvange kennis en is nie God self nie, maar die kennis wat Hy ons omtrent Homself geopenbaar het. 'n Gedagte wat ons ook by Jaspers aantref. Die Chiffre is nie die Transendente self nie, maar 'n openbaring van God. God self bly transendent, ook aan sy openbaring. Ook Berkouwer het dieselfde gedagte sterk geaksentueer: die opvatting moet van die hand gewys word dat kennis van die natuur moet gelykgestel word met die kennis van God se algemene openbaring.[11] Die werklikheid van die openbaring van God word deur laasgenoemde standpunt aangetas. Ons moet 'n ope oog hê vir die daad van God se openbaring in die kreatuurlike werklikheid. Dat die handele van God in die kreatuurlike werklikheid nie opgemerk en erken word nie, vind sy oorsprong nie in die wesenlike onkenbaarheid van die handele van God nie, maar in die radikale verduistering van die menslike hart. Openbaring is die daad van God, waardeur Hy aan mense iets bekend maak van wat Hy is. Die aksie gaan uit van God. Iets hiervan het Jaspers raakgesien: die objekte in die wêreld spreek 'n taal van die Transendente. Met ander woorde die taal word nie vanuit die objekte verklaar nie maar dit is 'n taal van die Transendente.

(b) In die openbaringsbeskouing van Jaspers is die eksistensie 'n belangrike faktor. Sonder die wysgerige of eksistensiële geloof, kan die Chiffre ook nie onderken word nie. Met my wetenskaplike waarneming en denke kom ek nie by die Chiffre nie. Deur die geloof beteken myns insiens ook by Jaspers hoegenaamd nie dat die eksistensie kragtens sy wysgerige geloof die Chiffre skep nie. Inteendeel! Maar sonder die geloof kan die Chiffre nie verneem word nie. Vir hierdie siening van Jaspers het ons waardering. Die openbaring van God eis 'n kreatuur wat in staat is om hierdie openbaring subjektief te ontvang. Daarom let ons nie net op die openbaarder nie, maar ook op die ontvanger van die openbaring. Doen ons dit nie, dan bly die openbaring as uitwendige mededeling buite die mens. Met die openbaring sonder meer kan die doel van die openbaring nie bereik word nie. Kuyper, Bavinck

---

10. Sien A. Kuyper, Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid II, Amsterdam, J.A. Wormser, 1894, p. 200.

11. Sien G.C. Berkouwer, De Algemene Openbaring, J.H.Kok, Kampen, 1951, p. 239.

en andere het reeds daarop gewys dat die menslike geslag in sy skepping geheel op hierdie openbaring aangelê is. Ook in ons Christelike openbaringsidee moet nie alleen die Openbaarder, maar ook die ontvanger van die openbaring geaksentueer word. Nie alleen die objektiewe moontlikheid van die kennis van God uit die openbaring nie, maar ook die subjektiewe moontlikheid en aansluiting aan hierdie openbaring van God, moet geaksentueer word.

In ons Christelike siening, daarop het ons reeds implisiet gewys, neem God met Sy openbaring (Woordopenbaring) die inisiatief: dit is 'n openbaring wat persoonlik, direk deur God tot die mens gerig word. In liefdevolle gehoorsaamheid aan God antwoord die mens, hef die mens sy hart op na God. Maar Jaspers val terug op die inisiatief by die mens. Dit is eers vanuit die eksistensie as vryheid en aksie dat die realiteit transparant word na die absolute syn. Slegs deur die beweging van my eksistere word die wêreld van blinde feitlikheid tot teken. Met ander woorde deur die eksistensie heen word hierdie werklikheid weerkaatsing van die Transendente. So word die objekte in hierdie wêreld deur die daad van die eksistensie uitgeken as 'n Chiffre van die Transendente. Ons moet steeds in gedagte hou dat ons hier met 'n inisiatief vanuit die derde fase van die sekularisme te doen het: die mens het 'n besef dat daar iets is wat hom en hierdie wêreld transendeer, hy kry 'n oor vir die aankondiging van die Transendente (maar verwerp sy Woordopenbaring), hierdie mens plaas die inisiatief nie in die hand van God nie, maar in die hand van die mens wat homself transenderend soek te red. Hier word nie geantwoord op die inisiatief van God nie, maar 'n transendering uit eie inisiatief.

3. Van die ene God, aldus Jaspers, verkry ons deur hierdie Chiffres geen algemeengeldige kennis nie. Algemeengeldige kennis is beperk tot die sfeer van die positiwistiese objektiwiteit. Die Transendente kondig net homself aan, maar word nooit objek nie. Trek homself altyd terug as die denke dit wil omvat. Die opheldering van die eksistensie, van waaruit die Chiffres gelees word, deel geen insigte mee nie, bied geen objektiewe kennis nie. Die aankondiging van die Transendente is altyd "geschichtlich". Dit is 'n verlies van die Transendente as die historiese gestalte van sy aankondiging tot 'n absolute gemaak word, tot iets weetbaars wat as waarheid vergoed die wêreld ingeggaan het. Die eintlike waarheid is nie algemeen en objektief nie, maar innerlike vereenselwiging. Die waarheid wat die eksistensie in die geloof ervaar mis elke denkbare voorstelbare karakter, verloor hom in objektivering. Die waarheid is nie 'n gegewe nie, maar 'n opgawe. Alles kom daarop hoe en wanneer dit gerealiseer word. Die aankondigings van die Transendente spreek die eksistensie aan. Hierdie aankondigings is

nie subjektief in die sin dat die eksistensie hulle sou geskep het nie, maar is ook nie objektief in die sin dat hulle algemeengeldig is nie. Algemeengeldige kennis van die Transendente word nie gebied nie, en tog gaan dit om 'n sekere kennis, 'n personologiese, onobjektiveerbare kennis. In hierdie kennis moet die mens ook "scheitern". Vanuit ons Christelike denke is dit voor die hand, dat waar die mens die Woordopenbaring van God van die hand gewys het en net leef by die skeppingsopenbaring, moet hy as sondige mens in sy kennis aangaande God "scheitern". Hierteenoor staan die Christelike siening : die kennis wat God in sy openbaring aan ons bied, is volkome waar. Kuyper het die woordopendaring soos volg omskrywe: Openbaring is die daad van God waardeur Hy op welke wyse dan ook aan mense iets bekend maak van wat Hy is, denk of wil.[12] Dit gaan dus in die eerste plek om kennis van God — pro forma humana, deur die kreatuurlike onselfgenoegsame mens kenbaar. Maar hierdie openbaring van God is ook nie objekte en wie daarvan 'n objek wil maak verdinglik en vernietig dit. Dit is eintlik 'n hiperdoks, iets wat ons kan ken, maar wat ons kennis te bowe gaan. Ons ken God deur Sy openbaring op 'n kreatuurlik onselfgenoegsame wyse. Daarom verwerp ons alle spekulatiewe deduksies van die filosofie wat wil transendeer tot 'n God aan wie dit nie toegestaan word om Hom in Sy Woord te openbaar nie, maar slegs aan te kondig. Hierteenoor aanvaar ons dat God Hom op skepselmatige wyse aan die mens openbaar, en dat ons "ektipiese" (Kuyper) kennis van God kan bekom.

4. Van 'n direkte, objektiewe Woordopenbaring wil Jaspers niks weet nie. God spreek wel in die konkrete realiteit. Dit noem Jaspers 'n Chiffre of simbool. Dit is dus 'n metafisiese voorwerplikheid wat nie self die Transendente is nie, maar slegs sy spreke. Jaspers verwys hier na die werke van kuns, poësie of filosofie, die data van die geskiedenis, mite en wonders, gewone sake van die ervaring. Hierdie aankondiging, verwysing, Chiffre van die Transendente kan ons as skeppingsopenbaring beskou. Jaspers se kritiek teen die Christelike godsdiens is gerig — nie teen die skeppingsopenbaring (want daarvan gaan hy in sy denke uit) maar teen die Woordopenbaring, teen die objektiwiteit en outoriteit daarvan. Daar is 'n analogie tussen Jaspers se Chiffre-leer en die Christelike leer van skeppingsopenbaring. Die Transendente is nie die Chiffre, maar kondig hom daarin aan en die eksistensie deur sy geloof verneem die Chiffretaal.. Die Chiffre staan tussen die Transendente en eksistensie en veronderstel albei. En

---

12. A. Kuyper, Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid II, p. 202.

by ons eis die skeppingsopenbaring God en die menslike geloof, wat nóg God nóg menslike skepping is. Maar die verskil is dat ons die lig van God se Woordopenbaring op die skepping wil werp en Jaspers dit verwerp. Die Christelike denke het nog altyd uitgegaan van die onderskeiding van algemene en besondere openbaring of die revelatio naturalis en die universele Woordopenbaring. Maar van die begin af is hierdie openbaring van God in die natuur gedra en begelei deur die Woordopenbaring. Eers in die gelowige luister na die Woordopenbaring word die ware sin van God se openbaring in die natuur onthul.

Die onverdorwe "natuurlike" kennis omtrent God was nie wat die spekulatiewe "theologia naturalis" daarvan gemaak het : 'n kennis uit die, op die natuurlike terrein selfgenoegsame "naturalis ratio", dog 'n kennis wat in laaste instansie gelei is deur geloof in God se Woord waardeur die geestelike oog ontsluit word vir die verstaan van die universele openbaring van God in die natuur.

Die fundamentele dwaling van die kant van Jaspers is dat hy hierdie regstreekse goddelike Woordopenbaring verwerp. Hy beskou die Woordopenbaring as 'n usurpasie van die waarheid deur afsonderlike mense wat hul besondere "Geschichtlichkeit" algemeen ag vir alle mense. Die realiteit van 'n goddelike Woordopenbaring bestry hy so: al is daar in die wêreld baie Chiffren wat as simbole op God heenwys, God self bereik ek nooit. Dit sou anders wees as daar 'n direkte en uitsluitende Woordopenbaring van God sou wees. Maar die mense verwissel Chiffren met die Syn self. Die ene God is nie op een bepaalde wyse op een uitsluitlike weg te bereik nie. Dat God hom hier en slegs hier direk openbaar, aldus Jaspers, is 'n geloof wat God tot iets objektief in die wêreld maak. Hierteenoor moet ons opmerk dat God se skeppingsopenbaring vereis (voor en na die sondeval) die volle lig van God se Woordopenbaring. God se Woordopenbaring is daar. Ons gaan uit van die ontiese gegewenheid van God se skeppingsopenbaring. Elke mens word daarmee gekonfronteer. Maar hierdie skeppingsopenbaring moet in die lig van God se Woordopenbaring gesien word. Die skeppingsopenbaring is nie voldoende om God self te ken nie. Dit is van essensiële belang maar nie genoegsaam nie. Vanuit sy Woordopenbaring ken ons God soos Hy Hom op skepselmatige wyse geopenbaar het. Met die verwerping van God se Woordopenbaring en die lig daarvan op die skeppingsopenbaring, sien ons twee moontlikhede. Eerstens die nie-onderskeiding van God se skepping en God se skeppingsopenbaring, die vereenselwiging van Gods skepping met God. (Die verabsolutering van iets wat geskape is). Hierdie weg volg Jaspers nie. Ons moet probeer sien wat Jaspers sien.

Hy hou geen rekening met God se Woord as sodanig nie; maar wat hy nie kan ontwyk nie is God se skeppingsopenbaring, al word dit deur hom, kragtens sy uitgangspunt, vervals. Hy vereenselwig nie mens en wêreld met skeppingsopenbaring van God nie. Hy het iets van God se skeppingsopenbaring gegryp, al het hy dit vervals tot Chiff[illegible].

HOOFSTUK 9

SAMEVATTING EN SLOT

Jaspers se wysbegeerte is in laaste sin bipolêr. Aan die eenkant is daar die eksistensie (en die wêreld), aan die anderkant die Transendente wat hom met signa, tekens, aanwysings, chiffer ens. aankondig. Die een (eksistensie) is net so essensieel soos die ander (die Transendente met sy aankondiging).

In ons christelike denke onderskei ons tussen die openbaring van God in Sy Woord en Sy skeppingsopenbaring. Jaspers se kritiek teen die christelike godsdiens is teen die Woordopenbaring gerig, teen die objektiwiteit en outoriteit daarvan. Jaspers gaan alleen uit van die aankondiging, tekens, verwysings, Chiffer van die Transendente. Al noem Jaspers dit nie so nie, is dit die skeppingsopenbaring van God.

Jaspers kritiseer die Christen se beroep op die Woordopenbaring van God omdat dit algemeengeldige objektiwiteit aan die mens sou bied. Die aankondigings of verwysings van die Transendente is vir Jaspers nie objektief of algemeengeldig nie. Hierdie aankondigings spreek die eksistensie aan en is in die sin nie subjektief (ook nie objektief nie), geen louter skepping van die eksistensie nie, maar is aan die eksistensie gegee.

Vir ons is die openbaring van God nie God self nie, maar 'n openbaring van Hom. Al ken ons die openbaring van God, God self bly transendent, ook aan Sy openbaring, ook aan ons geloofskennis daarvan. Op sy wyse kry ons dit by Jaspers ook terug: ons verneem die aankondigings van die Transendente, maar self bly hy transendent.

Ons kan God se openbaring slegs deur die geloof ken, gryp, verstaan. Dit maak God nie afhanklik van ons geloof nie. Ook nie Sy openbaring nie. Slegs die geken word daarvan is afhanklik van ons geloof. Maar ons geloof is meteen afhanklik van die openbaring wat ons in die geloof ken. Ons skep dus nie die openbaring uit ons geloof nie. Op sy wyse kry ons dit by Jaspers ook terug: die aankondigings van die Transendente kan alleen deur die eksistensiële geloof verneem word.

Vir ons neem God met sy Woordopenbaring die inisiatief. Dit is 'n Woordopenbaring wat direk persoonlik deur God tot die mens gerig word. Dit verwerp Jaspers. Al het die skeppingsopenbaring van God nie hierdie direk-persoonlike aanspraak met sy inisiatief nie, vir ons spreek God tog ook deur die skeppingsopenbaring tot ons. Omdat Jaspers die Woordopenbaring verwerp en worstel met wat alleen uit die skeppingsopenbaring aan die mens geskenk is, kan hy die inisiatief

van God nie na behore raaksien nie. Ook omdat hy die skeppingsopenbaring nie verstaan in die lig van God se Woordopenbaring nie.

Vir ons het die mens in sonde geval. Jaspers ken nie die skriftuurlike sondeval en daarom ook nie die verlossing nie. Weens die sondeval moet die mens nou die skeppingsopenbaring verkeerd verstaan. Al is hierdie openbaring onties duidelik en onvermydelik gegee. Daarom was 'n besondere openbaring noodsaaklik. Jaspers verwerp dit. Maar wat hou hy oor? Die inisiatief van God en daarom die verlossing in Jesus Christus uit genade, ken hy nie. Al waarvan hy uitgaan is die skeppingsopenbaring waarvan hy iets gegryp het, al het hy dit vervals tot Chiffer, aankondiging. En hy verneem hierdie skeppingsopenbaring deur sy religieuse geloof. Die laaste klem lê, vir hom, op die verantwoordelikheid van elke eksistensie vir sy eie geloof, vir sy eie transendering — al vereis dit ook die kommunikasie as voorwaarde. Elke eksistensie is op verskillende wyses beperk, gebind en moet misluk. Maar om eksistensie te wees en te transendeer is die aankondigings van die ene onbekende en onkenbare God noodsaaklik.

Ons het hier met 'n sekularisme (in sy derde fase) te doen. God word weer nodig gekry. Vandaar sy positiewe waardering vir die godsdiens, en die eiendomlike van die godsdiens : die betrokkenheid van die mens op die Transendente. Maar hierdie God is 'n gesekulariseerde God : 'n faktor, 'n waarde in hierdie wêreld en vir die mens. Hy bly die verborge God wat Hom slegs aankondig: en in hierdie aankondiging het hy 'n waarde vir die eksistensie. Maar hy is nie die God wat die inisiatief neem nie, wat Hom persoonlik, direk tot die mens rig nie. Vanweë Sy gesekulariseerde godsbeskouing kan God nie die werklike — teenwoordige God wees nie; is ook sy beswaar teen die kultus, byvoorbeeld die gebed verstaanbaar. Die gesekulariseerde godsbeskouing maak so 'n reële betrekking tot God onmoontlik.

Sy godsbeskouing bepaal ook sy openbaringsbeskouing. As eersgenoemde gesekulariseerd is dan moet laasgenoemde dit ook wees. Vir hom is daar geen Woordopenbaring van God wat ons van Sy liefde, Sy grood dade, Sy inisiatief vertel nie. Hy staan net voor die skeppingsopenbaring van God wat ook hy nie kan ontwyk nie. Hy verneem hierdie skeppingsopenbaring, maar noem dit aankondiging, Chiffer. Maar hy verneem niks van God se daadwerklike handele nie. Dit is Jaspers se gesekulariseerde openbaringsbeskouing. As God niks meer is as net 'n funksie en waarde, kan sy openbaring ook niks meer wees as net 'n aankondiging, 'n Chiffer.

As sy Gods- en openbaringbeskouing gesekulariseerd is, dan ook sy ge-

loofsbeskouing. In die christelike denke besit die geloof 'n transendentale grensfunksie waarmee 'n onmiddellike verhouding tot God gegee is. Deur hierdie onmiddellike verhouding word die fundamentele aard van die geloof in sekerheid gesoek; sekerheid wat bokant homself uitwys op grond van sy Woordopenbaring. Vir Jaspers besit die eksistensiële geloof ook 'n grensfunksie, maar kragtens sy gesekulariseerde openbaringsbeskouing gaan dit vir hom nie om sekerheid en kenne van die Transendente nie, maar om 'n "vernehmen", "innewerden" en "erfahren" wat dan ook nooit tot dogma en konfessie kan stol nie. Teenoor die onmiddellike verhouding tot die transendentale wortel van ons bestaan, hou die gesekulariseerde geloof van Jaspers niks meer in as die "vernehmen" van die Transendente nie. Deur die verwerping van die Woordopenbaring oorspan Jaspers die eksistensie as subjek: die inisiatief gaan, nie van God uit nie, maar van die mens : die mens besef dat daar iets bo hom is, hy kry 'n oor vir die spreke van die Transendente uit eie inisitaitef moet die mens nou transendeer. Maar hierdie eksistensiële soeke na God (in die skeppingsopenbaring) moet misluk omdat die skeppingsopenbaring onvoldoende is en die eksistensie God self nie kan bereik nie. Die Woordopenbaring is hiervoor nodig.

Jaspers se gesekulariseerde beskouings met betrekking tot God, openbaring en geloof bring mee dat sy godsdiensbeskouing ook gesekulariseerd is. Die onmiddellike verhouding tot God is 'n sine qua non van die ware godsdiens. Waar hierdie onmiddellike verhouding verval en waar God slegs "ervaar" of "verneem" kan word, beteken dit ook die verval van die ware godsdiens in 'n enger en ruimer sin. Dit word 'n gesekulariseerde godsdiens in diens van die mens. Weens die uitskakeling van die Woordopenbaring en die kontingente sekularistiese terugval op die skeppingsopenbaring en die waag van die eksistensiële geloof met sy "Scheitern", is uit die aard van die saak die diens van God nie moontlik nie. By Jaspers word godsdiens tot wysgerige geloof gereduseer wat geen diens van God kan wees nie.

LITERATUUR

Barrett, W.: Irrational man; A study in existential philosophy. London, Heineman, 1960.

Bavinck, H.: Christelijke Wêreldbeschouwing. Kampen, J.H. Bos, 1904.

Bavinck, H.: Gereformeerde Dogmatiek. (Vier dele), Kampen, J.H. Bos, 1906.

Beerling, R.F.: Crisis van den mensch; beschouwingen over de existentiephilosofie, Haarlem, Tjeenk Willink, 1938.

Beerling, R.F.: Moderne doodsproblematik. Een vergelijkende studie over Simmel, Heidegger en Jaspers, Delft, D.U.M. s.d.

Belzer, G.: Das Problem der Transzendenz in der Geschichte der neueren Philosophie. Amsterdam, Bigot, van Rossum, 1952.

Berkouwer, G.C.: De algemene openbaring, Kok, Kampen, 1951.

Berkouwer, G.C.: De mens het beeld Gods, Kok, Kampen, 1957.

Blackham, H.G.: Six existentialist thinkers. London, Routledge, 1952.

Bolkenstein, M.H.: Het ik-gij schema in de Niewere philosophie en theologie. Wageningen, Veenman, 1941.

Bollnow, O.F.: Existenzphilosophie, 3. erw. Aufl., Stuttgart, Kohlhammer, 1949.

Broeckaert, N.: Existentialisme. Antwerpen, N.V. Standaard Boekhandel, 1948.

Brunner, E.: Das Gebot und die Ordnungen, vierte Aufl. Zürich, Zwingli Verlag, 1939.

Brunner, E.: Die christliche Lehre von Gott. Dogmatik, Band 1, Zürich, 1946.

De Graaff, F.: Het schuldprobleem in de existentiephilosophie van Martin Heidegger, 's-Gravenhage, Boekencentrum, 1951.

Delfgaauw, B.: Beknopte geschiedenis der Wijsbegeerte. De hedendaagse Wijsbegeerte. Baarn, Het Wêreldvenster, 1952.

Delfgaauw, B.: Wat is existentialisme? Amsterdam, N.V. Noord-Hollandsche Uitgevers„ Mij., 1948.

Dooyeweerd, H.: A new critique of theoretical thought. Volume I-IV. Amsterdam, Paris, 1953-1958.

Dooyeweerd, H.: In the twilight of Western thought. Philadelphia, Presbyterian and Reformed Publishing Company, 1960.

Dooyeweerd, H.: Verkenningen in de wijsbegeerte, de sociologie en de rechtsgeschiedenis, Buijten & Schipperheijn, Amsterdam, 1962.

du Plessis, P.G.W.: Opskorting van die etiese? Die ontwerp van die etiese behore by M. Heidegger, K. Jaspers, J.P. Sartre en S. de Beauvoir, Potchefstroom, 1962.

Grene, M.: Dreadful freedom: a critique of existentialism. University of Chicago Press; 1948.

Haeflinger, O.: Wider den Existenzialismus, Kritische Betrachtungen, Bern, Francke, 1949.

Heineman, F.: Jenseits des Existentialismus, W. Kohlhammer Verlag, 1957.

Heineman , .: Existenzphilosophie : Lebendig oder tot? 2 Aufl., Stuttgart, Kohlhammer, 1954.

Hessen, J.: Existenzphilosophie, Basel, Thomas Morus, 1948.

Heyns, J.A.: Sterwende Christendom. 'n Teologie in die greep van die tydsgees. Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1969.

Hommes, J.: Zwiespältiges Dasein; die existenzeale Ontologie von Hegel bis Heidegger, Freiburg, 1953.

Honig, A.G.: Handboek van de Gereformeerde Dogmatiek. Kok, Kampen, 1938.

Jaspers, K.: Die Atombombe und die Zukunft des Menschen; politisches Bewusstsein in unser Zeit. München, R. Piper. 1958.

Jaspers, K.: Einführung in die Philosophie. Zürich Artemis-Verlag, 1950.

Jaspers, K.: Der philosophische Glaube, München, Piper, 1954.

Jaspers, K.: Die geistige Situation der Zeit, 2. Unveränderte Abdr. der im sommer 1932 bearb. 5. Aufl., Berlin, De Gruyter, 1949.

Jaspers, K.: Philosophie und Welt; Reden und Aufsätze, München, Piper, 1958.

Jaspers, K.: Philosophie, 2. Unveränderte Aufl., Berlin, Springer-Verlag, 1948.

Jaspers, K.: Vernunft und Existenz, Bremen, Storm, 1949.

Jaspers, K.: Rechenschaft und Ausblick. München, Piper, 1951.

Jaspers, K.: Von der Wahrheit, München, Piper, 1947.

Jaspers, K.: Vernunft und Widervernunft in unser Zeit, München, Piper, 1952.

Jaspers, K.: Die grossen Philosophen 1. Band, München, Piper, 1957.

Knittermeyer, H.: Die Philosophie der Existenz, von der Renaissance bis zur Gegenwart. Wien-Stuttgart, 1952.

Knudsen, R.D.: The idea of Transcendence in the philosophy of Karl Jaspers, Kampen, Kok, 1958.

Kohnstamm, .: Mensch en wereld. Amsterdam, Scheltema en Holkema, 1947.

Kränzlin, G.: Existenzphilosophie und Panhumanisme. Schlehdorf am Kochelsee, Brunnen-Verlag, 1950.

Krüger, G.: Abendländische Humanität, Stuttgart, W. Kohlhammer, 1953.

Lehmann, K.: Der Tod bei Heidegger und Jaspers. Heidelberg, Comtesse, 1938.

Lichtigfeld, A.: Jaspers Metaphysics. London, Colibri, 1954.

Marcel, G.: The philosophy of existence; transl. by M. Haran, New York, Philosophical Library, 1949.

Mekkes, J.P.A.: Scheppingsopenbaring en Wijsbegeerte, Kampen, Kok, 1961.

Mekkes, J.P.A.: Teken en motief der Creatuur, Buiten & Schipperheijn, Amsterdam, 1965.

Mounier, E.: Existentialist philosophies, London, Rockliff, 1948.

Mühlethaler, J.: Existenz und Transzendenz in der gegenwärtigen Philosophie. Basel, Helbing & Lichtenbahn, 1958.

Müller, M.: Exiztenzphilosophie im geistigen Leben der Gegenwart, Heidelberg, Kerle, 1949.

Offener Horizont; Festschrift für Karl Jaspers, München, Piper, 1953.

Pederson, O.: Van Kierkegaard tot Sartre, vertaald door J. Winkler, Amsterdam, Het wereldvenster, 1951.

Pfeiffer, J.: Existenzphilosophie, eine Einführung in Heidegger und Jaspers, 2. Verb. Aufl., Hamburg, Meiner, 1949.

Popma, K.J.: Inleiding in de Wijsbegeerge, Kampen, Kok, 1956.

Popma, K.J.: Einige Bemerkungen Zum Grundmotiv von Natur und Freiheit im Werk Camus, Jaspers und Freuds in Philosophy and Christianity, Philosophical essays Dedicated to Professor Dr. Herman Dooyeweerd, Kok, Kampen, 1965.

Redeker, H.: Existentialism; een doortocht door philosophisch front-gebied. Amsterdam, De Besige Bij, 1949.

Rintelen, F.J. von: Philosophie der Endlichkeit als Spiegel der Gegenwart, Meisenheim, Anton Hain, 1951.

Robbers, H.: Het existentialisme. Den Bosch, Geert Groote, s.d.

Sperna Weiland, J.: Philosophy of Existence and Christianity. Van Gorcum & Comp. Assen.

Spier, J.M.: Calvinisme en existentie-philosophie. Kampen, Kok, 1951.

Spier, J.M.: Filosofie van de onbekende God; een kritische schets van het het denken van Karl Jaspers. Kampen, Kok, 1956.

Spier, J.M.: Van Thales tot Sartre. Kampen, Kok, 1959.

Spier, J.M.: Tijd en Eeuwigheid, Kok, Kampen, 1953.

Stoker, H.J.: Beginsels en Metodes in die Wetenskap, Potchefstroom, Pro Rege Pers, 1961.

Stoker, H.G.: God en Wêreld, art. in Koers, 1937.

Stoker, H.G.: Die kosmiese Dimensie van gebeurtenisse, Oordruk uit Philosophia Reformate, Nr. 1-2, 29ste Jaargang, 1964.

Taljaard, J.A.L.: Kursus in Lewens- en Wêreldbeskouingsleer en menslike samelewingsverbande, Pro Rege Pers, Potchefstroom, 1963.

Van Peursen, C.A.: Korte inleiding in die existentie-philosophie, 3de Druk, Amsterdam, Paris, 1951.

Van Peursen, C.A.: Riskante philosophie, een karaktertrek van het heden-daagse existentiële denke. 2de Druk, Amsterdam, Paris, 1955.

Van Riessen, H.: Filosofie en techniek, Kampen, Kok, 1949.

Van Riessen, H.: Op Wijsgerige Wegen. Wageningen, Zomer & Keunings, 1958.

Venter, E.A.: Die ontwikkeling van die westerse denke. Bloemfontein, Sacum, 1955.

Vollenhoven, D.H.Th.: Het Calvinisme en de reformatie van de Wijsbegeerte. Amsterdam, Paris MCMXXXIII.

Wahl, J.: A short history of existentialism. Tr. by F. Williams en S. Maron. New York, Philosophical Library, 1949.

Wassink, B.K.: Credo quia absurdum? Het belang van de existentie-philosophie voor de eristische teologie. Assen, Van Gorcum, 1949.

Zuidema, S.U.: De Mensch als historie. Franeker, Wever, 1948.

Zuidema, S.U., e.a.: Denkers van deze tijd II. Franeker, Wever, s.d.

Zuidema, S.U.: Karakter van de moderne Existentiephilosophie. Publicaties van de Reunisten-Organisatie van N.D.D.D. No. 18, s.d.

Zuidema, S.U. Existentialistic Communication, art. in Christian Perspectives, 1961.

Getik en litografies gereproduseer deur:

Hennie's Sekretariële Dienste (Edms.) Bpk.,
Vigilansgebou 120,
Pretoriusstraat,
PRETORIA.